PRYS- EN PRODUKSIEBEHEER IN DIE WYNBOU VAN SUID-AFRIKA.

---

deur

H. C. SWART, B.S.c. (Agric.)

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike voldoening aan die eise vir die graad M.Sc. (Agric.) aan die Universiteit van Stellenbosch.

JUNIE 1944.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1.	Inleiding	1
2.	Die Verband tussen Prys en Produksiekoste	4
3.	Die outomatiese Prysmeganisme werk onbevredigend	15
4.	Direkte Prysvasstelling	21
5.	Produksiekoste as 'n Basis van Prysvasstelling .	28
6.	Aanleidende Faktore tot Prysbeheer in die Wynbedryf van Suid-Afrika	35
7.	Prysbeheer onder die Kontrole Wet van 1924 . .	46
8.	Die Toestand in die Wynbedryf tussen 1924 en 1940	55
9.	Beheer onder Wet No. 23 van 1940	78
10.	Die Wenslikheid van Produksiebeheer in die Wynbou van Suid-Afrika	84
11.	Kritiek op die Skema vir die Beperking van Produksie van Alkohol	93
12.	Die Metode van Produksiebeheer van Alkohol wat gevolg behoort te word	103
13.	Produksiebeheer onder die Franse Wet van Julie 1931	114
14.	Beginsels waaraan die Prysbeleid van die K.W.V. behoort te voldoen	119
15	Slotbeskouings	127
Bibliografie	... .	130.

--oooOooo--

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1. INLEIDING.

Gedurende die afgelope twee dekades, terwyl die wêreld die ekonomiese terugslag van die Eerste Wêreld-Oorlog in sy volle felheid beleef het, het prysbeheer in verskeie lande meer en meer op die voorgrond getree. Die feit dat na prysbeheer so gretiglik gegryp word, selfs wanneer demokratiese lande in 'n ekonomiese wurggreep worstel, wys op die feit dat prysbeheer beskou is as 'n noodhulpmaatreël. Hoe ernstiger die ekonomiese nood, hoe meer algemeen is prysbeheer.

Die idee van prysbeheer is nie heeltemal 'n nuwe nie -- alleenlik nuut ten opsigte van die feit dat aan die ekonomiese gronde wat dit regverdig meer prominensie verleen word en daar met meer ywer gesoek word na die moontlike nadele wat dit inhou en dan middels om die nadele te bekamp, aan die hand gedoen word -- maar in die Middeleeue reeds is dit toegepas toe die begrip van 'n "billike Prys" veral op die voorgrond was. Die Romeine het uitgegaan van die standpunt dat pryse 'n afsonderlike bestaan het, onafhanklik van die faktore wat vandag erken word om pryse te bepaal en het pryse direk vasgestel op so 'n hoogte as wat destyds as regverdig en billik beskou is. "Beginning from the principle of absolute non-intervention in the negotiation of the price by the two parties to a transaction, Roman Law completed its evolution towards the close of the Empire, with legislation which restricted freedom of exchange very severely and sought to fix the price of every kind of commodity in accordance with standards regarded as objectively just". (1) Sedert die Eerste Wêreld-Oorlog is meer oorgegaan tot indirekte prysvasstelling, waarin die komponente van die meganisme wat pryse bepaal, wel deeglik in aanmerking geneem is.

Omdat geen prysbeheerskema, wat op hierdie beredeneerde grondslae rus, vandag of ooit lank genoeg en met soveel vaardigheid as moontlik toegepas is nie, bly dit nog maar 'n onderwerp van teoretiese spekulasie. Die wetenskaplike metode kan nog nie gevolg word nie, en wel omdat die teorie nog nie ten volle aan die praktiese resultate getoets kan word nie. Intussen duur die stryd voort tussen die

(1) R. Kaulla: Theory of the Just Price, P 22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die meer behoudende ekonome, wat 'n beleid van laissez-faire voorstaan en die modernisties gesindes, wat planbeheer verkondig.

Al was daar ook prysbeheerskemas, wat die toets van die tye deurstaan het, dan kan heirdie proefnemings nie sonder sorgvuldige oorweging nageboots word nie. Daar moet altyd onthou word dat, wat geld in die geval van een produk, nie noodwendig vir alle produkte geldig is nie -- die indiwidualiteit van produkte moet altyd in aanmerking geneem word. Die noodsaaklikheid hiervan blyk baie duidelik as die produk, waaroor die verhandeling gaan nl. die alkoholiese produkte van die wingerdstok, nagegaan word:-

(a) Dit is 'n weelde produk;

(b) Kwaliteit is van besondere belang;

(c) Dit is afkomstig van 'n gevestigde kultuur.

Telkens sal in die verhandeling daarop gewys word hoe hierdie drie faktore van besondere belang is, en die beleid, wat gevolg behoort te word, beïnvloed. Omdat die indiwidualiteit van die produk van besondere belang is, moet baie versigtig gehandel word met algemene afleidings van skemas wat in die verlede uitgevoer is met ander produkte, Selfs kan skemas wat toegepas is op dieselfde produk in ander lande, nie ongewysig oorgeneem word nie, want die omstandighede wat eie aan 'n besondere land is, moet altyd in aanmerking geneem word. Gevolglik moet die geldigheid van algemene afleidings in verband met prys- en produksiebeheerskemas, altyd getoets word aan die omstandighede wat heers in die geval van die spesifieke produk onder bespreking. Die noodsaaklikheid hiervan sal duidelik op die voorgrond gebring word as die skema van produksiebeperking, wat in Frankryk in swang is, bespreek word.

Die feit dat prysbeheer ingeroep word as redmiddel by produkte met uiteenlopende geaardhede en onder verskillende omstandighede, wys daarop dat daar tog grondliggende beginsels, wat van algemene toepassing is, moet bestaan. Gevolglik sal 'n groot gedeelte van die bespreking gewy word aan daardie fundamentele beginsels en daar sal veral gepoog word om 'n duidelike begrip betreffende die probleem van prysbeheer en wat dit alles behels (sover dit oorproduksie raak), op te bou. Veral word baie aandag gegee aan die moontlike gevolge

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en gevare wat prysvasstelling inhou en hoe om daardie gevare te vermy of tot 'n minimum te beperk. Slegs wanneer die probleem in sy geheel gesien word, kan 'n wyse beleid bevolg word.

Teen die agtergrond van die teoretiese bespreking van prys- en produksiebeheer en die omstandighede wat geld in die geval van die produk onder bespreking, sal die beleid wat tot dusver gevolg is, uiteengesit word; terwyl die gevolge, wat reeds waarneembaar is en ander wat later mag opduik, bespreek sal word. Verder sal daar 'n poging aangewend word om die raamwerk van 'n beleid daar te stel, wat die bedryf op 'n gesonder ekonomiese basis mag plaas en vir die toekoms meer beveilig.

Prysbeheer in die wynbedryf behoort interessant te wees, selfs vir persone wat nie dinek verbonde is aan die produksie nie, omdat dit een van die oudste prybeheerskemas in Suid-Afrika is, dit toegepas word deur 'n produsente-koöperasie en dit die eerste bedryf in Suid-Afrika is waar so streng beheer uitgeoefen word op produksie. Omdat die toekoms van so baie wynboere daarmee gemoeid is, verg ingrypende skemas, waaraan daar gevare van rampspoedige aard verbonde is, studie sodat die probleem wetenskaplik benader kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2.

DIE VERBAND TUSSEN PRYS EN PRODUKSIEKOSTE.

Om die verband tussen prys en produksiekoste aan te toon is dit nodig om na te gaan hoe pryse tot stand kom onder toestande van vrye mededinging. Vir hierdie doel is dit nodig om in die waardeleer te delf want prys is niks anders as 'n waarde-maatstaf nie -- waarde word in terme van prys uitgedruk.

Die geskiedenis vol van mislukte pogings om 'n deurtastende teorie van waarde op te bou. Tot betreklik onlangs was dit een van die onopgeloste probleme wat soos 'n erfdeel van een geslag na 'n ander oorgedra is. Onophoudelik is gesoek na die faktore wat die waarde van 'n artikel bepaal en op die lang lys van ekonome wat hulle met die vraagstuk besig gehou het, verskyn name soos Turgot, Galianik Condillae, Adam Smith, Ricardo, Mill en Karl Marx.

Volgens die meerderheid van hul teorieëword koste van produksie of 'n pos daarvan (soos arbeid) beskou as die bepaler van waarde. Say, MacLead en baie ander alombekende of minder bekende skrywers het van tyd tot tyd aanvalle gerig op hierdie koste-teorie deur aan te dring daarop dat goedere wat nie nuttig is nie, geen waarde het nie hoe hoog die produksiekoste ook al mag wees. Hierdeur is ook nie baie nader aan die oplossing van die probleem gekom nie.

Die teorie van grensnut het nuwe lig op die saak gewerp. Volgens hierdie teorie tree waarde te voorskyn uit die nut van goedere, maar nie van abstrakte gedurig-wisselende nuttigheid wat nie presies bepaal kan word nie, maar van daardie nuttige gebruik wat in 'n definitiewe konkrete geval afhanklik is van die beheer oor daardie bepaalde goed. Van al die moontlike nuttige gebruike waarvoor goedere aangewend kan word is dit nie die mees maar die mins belangrike waarvan 'n rasionele wese eerste sal afsien en gevolglik is dit die kleinste nuttigheid waarvoor 'n produk onder bepaalde toestande aangewend word (nie aangewend kon word nie) wat die werklike nut van die goed vir daardie persoon, bepaal. Dit word die grensnut genoem.

Vir gelyksoortige goedere op dieselfde mark op dieselfde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydstip heers dieselfde prys. Die waarde, en d erhalwe die prys van 'n produk word gemeet deur die belangrikheid van daardie konkrete behoefte wat die minste dringend is onder die behoeftes wat bevredig word. Dit is nie die grootste nut, die gemiddelde nut of ook nie die kleinste denkbare nut maar die grensnut onder gegewe toestande wat die prys bepaal. Jevons noem dit die laaste of finale nut ("Last or final utility"); Wieser noem dit grensnut (Marginal utility") d.w.s. op die grens van ekonomiese aanwending of gebruik. Hiervan word die groot formule afgelei dat die waarde van 'n hoeveelheid gelyksoortige goedere gelyk is aan die waarde van die goed wat die grensnut het, vermenigvuldig met die aantal goedere. Hoe meer volop die goedere is, hoe laer sal die grensnut wees en dus die totale waarde asook die indiwiduele waarde van die goedere. (Prys is, of kan beskou word as grensnut uitgedruk in terme van geld). Dit verklaar waarom, as die aanvraag konstant bly, die waarde van goedere daal namate die aanbod op die mark toeneem en verskaf ook die verklaring vir die ou paradoks van waarde. As enige voorwerp in sulke hoeveelhede aanwesig is dat in alle moontlike behoeftes vir daardie voorwerp, voorsien word en nog 'n surplus lewer, dan sal die grensnut daarvan niks wees en die waarde van die hele voorraad ook niks nie. Dit verklaar ook waarom diamante hoë waarde in vergelyking met, sê, brood het. Diamante is nooit in sulke hoeveelhede aanwesig om meer as slegs 'n geringe gedeelte van die vraag tegenoet te kom nie en gevolglik is die grensnut hoog. Brood daarenteen, en gelukkig dat dit so is, bestaan in groot voorrade terwyl die aanvraag relatief beperk is.

Die vraag ontstaan: wat bepaal die hoogte van die grensnut by 'n vasgestelde aanbod? Die antwoord hierop is: die verband wat daar bestaan tussen die mense se vermoë en hulle behoeftes. As hulle vermoë groot is en hulle behoeftes vir die bepaalde goedere ook, sal die grensnut hoog wees en andersom. Die prys wat 'n koper gewillig is om te betaal vir 'n artikel verteenwoordig nie in die minste die absolute behoeftebevrediging wat die koper verwag om uit daardie artikel te verkry nie. Die subjektiewe waarde van 'n goederesoort hang af van die behoefte se afhanklik-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heid word bepaal deur twee faktore:

(a) die mate van behoeftebevrediging wat die artikel verskaf

(b) die koopkrag of geldelike vermoë van die koper.

Omdat die prys wat die verbruiker gereed is om te betaal deels afhang van sy geldelike vermoë, volg dit dat al word 'n behoefte deur twee persone in dieselfde mate van intensiteit gevoel, sal die een wat 'n hoër inkomste het, 'n hoër prys vir produkte kan bybring. Sulke persone sal ook in staat wees om meer van 'n bepaalde produk te verbruik. Daardeur word die grensnut relatief hoog gestel en gevolglik die prys. Dit is om hierdie rede dat die arm man se lot onbenydenswaardig is.

Verder, omdat grensnut in die vorm van prys uitgedruk, tot 'n baie groot mate afhanklik is van die finansiële vermoë van die verbruiker, is dit begryplik dat die pryshoogte en die gemiddelde finansiële vermoë van die bevolking 'n noue korrelasie sal toon. Dit is ook die geval in die praktiese lewe en in volkome ooreenstemming met die kwantiteitsteorie van geld, wat verklaar waarom pryse styg as geld volop is en/of goedere skaars, en andersom. Die grensnut-teorie verskaf 'n basis waarop die koste-teorie finaal aan die kaak gestel kan word. Volgens die koste-teorie is die waarde van die produksiekoste-poste gelyk aan die waarde van die produk. Dit word noodsaaklik om na te gaan wat die waarde van die produksiekoste-poste bepaale en by nadere ondersoek sal gevind word dat laasgenoemde ook deur grensnut bepaal word. Jevons het vir die eerste keer met hierdie stelling voor die dag gekom. Dit is in stryd met die klassieke teorie deur Adam Smith ontwerp. Terwyl laasgenoemde neerlê dat waarde bepaal word deur produksiekoste, stel Jevons daarteenoor dat waarde geheel en al van nut afhang. Dit bring ons by die Oostenrykse Skool waar Wieser en Böhm-Bawerk uitstaande is. Hulle huldig die mening dat koste nie optree as oorspronklike en inuiteindelike beslisser van waarde nie, maar dat waardeverskynsels die heerskappy van nut gehoorsaam.

Aan die ander uiterste kant word die bekende Deense ekonoom, Scharling, aangetref. Hy wil koste (onder die opskrif: "difficulties of attainment") verhef tot die alleenheerser in die ryk van waarde. Baie na aan Scharling word die Amerikaanse denker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

J.B. Clark aangetref. Hy beskou koste ook as die uiteindelike waarde-maatstaf ("standard of value") maar verskaf daaraan 'n effens ander strekking as Scharling. Volgens hom is die finale en beslissende faktor die hoeveelheid persoonlike vermoeienis wat die arbeider moet verduur deur die laaste en mees vermoeiende vermeerdering van sy dag se taak. In die middel langs word sekere skrywers aangetref soos Dietzel, wat voorstaanders is van 'n effens gewysigde klassieke teorie. Hy verdeel die terrein van waarde so dat die waarde van monopolie goedere bepaal word deur nut, terwyl die waarde van vry-vermeerderbare goedere deur koste bepaal word.

Prof. Marshall van Cambridge en Prof. Edgeworth (Oxford) het verkies om nie tussen produksiekoste en nut te kies nie. Alhoewel hulle meer oorhel na die nut-teorie, verwerp hulle ook nie geheel-en-al die koste-teorie nie, maar volg 'n middelweg. Hulle glo dat monopolie goedere se waarde alleen deur nut bepaal word. In die geval van vry-vermeerderbare goedere word die vraag deur nut bepaal en die aanbod deur koste en aangesien prys tot stand kom deur die interwerking van vraag en aanbod, kan daar nie definitief gesê word dat nut of koste waarde bepaal nie. Wat meer waarskynlik is, is dat nut en koste met mekaar koöpereer in die bepaling van prys soos (om Marshall se vergelyking te gebruik) die twee lemme van 'n sker.

Die produksiegoedere wat die produksiekoste van 'n bepaalde produk uitmaak, het ook tot stand gekom deur die samewerking of samevoeging van ander produksiegoedere en hierdie produksiegoedere is weer op hul beurt van ander meer oorspronklike produksiegoedere afkomstig. Die logiese uitbouing van hierdie redenasie vereenvoudig die lys van historiese produksie-opofferings tot arbeid en waardevolle oorspronklike kragte. Die vraag wat nou voorop gestel word is: wat bepaal die waarde van arbeid en die natuurlike kragte? Slegs arbeid sal hier bespreek word. Die bespreking geld ook vir natuurlike kragte.

In verband met die waarde van arbeid beweer Marshall "that in the case of every agent of production there is a constant tendency

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

towards a position of normal equilibruim, in which the supply of each of these agents shall stand in such a relation to the demand for its services, as to give those who have provided the supply a sufficient reward for their efforts and sacrifices. If the economic conditions of the country remain stationary sufficiently long this tendency would realize itself in such an adjustment of supply to demand, that both machines and human beings would earn generally an amount that corresponds fairly with their cost of production"(2)

As Marshall daardeur bedoel dat die absolute loonhoogte uiteindelik deur afmatting en vermoeienis bepaal word of deur die koste van produksie van mense, dan kan Marshall se mening nie onderskryf word nie. Afmatting en loonhoogte sal ooreenstem as die arbeider die vryheid het om te werk so lank as wat hy wil. Aangesien hierdie laaste bepaling geldig is slegs in baie geringe gevalle, moet hierdie teorie verwerp word aangesien dit nie van algemene toepassing is nie. Ten opsigte van die bewering dat loonhoogte op die lang duur ooreenstem met die koste van produksie van mense, kan twee besware ingebring word:

(a) Die ondervinding bewys dit nie en dit is algemeen bekend dat die inkomste van mense permanent die koste vir die instandhouding van lewe, kan oorskry en as die verskil tussen loonhoogte en koste van instandhouding verdwyn, dan moet dit toegeskryf word aan die feit dat die lewensstandaard verhoog het deurdat wat voorheen as 'n gerief en weeldeartikel beskou is, dan 'n noodsaaklikheid geword het. In sulke gevalle is dit eerder loonhoogte wat koste van instandhouding bepaal as andersom

(b) Dit is 'n sirkel redenasie, want volgens die redenasie word die pryse van goedere deur loonhoogte bepaal terwyl die loonhoogte weer afhang van die middele wat gebruik word om die arbeider aan die lewe te hou d.w.s. sulke goedere soos voedsel, klere ens.

Marshall het, egter, ook 'n ander teorie om die waarde van arbeid te verklaar: "Free competition tends in the direction of making each man's wages equal to the net product of his own labour;

---

(2) The ultimate Standard of Value by Böhm-Bawerk P.34.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by which is meant, the value of the produce which he takes part in producing, after deducting all the other expences of producing it". Verder: "The wages of every class of labour tends to equal to the net produce due to the additional labour of the marginal labourer of that class".(3) Die waarde van die produk van die laaste of grensarbeider bepaal dus die arbeidsloon van die betrokke arbeidsgroep.

Veronderstel daar is A, B, C .... Z produksierigtings waarvan die som die totale aantal produksierigtings op 'n bepaalde tydstip uitmaak d.w.s. daar is A, B, C .... Z moontlike produkte. Vir elke produk kan die bevolking in verskillende lae ingedeel word volgens die prys wat hulle bereid en in staat is om vir daardie produk te betaal. Veronderstel verder dat die produkte A, B, C ... Z in sodanige eenhede verkoop kan word sodat in al die eenhede d.w.s. die eenhede van A, die eenhede van B ens., dieselfde hoeveelheid arbeid vervat is. Die oppervlakte v n die volgende sirkels sal die bevolkingslae voorstel wat bereid is om die verskillende produkte teen bepaalde pryse te koop -- in elke produk is dieselfde hoeveelheid arbeid beliggaam.



Die oppervlakte van die kleinste sirkel van A, verteenwoordig die bevolkingslaag wat die produk A teen 10/- per eenheid sal koop. Die oppervlakte wat omgrens word deur die omtrek van die grootste sirkel van A verteenwoordig die bevolkingslaag wat die produk A teen 9/- per eenheid sal koop. (Die wat bereid is om die produk teen 10/- te koop, sal ook bereid wees om die produk teen 9/- te koop) Dieselfde verduideliking geld vir B, C ... Z, met die bevolkingslae is bereid om ander pryse vir die ander produkte te betaal waaraan net soveel arbeid bestee is soos in die eenhede van produk A. Die totale oppervlakte van al die sirkels verteenwoordig saam die totale

(3) Böhm-Bawerk: The Ultimate Standard of Value, P. 33 en 34

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

potensiële vraag vir al die moontlike produkte. Hierdie totale potensiële vraag is feitlik onbeperk terwyl die produkte in vergelyking daarmee relatief beperk is, omdat arbeid beperk is. In soverre as wat arbeid vloeibaar is, kan arbeidskragte aangewend word in al die verskillende rigtings A, B, C ... Z.

Neem aan dat in die geval van die produk A daar net soveel eenhede produseer word om die vraag van die bevolkingslaag wat bereid is om 10/- per eenheid te betaal, tegemoet te kom. Dan sal diegene wat bereid is om 9/- te betaal sonder die produk moet bly. Veronderstel nou meer arbeiders was betrokke in die produksie van die produk A, totdat aan die vraag van die laag wat bereid was om 9/- te betaal voldoen is. Nou sal die prys v n 'n eenheid van die produk A 9/- wees. Dit is dus die waarde van die produk van die laaste groep arbeiders d.w.s. die grensgroep arbeiders wat die prys van die produk bepaal, want hulle het aan daardie produk 'n laer grensnut gegee. By fynere ontleding kan gesê word dit is die produk van die laaste of grensarbeider wat die prys van die produk bepaal. Dieselfde geld vir die produk B, C .. Z.

As gevolg van die feit dat arbeid vloeibaar is, kan die arbeid betrokke in die produksie van A ook in die produksierigtings B, C .. z gebruik word. Laat die totale eenhede van die produkte van arbeid sodanig wees dat die grensnut wat daardeur geskep word 5/- is, d.w.s. sodanig dat die totale produksie aan alle persone wat bereid en in staat is om 5/- en meer per eenheid te betaal genoegsaam verskaf. Dan sal alle eenhede van produkte van A, B, C .. Z waaraan dieselfde hoeveelheid arbeid bestee is, dieselfde prys afdwing. Onthou dat hier die alombekende beginsel geld dat op een mark op dieselfde tyd een prys vir dieselfde produk heers. Alhoewel hier nie te doen is met dieselfde produk nie, is te doen met eenhede van produkte wat dieselfde hoeveelhede produktiewe krag -- vereenvoudig tot arbeid -- bevat en as sulke eenhede, nie dieselfde prys afdwing nie sal verskuiwings van produktiewe krag voorkom wat die aanbod sal vermeerder of verminder; die gevolg hiervan sal weer prysaanpassing wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is die grensnut van die hele produksievolume wat die pryshoogte bepaal en die grensnut hang af van die produk van die laaste of grensarbeider. Hoe meer arbeiders gebruik word op 'n bepaalde tydsiip (terwyl die produksietegniek dieselfde bly) hoe laer sal die grensnut in terme van prys uitgedruk, wees as die behoefte van die mensdom en ook die hoeveelheid geld tot hulle beskikking, dieselfde bly. Gevolglik is Marshall se stelling waar: die waarde van die produk van die laaste of grensarbeider bepaal die arbeidsloon van die betrokke arbeidsgroep.

Daar sal onthou word dat die redenasie gebaseer is op die feit dat arbeidskrag vloeibaar is d.w.s. in alle rigtings aangewend kan word -- iets wat nie heeltemal waar is nie. Behalwe die feit dat arbeidskrag nie in alle rigtings aangewend kan word nie, is daar ander wat aangewend kan word maar wat nie geheel-en-al deur ekonomiese wette beheers word nie. Arbeid is, b.v. a.a. nie absoluut vloeibaar nie omdat die mens deur sentiment, soos nasionalisme, ook deels beheers word.

In hierdie verband raak dit nou noodsaaklik om te verwys na die "waardevolle natuurlike kragte" wat intussen agterweë gebly het en wat saam met arbeid, die twee primêre produktiewe kragte uitmaak. Net soos arbeid kan hierdie natuurlike kragte nie in alle rigtings met ewe groot sukses aangewend word nie m.a.w. is nie volmaak vloeibaar nie -- 'n sekere stuk grond b.v. kan nie in alle rigtings aangewend word nie; so ook met ander kragte.

Die volgende gewysigde stelling kan nou neergelê word: Dit is grensnut van die produksievolume waarin gelyksoortige produktiewe krag beliggaam is, wat die pryshoogte van daardie betrokke produkte bepaal en die grensnut hang af van die produk van die laaste eenheid produktiewe krag wat aangewend is.

Dit behoort nou duidelik te wees waarom die volgende stelling geldigheid besit: die prys van een produk bepaal nie die produksiekoste van 'n bepaalde produk nie -- dat produksiekoste van 'n bepaalde produk nie die prys van daardie produk bepaal nie, behoort na hierdie uiteensetting 'n aksioma te wees. As produktiewe krag geheel-en-al vloeibaar was, dan sou die produksiekoste van die produk A deur die prys van A beïnvloed word slegs in die mate as die verhouding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen die produktiewe krag vervat in die totale produksie van A tot die produktiewe krag vervat in die totale produksie van alle produkte. Maar produkteiwe krag is nie volmaak vloeibaar nie; derhalwe word die produksiekoste van 'n bepaalde produk deur die prys van daardie produk tot 'n groter mate beïnbloed. Gevolglik sal die volgende stelling juister wees: die produksiekoste van die produk A word deur die prys van A beïnbloed slegs in die mate as die verhouding tussen die produktiewe krag vervat in die totale produksie van A tot die produktiewe krag vervat in die totale produksie van alle produkte waarin gelyksoortige produktiewe krag, soos beliggaam in A, opgeneem is. Die mate van vloeibaarheid van produktiewe krag het dus 'n uitwerking op die invloed wat die prys van A het op die produksiekoste van A. As gevolg van die groot vloeibaarheid van produktiewe krag, is 'n aansienlike prysdaling in die produksiekoste van A dus alleen moontlik as 'n taamlike algemene prysdaling plaasvind, tensy produksietegniek verbeter.

'n Verdere belangrike beperking wat bygevoeg moet word, spruit uit die feit dat die algemene beginsel nl. dat een prys heers op dieselfde mark op dieselfde tydstip vir dieselfde produk, toegepas is. Hierdie beginsel is waar in die volgende geval van enige goeie mark, maar hier is deels verkeerde gebruik van gemaak. Die bepaling "op een mark" geld nie vandag nie want baie min produkte kan vandag op 'n wêreldmark geplaas word deur die beperkings wat op iner internasionale handel gelê word. Maar binne 'n nasionale moondheid geld die beginsel feitlik geheel-en-al. Ook is produktiewe krag binne dieselfde moontheid tot 'n baie groot mate vloeibaar.

Uit die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat produksiekoste nie prys bepaal nie; inteendeel, op die wyse soos uiteengesit, bepaal prys produksiekoste. Dit is die pryse van alle tipes produkte en slegs in 'n baie geringe mate die prys van 'n bepaalde produk, wat die produksiekoste van daardie produk bepaal -- dit is die prys van alle tipes produkte waarin gelyksoortige produktiewe krag vervat is, wat die produksiekoste van een van daardie tipes produkte bepaal.

Dat die neiging wel bestaan om produksiekoste aan te gaan wat die prys toelaat, blyk uit die feit dat as 'n produk 'n hoë heersende markprys het, grondpryse ook hoog is en andersom. Hoë kapitalisasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van plase is bv. vry algemeen gedurende voorspoed periodes -- omgelukkig word dan gesukkel met oorkapitalisasie gedurende swak jare. Omdat die boer meesal te doen het produktiewe krag wat in verskillende rigtings aangewend kan word, soos arbeid, kapitaal en grond, kan hy uiters min doen om sy produksiekoste te verminder as daar 'n prysdaling plaasvind van daardie produk wat hy produseer tensy die boer sy produksietegniek kan opknap. Maar al is dit ook 'n algemene prysdaling kan die boer nie aansienlik gou sy produksiekoste verminder nie, want arbeidsloon, kapitaalrente en grondrente sloer agter pryse aan en soms is die sloering aansienlik.

Tot dusver is die verband tussen produksiekoste en prys oor 'n lang reeks van jare gesien, want daar is toelating gemaak vir die vloein van produktiewe krag, iets wat tyd vereis -- aanpassing verg altyd tyd. Maar die vraag ontstaan: wat is die verband tussen produksiekoste en prys oor betreklike kort periodes? In hierdie geval is daar 'n paar faktore wat nie uit die oog verloor mag word nie. Eerstens, produksiekoste kom voor prys in kronologiese volgorde, want die produk moet eers daargestel wees eer dit verkoop kan word. Tweedens, die produksiekoste sal afhang van die pryse (van ander produkte asook van die prys van die spesifieke produk) wat geheers het voordat die produksiekoste aangegaan is. Die aard van die produk is in hierdie verband ook van besondere belang, want hoe langer die produksieperiode, hoe groter kan die verskil wees tussen die pryse wwat aanleiding gegee het tot produksie en die weklike prys wat die produk na produksie ondervind. Dit is duidilik dat die prys van 'n bepaalde produk nie in die minste die produksiekoste van daardie spesifieke produk kan beïnvloed nie, tensy die produsent die prys, wat die produk sou afdwing, vooruit geskat het, en produksiekoste (in die mate waartoe produksiekoste sig daartoe verleen) daarvolgens aangegaan het.

Hieruit word gesien dat produksiekoste wel deeglik 'n vraagstuk is vir die produsent, want om te bly voortbestaan moet die prys van sy produk ooreenkom met die produksiekoste wat hy reeds aangegaan het. Die subjektiewe teorie van waarde word geheel-en-al aanvaar maar tog word die belangrikheid van produksiekoste in die prys wat 'n produk behaal, beklemtoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die prys wat vir 'n produk betaal word is dus om twee redes, sover dit betrekking het op produksiekoste, van besondere belang:-

(a) Om ondergang van die produsent te voorkom, moet die prys, wat vir die produk betaal word, tenminste produksiekoste dek oor 'n tydperk van jare.

(b) Die prys , wat vir 'n produk betaal word, het op die lang duur 'n invloed op die produksiekoste daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3.

DIE OUTOMATIESE PRYSMEGANISME WERK ONBEVREDIGEND.

Die outomatiese prysmeganisme veronderstel 'n toestand van vrye mededinging en bestaan uit drie komponente t.w. vraag, aanbod en produksiekoste. Die prys van 'n bepaalde voorraad goedere m.a.w. as die aanbod konstant is, hang af van die effektiewe vraag en hoef hoegenaamd geen verband te hou met produksiekoste nie, omdat die produsent feitlik altyd gewillig sal wees om 'n prys hoër as produksiekoste aan te neem, terwyl om verliese tot 'n minimum te beperk, hy genoodsaak is om selfs teen pryse laer as produksiekoste te verkoop. Anders gestel, die grensnut bepaal die prys van 'n produk onder bogenoemde toestande. Maar op die lang duur speel die aanbod en produksiekoste ook 'n definitiewe rol in die totstandkoming van pryse onder toestande van vrye mededing.

As daar geen beheer uitgeoefen word op die komponente van die self-regulerende meganisme nie, sal die prys van die produk om en by produksiekoste sweef d.w.s. soms onderkant en soms bokant produksiekoste. In hoe 'n mate hierdie om en by swewing plaasvind kan as volg verduidelik word:



Produksiekoste dien as klep wat weerstand bied. Voordat nuwe voorrade op die mark kan kom, moet die weerstand van die klep eers oorkom word m.a.w. die prys moet ten minste gelyk wees aan produksie- As dit nie die geval is nie, dan bly die klep toe en gevolglik styg die prys (aanbod daal) totdat dit tenminste produksiekoste insluit. Nou gaan die klep weer oop en gevolglik daal die prys (aanbod styg) tot by die produksiekoste-grens, en as die reëling nie goed plaasvind nie, selfs laer. Die klep sluit nou geleidelik en die proses begin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van vooraf weer. (Dit is duidelik dat die voorafgaande net waar kan wees as die vraag intussen konstant gebly het. As dit ook verander het, sal dit slegs beteken dat die weerstand van die klep vermeerder of afneem ooreenkomstig 'n vermindering of vermeerdering van vraag.

Aanbodvermindering en vraagvermeerdering (laasgenoemde kan ontstaan, soos reeds gesien, deurdat die behoeftebevrediging wat die produk meebring, verhoog word as gevolg van ander insigte van verbruikers deurdat die koopkrag van die verbruikers gestyg het en deurdat die aantal verbruikers toegeneem het) stel die grensnut van die produk hoër d.w.s. die prys wat die verbruiker gewillig is om te betaal. Maar as hierdie prys nie produksiekoste insluit nie, dan verminder die aanbod as gevolg waarvan die grensnut d.w.s. die prys van die produk, weer verhoog word. Hierdie verhoging van grensnut sal plaasvind totdat produksiekoste en prys naderhand min of meer dieselfde is.

Die uiteensetting van die meganisme strook nie absoluut met die werklikheid nie -- die meganisme is voorgestel asof produksiekoste en die prys wat die produk behaal, geen invloed het op mekaar nie, terwyl in di vorige hoofstuk daardie verband juis bespreek is. Omdat die prys van 'n bepaalde produk invloed op die produksiekoste daarvan uitoefen -- oor betreklike kort periodes feitlik geen, en oor langer periodes tot 'n meerdere of 'n mindere mate -- geld die prysmeganisme, soos verduidelik nie absoluut nie maar slegs in die mate waarin die invloed van die prys van die bepaalde produk <u>nie</u> die produksiekoste van daardie produk beïnvloed nie. Weens die feit dat die invloed betreklik gering is, is die meganisme heeltemal gangbaar voorgestel, veral vir die produk onder bespreking nl. die produk van die wynstok. Die meganisme, soos duidelik sal blyk, geld net vir vry vermeerderbare goedere omdat vir die werking daarvan aanbod verandering noodsaaklik is. Die meganisme kan foutloos weergee geword het in die geval van vry vermeerderbare goedere as dit op een of ander manier so verander kan word dat die nodige verband tussen prys en produksiekoste aangebring kan word m.a.w. as die weerstand van die produksiekoste-klep verander kan word in die mate waarin die prys van 'n produk 'n invloed het op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produksiekoste.

Hierdie outomatiese meganisme, so word veronderstel, lei die gemeenskap onbewus tot die sosiaal-voordeligste aanwending van hulpbronne. Dit word bewerkstellig as volg:-

(a) Dit is in belang van die indiwiduele produsent om die beste produk teen die laags moontlike prys te lewer anders verloor hy ondersteuners.

(b) Omdat mededinging bestaan en arbeid, kapitaal en grondstowwe vrylik vir alternatiewe doeleindes aangewend kan word, sal die produsent verplig word om die volle sosiale waarde vir die produksiefaktore te betaal.

(c) Persone wat uit die produksieproses geweer word deur mededinging, sal uiteindelik 'n rigting vind waarin hulle kragte produktief aangewend kan word-- natuurlike seleksie vind plaas sodat elke bedryf op die ou end persone herberg wat daar hulle maksimum diens vir die samelewing kan lewer. Terselfdertyd waarborg dit die produksie van goedere en die lewering van dienste wat sosiaalnoodsaaklik is.

Die vraag ontstaan: Werk die outomatiese meganisme bevredigend? Hierop moet 'n negatiewe antwoord gegee word om die volgende redes:-

1. Vandag is hierdie toestande van vryheid van beweging van produksiefaktore, uiters beperk

(a) Arbeid is nie net maar arbeid soos in primitiewe samelewings nie. Dit is die eeu van gespesialiseerde arbeid waarvoor opleiding nodig is. Arbeiders kan dus nie maklik beweeg van een bedryf na 'n ander nie (vgl. in hierdie verband die rol van vakunies). Dieselfde trae beweging geld vir ander produksiefaktore.

(b) Die onafhanklike beoefening van 'n beroep verg heelwat kapitaal. Om die hoogste voordele van arbeidsverdeling en spesialisasie te verkry is massa-produksie 'n vereiste. Mededinging is dus uitgesluit sonder genoegsame kapitaal en baie min persone het genoegsame kapitaal.

(c) Sielkundige, sowel as finansiële bande kan 'n persoon aan sy werk bind. Dikwels word die eienaar van 'n onderneming die prisonier van sy eie belegging en bly geketting aan sy besigheid vir 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onbepaalde tyd al geskied dit teen 'n verlies -- die oorsaak is 'n gebrek aan alternatiewe belegging. As sielkundige invloede kan bv. genoem word: sommige boere wat deur liefde vir die grond, sentiment aan 'n ou erfgoed verbonde, of deur boeresedes en lewenswyse, op hulle plase gehou word.

(d) Die monopolistiese faktor. Die tegniek om monopolië te bewerkstellig word vandag met soveel vaardigheid toegepas dat alom gepraat word van monopolistiese kompetisie. Vrye mededinging veronderstel 'n groot aantal kopers en verkopers, sodat elkeen afsonderlik of groepe saam, geen besondere invloed op die prys van 'n produk kan uitoefen nie, benewens nog die absolute standardisasie van produkte en verbruikers sodat 'n produsent hoegenaamd geen beheer oor die prys van sy produk het nie as gevolg van verbruikersvoorkeur.

2. Aanpassing is 'n pynlike proses -- die periode van aanpassing is dikwels lank en die weg is besaai met uiterste ontberings. In sy wese is dit 'n ekonomie van die langtermyn wat 'n steeds toenemende ongeduldigheid aanwakker, met die gevolg dat daar vandag meer en meer konsentreer word op die korttermyn, die periode waarin ons leef en beweeg, want môre sterf ons. Die periode van produktiewe optrede van die mens is maar uiters beperk.

Dit is duidelik dat as hierdie meganisme ongestoord werk, dit periodes van ekonomiese druk en van ekonomiese voorspoed teweeg bring wat ooreenstem met die periodes wanneer die prys onderkant en bokant produksiekoste is. Daar is die gedurige heen en weer beweging, soos die van 'n pendulum op soek na rus, maar voortdurend voortgedryf deur 'n veer. Telkens, net vir 'n oomblik, is dit in 'n posisie waar permanente rus gevind kon word, maar dan gaan die slingerbeweging weer voort. Omdat die aanpassing betreklik lank duur, is die periodes van druk en van voorspoed ook betreklik lank. Veral is dit die geval by permanente kulture soos die wynstok, waar die aanbod nie gou verander kan word nie. Koffieplante en rubberbome word dikwels as voorbeelde aangehaal. Lank nadat die bome geplant is, volg die oes. Produsente reageer op sogenaamde "aanduidings" dat 'n vermeerdering in die vraag bestaan en skiet te hoog vir die vraag. Vertraagde reaksies van hierdie aard,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus dat belastings, spoorvrag, grondpryse, lone, bemarkingskoste ens., meer landbouprodukte verg by 'n prysdaling.

Hierdie skommelinge bring dus mee dat, waar die outomatiese meganisme toegelaat word om vrylik te werk, die feële inkomste van die boer baie kan skommel.

Die outomatiese prysmeganisme het dus die bewys gelewer dat dit uiters onbevredigend funksioneer. Die vraag het dus ontstaan: kan hierdie ontberings nie deur rasionele ingryping aansienlik beperk word nie? Dit het aanleiding gegee tot prysbeheer. Om pryse te beheer kan die faktore, wat normaalweg prys tot stand bring -- produksiekoste, vraag en aanbod, -- nie verontagsaam word nie, maar moet inteendeel intelligent bestudeer word. Aldus kan die euwels, wat by self-regulering van prys insluip, uitgeskakel word. Die groot doel van prysbeheer is dus om vraag en aanbod in ooreenstemming met mekaar te bring, sodat die resultaat, prys, altyd met sodanig sal wees dat die produsent 'n billike inkomste vir sy produkte sal kry. Die hoofbeginsel by prysvasstelling is billikheid -- teenoor produsent sowel as verbruiker.

Prysvasstelling beteken niks anders as om vraag en aanbod so te reël dat dit by produksiekoste aanpas -- produksiekoste waarby 'n billike beloning vir produktiwiteit ingesluit is. Die sug na prysbeheer, waarmee die landbou hoofsaaklik te doen het, het gekom as gevolg van die feit dat pryse te lank onderkant produksiekoste was m.a.w. deur wanaanpassing tussen aanbod en vraag en in hierdie geval, 'n oormatige aanbod vir 'n beperkte vraag, bekend as oorproduksie. Vir die willekeurige vasstelling van pryse is dit dus noodsaaklik om aanbod of aanvraag of produksie of al drie, te reguleer. Verbruik kan slegs willekeurig beheer word in tye van skaarste deur rantsoenering toe te pas -- wat nie hier enigsins waarskynlik is nie -- en kon miskien deels beïnvloed word in tye van oorvloed deur propaganda en opvoeding. Produksiekoste kan dikwels weinig beïnvloed word; tog kan daar, soos in 'n latere hoofstuk aangetoon sal word, in die geval van Suid-Afrika, verbeterings aangebring word.

Prysbeheer en aanbodbeheer is dus nie van mekaar te skei nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baie prysbeheer-mislukkings moet toegeskryf word aan die feit dat dat aanbodbeheer terselfdertyd nie toegepas is nie, en nie omdat prysbeheer inherent verkeerd is nie. (Aanbodbeheer kan bestaan uit produksiebeheer sowel as uit terughou van voorrade. Soos uit latere besprekings sal blyk, kan laasgenoemde nie sonder eersgenoemde met sukses toegepas word nie).

Ook om ander redes moet prysbeheer noodwendig gepaard gaan met produksiebeheer. Die sielkundige uitwerking van 'n gestabiliseerde prys spoor produsente aan om hulle te onttrek uit die produksie van daardie produkte waar geen stabilisasie bestaan nie. Verder, soos reeds verduidelik, beteken prysbeheer die uitskakeling van nie-winsgewende pryse m.a.w. dit beteken hoër pryse. Hoër pryse moedig produksie aan en gevolglik word produksiebeheer meer as ooit tevore noodsaaklik. Die kernmoeilikheid is prysbeheer sonder produksiekontrole en veral in tye van algemene prysdaling kan hierdie prosedure noodlottig wees as gevolg van die feit dat produksie-omswaai van daardie produkte wat nie prysbeheer geniet nie, sal plaasvind. Produksievermeerdering, d.w.s. verdere oorproduksie -- die oorsaak van die moeilikheid -- word dus bewerkstellig en pryse moet noodwendig daaronder ly. Prysstabilisasie-pogings, sonder produksiebeheer, bevat dus die kieme van hulle eie vernietiging, tensy die natuur self ingryp en die produksievolume laer dwing.

Hieruit behoort dit duidelik te wees waarom die beginsel van produksiekontrole in die Kontrole Wet van 1940 as absoluut onontbeerlik beskou moet word vir die wynbedryf -- produksiebeheer is 'n logiese uitvloeisel van prysbeheer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4. DIREKTE PRYSVASSTELLING.

Direkte prysvasstelling verwys na pogings om pryse op 'n sekere hoogte te hou sonder om die aanbod en vraag te beheer. Alhoewel hierdie vorms van prysvasstelling hoofsaaklik van historiese belang is, sal 'n oorsig daarvan nie misplaas wees nie; die wynbou in ons land het daarby belang.

Ons kan vyf vorms van direkte prysvasstelling onderskei nl: 'n maksimum prys, 'n minimum prys, 'n spesifieke prys, 'n speling tussen minimum en maksimum pryse en 'n vaste prysverhouding.

MAKSIMUM PRYSE.

'n Opperste grens word gestel en bokant daardie grens is verkopings onwettig. Dit is hoofsaaklik in belang van die verbruiker en het te doen met toestande van skaarste. Hierdie vorm van beheer val dus buite ons bespreking.

MINIMUM PRYSE:

'n Onderste grens word gestel. Daar benede mag verkopings nie plaasvind nie. Aangesien dit 'n maatreël is wat dikwels in toestande van oorproduksie aangewend word, is dit 'n onderwerp van besondere belang vir die Suid-Afrikaanse produsent sedert 1924. Dit is bekend dat die daarstelling van 'n minimum prys gewoonlik die produsent beskerm. In die geskiedenis word meer voorbeelde van maksimum as van minimum prysvasstellings gevind, want surplusse is 'n verskynsel van redelik onlangse oorsprong. Ook gedurende die Eerste Wêreldoorlog het minimum prysvasstelling by uitsondering voorgekom. Dit is eers daarna dat talle van skemas in die rigting in werking gestel is; hieronder is die "National Recovery Act (N.R.A.)" in die V.S.A. seker die grootste. Ongelukkig was hierdie vorm van prysbeheer te kort van duur om die uitwerking daarvan presies waar te neem, voordat die Hooggeregshof dit ongeldig verklaar het. Onder onlangse skemas is dié van koring in Frankryk, tuinbou- en groenteprodukte sowel as varke in Nederland, koring in Spanje, Hongarye, Denemarke, Kanada en Argentinië, wyn in Duitsland, rys in Italië en Spanje, graansoorte in Swede, Olyfolie in Griekeland en wyn in Suid-Afrika. (4)

Jules Buckman: Government Price-Fixing P. 161

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die vasstelling van minimum pryse kan een van die volgende pryshoogtes neergelê word: hoër, laer of gelyk aan die prys wat sal heers as die prysmeganisme outomaties werk. Laasgenoemde is onwaarskynlik omdat die prys, wat tot stand kom deur vrye mededinging, gedurig wissel oor enigsins 'n lang periode. Buitendien, as die prys laer vasgestel word as die prys wat andersins onder toestande van vrye mededinging sou geheers het, dan sou dit van weinige belang gewees het vir die produsent. Die ander moontlikheid is dat 'n prys, wat hoër is as die prys wat andersins sou heers, vasgestel word. Hierdie netode is van belang weens sy wye gebruik asook ingrypende gevolge. Dit is baie maklik om te voorsien dat in sulke gevalle produksie sal toeneem en effektiewe vraag sal daal, as beide rekbaar is. Dit is gevind dat die vraag na selfs so 'n produk soos koring, wat ain die algemeen aangeneem word om 'n onelastiese vraag te hê, afneem as die prys verhoog word. In Italië bv. het die gebruik per hoof van die bevolking van7.8 boesels in 1925-26 afgeneem na 6.5 boesels in 1936-37.(5) Tensy produksie beheer word, sal 'n hoë prys weer produksie stimuleer, bestaande boere sal uitbrei en ander sal toetree tot die bedryf. Die teenoorgestelde as wat die noodtoestand vereis, sal dan bewerkstellig word: aanvraag sal afneem i.p.v. toeneem, die produksie sal toeneem i.p.v. afneem met die gevolg dat groter surplusse vergoed en opgeslaan moet word.

Dat hierdie bespreking nie net slegs van teoretiese belang is nie maar deur die praktyk gestaaf word, blyk alte duidelik uit die oorsig van die ontwikkelingsgang van die wynbedryf vanaf 1924. Wat wel eienaardig is, is dat hierdie stelsel in die geval van die wynbedryf in S.A. vir so 'n aansienlike periode toegepas is, sonder om die bedryf se ondergang daardeur te bewerkstellig. Die hoofredes hiervoor moet miskien gesoek word in die volgende faktore wat 'n gunstige invloed gehad het:

1. Die produk kon maklik opgeslaan word en het selfs toegeneem in waarde.

2. Die aard van die produk bring mee dat die prys, wat die handelaar betaal, ver bokant produksiekoste was. Addisionele fondse hoef dus nie gesoek te word om die surplus te vergoed nie.

---

(5) Jules Buckman: Government Price-Fixing P. 163

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Selfs hierdie gunstige faktore het nie daarin geslaag om dreigende ineenstorting te voorkom nie: vertraag dit slegs. Gelukkig het produksiebeheer gekom voordat ineenstorting plaasgevind het.

SPESIFIEKE PRYSE

'n Bepaalde prys waarteen verkoop mag word, word vasgestel. Dit is duidelik dat by produkte waar verskil in kwaliteit bestaan, nie 'n spesifieke prys neergelê kan word nie, tensy die produk in bepaalde klasse gradeer kan word en dan kan 'n spesifieke prys vir elke klas vasgestel word. (Die verkopings van wol aan die Britse Wolkommissie bied 'n uitstekende voorbeeld t.o.v. laasgenoemde tipe prysvasstelling aan.) 'n Spesifieke prys kan met soos 'n minimum prys op drie moontlike hoogtes vasgestel word. As die prys vasgestel word bokant die prys wat sou geheers het as vrye mededinging aanwesig is, geld dieselfde as in die geval van minimum pryse. Die prys word onderkant die normale prys vasgestel, gewoonlik om verbruikers te beskerm onder toestande van skaarste en val gevolglik buite die bestek van hierdie verhandeling.

SPELING TUSSEN MINIMUM EN MAKSIMUM PRYSE:

Daar is 'n aantal gevalle waar hierdie metode toepassing gevind het soos bv. koring in Switserland, suiker in Brazilië, vleis in Argentinië, melk in Hongarye en rys in Japan.(6) In 1923 is maksimum en minimum pryse vir vleis in Argentinië in die lewe geroep; die doel was dat die minimum pryse moet geld vir uitvoervleis en die maksimum vir binnelandse verbruik. Aldus is die ongehoord lae uitvoerpryse voorkom en die hoë binnelandse afgebring. In die geval van die Braziliaanse suiker is die produk uitgevoer as die minimum prys bereik is en as die maksimum prys bereik word, was voorrade op hande op die mark gesit en desnoods ingevoer. Wat die Japanse rys betref: die regering het rys opgekoop as die prys onderkant 'n bepaalde minimum (baseer op produksiekoste) gedaal het, en weer van die hand gesit as die prys bokant 'n bepaalde maksimum (baseer om lewenskoste) gestyg het. Hierdie skema is in 1933 in die lewe geroep en in 1936 effens gewysig.

Jules Buckman: Government Price-Fixing, o. P. 166

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende hoogtes het betrekking tot die prys wat onder vrye mededinging oor 'n tydperk tot stand sou kom, is moontlik:

1. Die maksimum laer en minimum prys hoër as wat die onbeheerde prys sou gewees het. Dit is miskien die beste van die moontlike hoogtes maar die moeilikste om toe te pas.

2. Die maksimum hoër en minimum prys laer as wat die onbeheerde prys sou wees. Hierdie prosedure sal weinig verskil maak aan die prys wat ondersins sou heers en is gevolglik nie van waarde nie.

3. Die maksimum sowel as minimum pryse kan beide laer vasgestel word as wat die onbeheerde prys sou wees. In hierdie geval geld dieselfde as onder maksimum pryse bespreek is.

4. Die maksimum sowel as minimum pryse kan beide hoër vasgestel word as wat die onbeheerde prys sou wees. Dieselfde geld as onder minimum pryse bespreek.

'n VASTE PRYSVERHOUDING:

Daaronder word bedoel dat die prys van 'n produk in verhouding met die prys van mededingende produkte, vasgestel moet word.

Ten einde raad neem die Wynkommissie, wat in 1937 verslag uitgebring het, toevlug tot produksiebeheer deur 'n prysbeleid waaronder verstaan word 'n "behoorlike prysverhouding" tussen die verskillende produkte van die wingerdstok sowel as 'n "behoorlike ekonomiese verhouding "tussen die wynbou en ander landboubedrywe." "Die bedryf kan gestabiliseer word deur die toepassing van 'n prysbeleid deur beheer, wat 'n billike opbrengs vir die produsente van die verskillende wingerdprodukte sal verseker en terselfdertyd sal verhoed dat die boere hulle te veel op die wingerd toelê met uitsluiting van ander takke van die boerdery. Die Kommissie het alreeds aangetoon dat dit van mening is dat die enigste praktiese weg waarlangs die behoorlike prysverhouding tussen die verskillende wingerdprodukte onder die huidige toestande in die bedryf herstel kan word, die toepassing van 'n omvattende skema van beheer is. Behalwe die gewensde herstelling in die prysverhouding tussen die verskillende wingerdprodukte tot stand te bring, behoort beheer, ten einde die bedryf deur 'n behoorlike herstelling in die verhouding van die wynbouboubedryf tot die ander landboubedrywe te stabiliseer, nie daarna

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

strewe om 'n prys te verkry vir die produsent wat buiten verhouding tot die algemene pryspeil van landbouprodukte is nie. Trouens, die psigologiese uitwerking van 'n beheerde prys is reeds 'n belangrike faktor om 'n besondere boerderybedryf aantrekliker te maak as die boerderybedrywe wat nie aan beheer onderhewig is nie. Die spoorslag verskaf deur 'n prys, wat betreklik hoër is as die gewone prys vir landbouprodukte, behoort dus sover moontlik vermy te word"(7)

Wat 'n "behoorlike prysverhouding tussen die verskillende produkte van die wingerdstok" betref, kan daar nie veel verskil van mening oor bestaan nie -- die noodsaaklikheid van 'n prysbeleid volgens kwaliteit sal later verder bespreek word T.o.v. 'n "behoorlike ekonomiese verhouding tussen die wynbou en ander landboubedrywe" (waaronder natuurlik landboubedrywe bedoel word wat nl. saam met wynbou in dieselfde streek toegepas word), kan moeilik gesien word hoe 'n verantwoordelike Kommissie soiets kan aanbeveel. Ten eerste, dit is onnodig om daarop te wys dat so 'n beleid die hele wynboere-gemeenskap in opstand sou gebring het. Dit is bekend dat die konkurrerende bedrywe in die wynboustreke in die afgelope aantal jare 'n krisis periode belewe het. Uitstaande in hierdie verband is vrugtebou, wat selfs voor die uitbreek van die oorlog al in 'n benarde ekonomiese posisie verkeer het en na alle waarskynlikheid verdere donker dae na die oorlog tegemoet sal moet gaan. 'n Onvoorsiene wending in sake, soos bv. die uitbreek van 'n oorlog, ontneem die hoofmark van 'n bepaalde produk en vir 'n aantal jare word 'n krisis belewe. Die Kommissie bepleit nou 'n prysbeleid wat ooreenstem met die pryshoogte wat in so 'n bedryf heers -- 'n beleid wat direk in stryd is met die doel waarvoor die K.W.V. opgerig is nl. die uitskakeling van krisis periodes.

Ten tweede, so 'n prysinstelling is om verskeie redes prakties onmoontlik:

1. Produksiekoste in alle distrikte is nie dieselfde nie.
2. Prysskommelinge van produksiegoedere en dus produksiekosteveranderings kan voorkom en gevolglik sal prysherinstelling gedurig moet plaasvind.
3. Meer as twee alternatiewe bedrywe kan toegepas word wat verskil

(7) Verslag van die Wynboukommissie, 1937, P. 66.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in winsgewendheid; soos tabak en groenteboerdery saam met wynbou -- as die wynprys in verhouding is met tabakpryse kan dit nog totaal buite verhouding wees met groentepryse.

4. Al die streke het nie dieselfde alternatiewe bedryfstakke nie; bv. wynbou saam met vrugteteelt, wynbou saam met groenteboerdery en tabakboerdery, wynbou saam met graanboerdery ens. Die alternatiewe of mededingende bedryfstakke in een distrik kan baie meer winsgewend wees as die alternatiewe bedryfstak in 'n ander distrik. As die prys in al die distrikte dieselfde moet wees vir die produkte van die wynstok, dan is dit vanselfsprekend dat dit nie in verhouding kan wees met die prys vir mededingende produkte in al die distrikte nie.

Ten derde, dit laat nie toe vir die moontlikheid dat die een produk in belangrikheid kan toeneem en die ander kan afneem nie. Neem as voorbeeld 'n distrik waar wyn en tabak produseer word en die wynprys word gekoppel aan die tabakprys. Veronderstel die publieke mening word so erg gekant teen die verbruik van tabak dat die verbruik afneem en die prys gevolglik daal. Nou kan verder self afgelei word wat die posisie sal wees as die wynprys en tabakprys gekoppel bly.

Vierdens, as daar nou aangeneem word dat so 'n prysbepaling prakties moontlik is, dan sal dit beteken dat die prys wat die wynboer vir sy produk ontvang, relatief laer sal moet wees as die prys wat die boer vir alternatiewe onbeheerde produk ontvang as produksie in ewewig gehou wil word want, soos die kommissie ook besef, het stabilisasie ook nog 'n sielkundige uitwerking in die rigting van produksievermeerdering. As die prys van die alternatiewe onbeheerde produkte al juis baie laag is en die wynprys moet relatief nog laer wees, kan die toestand wat sal ontstaan, maklik besef word. Die slotsom waartoe geraak word, is dat so 'n prysbeleid nie aanvaar kan word nie.

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk kan die volgende samevattende bewering gemaak word: arbitrêre prysvasstelling moet vandag afgekeur word ondat dit die ekonomiese wette van die totstandkoming van pryse verontagsaam en ook die beginsel van billikheid nie streng nakom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5.

PRODUKSIEKOSTE AS N BASIS VIR PRYSVASSTELLING.

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoe dat tot betreklik onlangs prysvasstelling op geen definitiewe basis berus het nie maar min of meer arbitrêr vasgestel is in die poging om 'n billike prys aan die produsent en veral vir die verbruiker te besorg. Gedurende die laaste aantal jare het produksiekoste as basis in prysvasstelling al hoe meer op die voorgrond gekom en in hierdie hoofstuk sal op verdere aspekte van produksiekoste gewys word asook dat produksiekoste as basis by prysvasstelling met die beginsels van billikheid strook mits onder produksiekoste die noodsaaklike poste ingesluit word.

By die verduideliking van die outomatiese prysmeganisme is op die noodsaaklikheid van 'n beheerde meganisme gewys -- die aanbod moet so beheer word dat die prys wat tot stand kom deur die effektiewe vraag, gelyk is aan produksiekoste. Voordat nou nagegaan word wat onder produksiekoste presies verstaan word, sal eers 'n paar verwante gesigspunte bespreek word.

Alhoewel produksiekoste die mees algemene basis is waarop prys vandag vasgestel word, is daar ook nog ander uitgangspunte. Dikwels is die doel om produksiekoste te dek maar daar word nie gesorg dat produksiekoste met enige mate van presiesheid vasgestel word nie en gevolglik sal dit dikwels meer juis wees om te praat van 'n arbitrêre basis. Toe Noorweë die prys vir binnelandse koring vasgestel het, was die uitgangspunt die prys (insluitende die tarief) waarteen die beste kwaliteit ingevoerde koring gelewer kan word in 'n Noorweegse hawe. In die Japanse ryskontrole is die minimum prys baseer op produksiekoste en die maksimum prys op die lewenskos te. In Czechoslowakye is pryse wat in die verlede geheers het, geneem as uitgangspunt by graansoorte. Chile het by die kontrole oor die nitrate produksiekoste sowel as die prys wat die mark sal verdra, geneem as basis. Dit is slegs maar 'n paar voorbeelde.(8)

As koste van produksie as basis aanvaar word is dit baie belangrik dat vasgestel word watter produsent se koste as basis

Jules Buckman: Government Price Fixing P 174

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal dien. In dié verband ontstaan die vraag of daar een prys vir die produk sal wees of wisselende pryse volgens produksiekoste, en as daar een prys is; watter produsent se produksiekoste as basis geneem sal word. Dit is duidelik as 'n skaal wat wissel volgens produksiekoste toegepas word, daar nie ruimte gelaat word om verskil in bekwaamheid, verbeterde produksietegniek en beter plase, doeltreffend te beloon nie; heraanpassing sal ontmoedig word en die bedryf sal sy noodsaaklike dinamiese geaardheid verloor en staties word. Buitendien is so 'n stelsel prakties feitlik onmoontlik. Die enigste argument wat enigsins van belang is vir wisselende pryse, is dat die gemiddelde prys wat daaruit bereken word, laer sal wees as die prys wat onder die een-prys-stelsel sal geld want die winsgrens van die produsente met lae produksiekoste is baie groter in laasgenoemde geval. Dit behoort duidelik te wees dat die wisselende-prysstelsel teoreties en prakties ontoepasbaar is.

Die ander vraag moet nog beantwoord word: as die een-prysstelsel nou toegepas moet word, watter produsent se produksiekoste moet dan as basis geneem word? Oor die algemeen gesproke is daar twee alternatiewe: die gemiddelde koste van al of feitlik al die produsente of die koste van die produsente met die hoogste produksiekoste wie se produksie nodig is om aan die vraag te voldoen dws. die produksiekoste van die grensprodusente. (Die term "bulk line costs" wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog in swang was, behels dieselfde as laasgenoemde.) As eersgenoemde prosedure toegepas word, sal die produsente, wie se produksiekoste hoër as die gemiddelde is, geweldig in verset kom teen die prysbeheer en die aanbod sal waarskynlik aansienlik daal. Daardeur sal nie gesorg word dat die aanbod en die vraag ooreenkom nie en waar produksiebeheer bepleit word wat die produksie so reël dat dit ooreenkom met die produksiekoste en die markprys, is die prosedure uit die kwessie. Laasgenoemde stelsel is dus die enigste aanvaarbare en daarom moet gepoog word om die verskil in produksiekoste tussen boere wat dieselfde produk produseer so gering as moontlik te maak -- 'n metode vir Suid-Afrikaanse wynbou sal in 'n latere hoofstuk aan die hand gegee word.

Die kwessie van wat onder produksiekoste verstaan word, sal nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder bespreek word. Hier sal nie ingegaan word op al die poste wat daaronder ingesluit moet word nie; dit is 'n onderwerp waaroor daar nog glad nie eensgesindheid heers nie en die koste-berekenings metodes kan nog baie opgeknap word. Slegs gaan daarop gewys word dat onder produksiekoste 'n noodsaaklike, billike wins vir die produsent ingesluit moet word.

In die berekening van die billike wins moet uitgegaan word van die standpunt dat die wins dien as beloning vir prestasies en dat prestasie en bestaanspeil, wat afhanklik is van die wins, in direkte verhouding moet wees. (Daardie prestasies of goedere voortgebring moet sosiaal noodsaaklik wees. Dit is uiters moeilik vir die owerheid om vas te lê wat sosiaal noodsaaklik is en wat nie. Onder die stelsel wat beploit word, word die vraag wel deeglik bestudeer en dan word soveel produseer as wat die effektiewe vraag teen 'n bepaalde prys is en die vraag na die produk verteenwoordig die oordeel van die gemeenskap oor wat sosiaal noodsaaklik is en nie.) Die inkomste wat 'n persoon deur sy produktiewe optrede verkry moet minstens ooreenstem met sy onderhoudsminimum, want lewe is die eerste voorwaarde vir produktiewe optrede. Maar onderhoudsminimum waarborg nie altyd 'n bestaan na wense nie, en gevolglik moet die noodsaaklike wins sodanig wees dat die produk van die wins en die aantal eenhede wat produseer word, minstens aan elke produsent, wie se ekonomiese bedrywighede noodsaaklik en van genoegsame belang is vir die gemeenskap, 'n inkomste sal besorg wat ooreenstem met 'n vergoeding wat 'n menswaardige bestaan verseker.

Die optimum moet deur die staat bepaal word en daardie optimum moet wees vir die persoon wat gemiddelde produktiwiteit aan die dag lê. Die noodsaaklikheid om die begrip van 'n persoon met 'n "normale of gewone" produktiwiteit in aansien te roep, sodat die optimum vergoeding vasgestel kan word, word dus belangrik. Die maksimum vergoeding moet ook deur die staat vasgelê word. Die ander vergoedings moet ooreenkomstig hierdie standaarde vasgestel word. Die probleem kom in by produsente wat nie die "normale of gewone" produktiwiteit aan die dag lê nie en gevolglik sal met gevalle te doen gekry word waar die beloning nie 'n menswaardige bestaan kan meebring nie. Dit is ook noodsaaklik dat die minimum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergoeding nie altyd 'n menswaardige bestaan moontlik maak nie sodat ywer aangespoor kan word.

Die bestaanspeil is nie slegs afhanklik van die hoeveelheid goedere en dienste wat 'n persoon kan beloon nie maar die waardering wat hy heg aan goedere en dienste. "The welfare of nations -- even their material welfare -- does not depend solely upon the amount and character of their material goods. The sense of material well-being, both of the individual and of the community as a whole, can be strengthened not only by increasing the amount and lowering the cost of the consumable goods at their disposal, but also -- and at least in the same measure -- by educating and accustoming them to arrive the optimum of satisfaction from such goods as they have. The true purpose of all economics systems, policies and theories is to provide this satisfaction, to create this sense of well-being; and to this welfare material wealth, though one of the principal means, is still nothing more than a means". (9)

Daar moet 'n duidelike verskil gemaak word tussen rykdom en welvaart. Japan bv. kan produkte baie goedkoper op die mark plaas as die lande van die Westerse beskawing omdat die Japanner op 'n kleiner inkomste kan lewe as die Europeaan. Dikwels word Japan dan beskuldig van betaling van hongerlone en ander lande begin Japan op grond daarvan boikot. Maar persone wat Japan ken, is dit eens daaroor dat die kulturele peil van die Japanse werker, en, wat meer seker is, sy tevredenheid met sy toestand, minstens gelyk is aan dié van die werkers van Westelike Europa en die V.S.A. Die verskil in produksiekoste moet toegeskryf word aan die verskil in kultuur. Dit is aan hulle kultuur te danke dat die Japanners 'n hoë produksie kan bewerkstellig en 'n lewe teen lae koste kan voer wat hulle behoeftes bevredig. Baie indiwidue en nasies kan leer om meer eenvoudig te leef sonder om hulle kultuurpeil in die minste te laat daal. Slegs die persone wat die regte geestelike en morele eienskappe besit, is in staat om behoorlike gebruik te maak en werklike genot te put uit materiële besit. Hoe hoër die kulturele peil is wat indiwidue of nasies bereik, hoe meer

(9) KAULLA: Theory of the Just Price P 143.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

l is die dienskappe om behoorlike gebruik te maak van die
ideale tot beskikking.
oot gebeurtenisse soos 'n oorlog kan hierdie vereenvoudiging
lewenswyse noodsaak. Aanvanklik mag die gevoel van ontbering
groot wees maar as die daur daarvan lank genoeg is, kan
raangepoom raak. In plaas van dit as 'n teken van deur-
te beskou, kan die betrokke persone die noodtoestand deur die
gekeg,sien as die oorsaak van die verfyning van hulle
le lewe. "This is but a rediscovery of an ancient truth,
by great philosophers and religious teachers, which always
s itself after periods of excessive materialism: the true
happiness lies not in striving for more and more luxuries
simplifying the outward life."(10) Behoeftebevrediging is nie
anklik van die beskikbaarheid van goedere nie maar ook, en
lik, is dit 'n kwessie van die mens se natuur en die fisiese
le opvoeding van die mens.
hierdie ingryping van die staat of die gevolmagtigde van die
moet billikheid nagestreef word. Dit is uiters moeilik om
e definisies aangaande die geaardheid van billikheid toe te
die realiteit. Dit is gevolglik heeltemal verstaanbaar waarom
wat negatief gesind is teenoor die kwessie of outoriteite
sid t.o.v. verpoeding van produktiwiteit kan handhaaf of nie,
alle argumente baseer op die feit dat daar verskil heers oor
lik is want dit is onmoontlik om 'n objektiewe waarheid uit
rk van subjektiewe oordele, behoeftes en belange te verkry-
e billikheid is dus 'n onbereikbare ideaal.
erdie argument is heeltemal geldig maar dring nie deur tot
van die probleem onder bespreking nie. Enige wetgewing
ideale billikheid na maar geen wet kan dit bewerkstellig nie
deur die meerderheid beskou word as billik sal noodwendig
er as onbillik voorkom. Dieselfde geld vir die vasstelling
billike verpoeding vir produktiwiteit. Die wetgewer kan nie

. Haulin: Theory of the Just price, p. 149

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer doen as enige ander man nie: hy kan slegs na 'n ideaal strewe en tevrede wees as hy so na as wat vir hom moontlik is, daaraan kom. Die verwerping van die goeie, omdat dit nie ideaal goed is nie, mag as dit konsekwent toegepas word, aanleiding gee nie tot die perfekte regulering van die samelewing nie, maar die vervanging van alle wette en orde deur anargie. Wette dien 'n belangrike doel en mag aanvaar word as dit billikheid laat geskied in die meerderheid van gevalle, waarvoor dit dan ook bedoel is.

Enige liggaam wat daargestel word om die beginsels van billikheid uit te voer moet voortdurend oorheers word deur die wil om billik te besluit oor alle vraagstukke. Solank as wat die groep, wat onder die jurisdiksie van die wet val oortuig is daarvan dat die opstellers en uitvoerders van die wet reg en billiheid nastreef, sal hulle besluite aanvaar word, al word dat nie altyd verstaan nie. Daar moet opgetree word nie in die belang van 'n bepaalde groep nie, maar die gemeenskaplike welvaart van die hele groep moet nagestreef word.

Is hierdie prysbeheer op basis van produksiekoste en vraag deur wysiging van die aanbod nou billik teenoor die verbruiker? Wat duidelik opvallend is, is dat geen prys op die verbruiker afgedwing word nie, inteendeel die verbruiker se oordeel word bestudeer en daarvolgens word die aanbod reguleer sodat die produksiekoste gedek kan word. As die prys nou sodanig vasgestel word, ooreenkomstig die bestudering van toestande, dat dit net die noodsaaklike wins aan die boer oorlaat en dit meebring dat die produksie geweldig ingekort moet word, dan het die verbruiker, wat nie die produk kan bekostig nie, nie die reg om te sê die prys is onbillik teenoor hom nie. Dit is die plig van die burger en die staat om toe te sien dat hy 'n inkomste kry wat hom in staat stel om die produk te bekom en nie die plig van die produsent om sy prys te verlaag sodat die verbruiker dit kan bekostig nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat baie belangrik is, is dat hierdie beheer soos uiteengesit, meebring dat die produsent goedere produseer wat sosiaal noodsaaklik is -- die vryheid van keuse van die verbruiker sorg daarvoor. Weliswaar kan opvoeding grootliks die keuse van die verbruiker beïnvloed maar opvoeding bring vrywillige verandering mee.

Hierdie vorm van prysbeheer is vandag nog tot 'n groot mate onbillik teenoor die produsent omdat dit nie absoluut beloon volgens produktiwiteit nie -- daar is aangenoem dat produktiwiteit en produksie-volume dieselfde is. Dit sou sinonieme wees as alle persone met dieselfde kanse en voorregte gebore word, waardeur hulle inherente eienskappe tot ontplooiing kan kom. Ongelukkig is dit nie die geval onder ons kapitalistiese stelsel nie, want sommige geniet van geboorte af voorregte wat ander moet ontbeer, en kan dus kapitalkragtig word sonder die verdienste, met die gevolg dat die voortbrengsel van individue nie as maatstaf kan dien om hulle produktiwiteit en prestasies te meet nie. Formeel moet op die oomblik meer beloon word volgens wat die persoon verrig deur die die bekwaamheid sal hê met die hulp van die voorsprong wat hy geniet deur faktore wat van buite kom. Omdat laatstgenoemde nie bepaal kan word nie, moet dit voorlopig noodgedwongen ingesluit word in beloning maar deur weg te doen met hierdie kapitalisme kan toekomstige geslagte op 'n meer billike basis beloon word.

Die verskil in die kwaliteit van plase bring ook mee dat produsente met dieselfde bekwaamheid nie ewe billik beloon word nie. In die toekoms sal hierdeur ook meer aandag gegee moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

AANLEIDENDE FAKTORE TOT PRYSBEHEER IN DIE WYNBEDRYF IN SUID-AFRIKA.(11)

Soos in die inleidende hoofstuk aangehaal, het prysbeheerskemas meesal hulle ontstaan te danke aan ekonomiese nood. Prysbeheer, soos in die wynbou van Suid-Afrika uitgeoefen, is ook gebore uit die nood en wanhoop van die bedryf. Om die waarheid hiervan te illustreer, is dit nodig om die toestand wat in die bedryf geheers het voordat prysbeheer toegepas is, na te gaan. Daar sal met die toestande in die Kaap as proviandstasie begin word sodat die kumulatiewe uitwerking van gebeurtenisse op die voorgrond gebring kan word.

In 1655, drie jaar na die stigting van die neersetting aan die Kaap, het van Riebeeck die eerste wingerdstokkies hier ingevoer. Dit het hier so 'n goeie natuurlike tuiste gevind dat die Vryburgers hulle met graagte toegelê het op wynbou, veral aangesien die afsetmoontlikhede in Holland en Nederlands Oos-Indië belowend was. Die aankoms van die Hugenote in 1688 (waarvan baie wynbouers van beroep in Frankryk was) het 'n verdere stoot aan die bedryf gegee ten koste van ander lewensnoodsaaklike produkte sodat Simon van der Stel verplig was om 'n bepaling neer te lê dat die burgers, vir elke halfmorg onder wingerd, drie morge koring moes saai -- dit kan beskou word as die eerste produksiebeperking in die Wynbou van S.A.

Vanaf omstreeks 1750 het die bekende Constantia-wyne feitlik oor die hele Europa beroemdheid verwerf. Gedurende die Napoleontiese Oorloë het Engeland invoertariewe gehef op Franse wyne. Die voorkeur wat die Suid-Afrikaanse wyne as gevolg daarvan geniet het, het produksie hier geweldig stimuleer en omdat mededinging nie meer gevrees was nie, is die kwaliteit van ons wyne skreiend verwaarloos want die hoof nadruk het op kwantiteit geval. Toe ongeveer 'n eeu later (1861) die invoertariewe wat op Franse wyne gerus het, opgehef is, en Suid-Afrikaanse wyne ook nie meer kon aanspraak maak op kwaliteit nie, was die natuurlike resultaat dat die mark in Groot Brittanje vir die Suid-Afrikaanse wynboer feitlik verdwyn het.

(11) Waar nie anders vermeld nie, is gegewens van die K.W.V. -kantoor verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nieteenstaande hierdie terugslag, het die bedryf nog steeds uitgebrei en in 1875 was die totale aantal wingerdstokke aan die Kaap 69.9 miljoen.(12) Die filoksera-plaag, wat omstreeks 1886 in S.A. uitgebreek het en vir 'n hele paar jaar meedoëloos voortgewoed het, het die bedryf 'n ernstige terugslag toegedien. Eindelik is hierdie vernietigingsproses gekeer deur die invoer van filoksera-bestande onderstokke afkomstig van Amerika. Die Kaapse boer het sy voorliefde vir wynbou behou en in 1904 het die aantal wingerd-stokke aan die Kaap 77.9 miljoen getel.(13) Vanaf omstreeks hier-die jaar dateer die groot probleem -- oorproduksie -- wat die wynboer vandag, nog meer as ooit tevore, in die gesig staar.

In 1905 het die Kaapse Regering besluit om die stigting van Koöperatiewe organisasies aan te moedig deur lenings aan wyn-maak-ondernemings toe te staan, ter waarde van £50,000,(14) onder uiters gunstige voorwaardes. Gedurende die periode tussen 1905 en 1909 het nege koöperatiewe wynmakerye onder hierdie skema ontstaan. Twee hiervan het misluk weens gebrek aan koöperatiewe ondervinding en twee deur ander omstandighede: hul is nl. deur ander organi-sasies oorgeneem. Nadat die Regering in 1913 £20,000(15) van die oorspronklike lenings afgeskryf het, het die orige vyf daarin geslaag om tot vandag toe voort te bestaan alhoewel hulle ledetal altyd baie beperk gebly het.

Gedurende die periode 1906-13, wat saamval met die volstruis-veer-"boom", het die posisie van die wynboere nie juis aanmerklik versleg nie. Weens die feit dat baie aandag aan lussern bestee is (veral in die distrikte soos Worcester, Robertson, Montagu, Ladi-smith, Calitzdorp en Oudtshoorn) het die totale aantal stokke in 1911 met nie minder as tien miljoen afgeneem vanaf 1904 nie.(16) Die wynboere se posisie was nietemin alles behalwe benydenswaardig. Hulle het 'n beroep om hulp op die Merriman-Regering gedoen en op 14 April 1909 het die wynboere 'n protesvergadering gereël in die Kaapstadse stadsaal. Daarna is onder die leiding van Mnr. C. Kohler

---

(12) Verslag van die Wynkommissie (1937) P. 8
(13) " " " " " P. 8
(14) " " " " " P 8
(15) " " " " " P 8
(16) " " " " " P 8

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Dr. A.L. de Jager opgetrek na die Parlementshuis waar die Eerste Minister geweier het om te voorskyn te kom. Later is die klag van die protestante aangehoor deur Mnr. N.F. de Waal -- die latere Sir Frederk de Waal. Die resultaat van hierdie demonstrasie was dat die aksynsbelasting op brandewyn verminder is.

Met die ineenstorting van die volstruisveermark, het oorproduksie nog geweldiger afmetings aangeneem omdat die reeds genoemde distrikte grootliks weer tot wynbou teruggekeer of vir die eerste keer begin het. In 1918 was die getal wingerdstokke in die Kaapprovinsie nie minder as 86.9 miljoen nie. Die jaarlikse produksie van wyn het tussen 45,000 en 60,000 leêrs gestrek en in 1918 het die wynoes 96,750 leêrs bedra (wyn teen 20° proefsterkte).(17)

Die produksie van wyn was buite verhouding tot die betreklik geringe vraag. Die boere was dus genoodsaak om feitlik enige prys te aanvaar want hulle was ongeorganiseerd en aan die genade van die wynhandelaars oorgelaat. Die K.W.V. skryf sy ontstaan toe nie aan oorproduksie nie, maar aan die feit dat handelaars hulle weerhou het van inkope.(18)

Pryse is altyd 'n goeie weergawe van die ekonomiese posisie van die tyd. Die volgende tabel sal dit duidelik beklemtoon.

TABEL 1. Wynpryse in Suid-Afrika vanaf 1913 tot 1917.(19)

Jaar	Prys per lêer	Aanmerkings.
1913	£6 -- £9	Dikwels het die pryse later in die jaar nog meer gedaal, tot selfs £1 10 0 in 1916, vir stookwyn, terwyl die Paarl Koöperatiewe Wynkelders in 1917, 800 leêrs uitstekende wit tafelwyn teen £2 5 0 van die hand moes sit.
1914	£4 10 0 -- £2 10 0	
1915	£4 10 0 -- £5 5 0	
1916	£3 10 0 -- £5 0 0	
1917	£3 10 0 -- £3 0 0	

Sulke toestande het die wynboere paniekerig gemaak; gevolglik was hulle sielkundige toestand sodanig dat hulle gretig sou gryp na enige moontlike oplossing. Toe 'n paar vooraanstaande wynboere met Mnr. Kohler voor aan die spits, 'n intensiewe veldtog op tou gesit het vir 'n koöperatiewe vereniging van wynbouers, sodat meer seggenskap wat die verkoopprys van hulle produk betref, in die hande vam die produsent self kan kom, is met 'n ontvanklike en toegeneë

(17) Verslag van die Wynkommissie (1937) P. 8
(18) K.W.V. and its Critics P. 2
(19) Gegewens verkry van die K.W.V.-kantoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boeregemeenskap te doen gekry. In dieselfde jaar is besluit om oor te gaan tot die stigting van die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging van Suid-Afrika Beperk en aan die begin van 1918 het die K.W.V. sy werksaamhede aanvaar "om die verkoop en afset van die produkte van sy lede, in soverre as wat dit die produkte van die wynstok is, so te bestuur, te beheer en te reguleer, dat 'n voortdurende genoegsame betaling vir sodanige produkte van die wynstok aan hulle verseker word of daartoe bydra".(20)

Die K.W.V. is onder die Maatskappye Wet geregistreer en òòr die 95% van die wynboere (in 1918 het die ledetal 1940 bedra) het lede daarvan geword.

Om hulle doel te bereik, het die K.W.V. 'n vyfjaar plan opgestel en die handelaars oorreed om vir vyf jaar hulle wyn- en spiritusbenodighede slegs van lede van die K.W.V. te koop. Die minimum stookwynprys vir 1918 is vasgestel op £4 15 3 per lêer teen 20° proefsterkte en in 1919 op £5 5 0, waarvan in beide jare 10/- afgetrek is as heffing.(21) Die goeiewyn-prys was effens hoër. Dat die K.W.V. die wynprys onmiddelik tot so 'n mate kon verhoog moet ook deels toegeskryf word aan die toename in die vraag na brandewyn deur die soldate wat teruggekeer het van die oorlog en beskik het oor taamlik volop geld.

Optimisme het onder die wynboere geheers en dit het voorgekom asof hulle probleem eindelik opgelos is; maar die daaropvolgende paar jaar sal in die geskiedenis van die wynbou waarskynlik as die grootste warboel periode onthou word.

Teen die einde van 1919 was die oesvooruitsigte baie swak en die oes vir 1920 is op 80,000 lêers geskat, wat natuurlik 'n tekort sou beteken. Sekere wynfirmas het paniekerig geword en fabelagtige pryse is vir stookwyn aangebied en hoogtes van £25 en later selfs £30 per lêer bereik. Ongelukkig vir die handelaars was die 1920 oes van 'n rekord grootte en die wynhandel is deels lam geslaan of het totaal in duie gestort. Die groot wynoes in 1920 moet toegeskryf word aan die goeie reëns nêt voor die oes gepars is.

---

20) Jaarverslae van die Voorsitter van die K.W.V.

21) Gegewens verkry van die K.W.V.-kantoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder is daar ook min rosyntjies gemaak omdat teen so 'n hoë stookwynprys, dit die boer nie betaal het nie. Alles het gevolglik na die stookketel gegaan. Sekere wynkopers was nie in staat om hulle geldelike verpligtings na te kom nie en sommige boere het aansienlike verliese gely terwyl ander weer buitensporige winste gemaak het. Hierdie gebeurtenisse het onheil voorspel en dit het gelyk asof die bedryf nie meer te red was nie.

Die verloop van gebeurtenisse gedurende die jare 1921, 1922, en 1923 word feitlik letterlik gehaal uit die artikel getiteld "Quo Vadis" wat in "Die Wynboer" van Augustus 1943 verskyn het uit die pen van die Assistent-Algemene Bestuurder van die K.W.V.

Die enigste hoop vir die K.W.V. om die posisie te red, was om beheer te neem oor die wynoeste van die volgende twee of drie jaar in geheel, en deur die aanbod te beheer, die handel te ondersteun met die afset van sy voorrade. Die K.W.V. het egter nie die kapitaal gehad om beheer te neem of om die oeste van sy lede aan te koop nie; ook het by nie die middle gehad om die wyne en spiritus te hanteer, te verstook en te stoor nie. Boonop het die voorrade wyn en spiritus van die wynhandelaars hulle so duur te staange kom, dat hulle kanse om dit selfs teen kosprys van die hand te sit, om nie van wins te praat nie, baie gering was. Dan ook, indien nuwe kleinhandeladistribueerders sou toegelaat word om in die handel te gaan, ingeval hulle gelukkig genoeg sou wees om lisensies te verkry, sou hulle moontlik nie in staat wees om die totale produksie van die lede van die K.W.V. te hanteer nie.

Al die omstandighede in aanmerking geneem, het dit dus meer en meer duidelik geword dat die enigste uitweg om die nywerhede te red sou wees, dat die produseerders en distribueerders mekaar oor hulle moeilikhede moes help.

Die KWW.V. het dus 'n ooreenkoms met die kontrakterende handelaars aangegaan waarvolgens laasgenoemde onderneem het om gesamentlik en afsonderlik die voorrade wyn en spiritus van handelaars wat in gebreke gebly het, oor te neem, om in 1921 en 1922 'n vasgestelde hoeveelheid stookwyn en goeiewyn van daardie twee oeste teen £9 en £11 per lêer onderskeidelik te koop, om alle surpluswyne te ontvang op rekening van die K.W.V., om dit tot spiritus te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verstook en om sodanige spiritus vir die K.W.V. te stoor. Die K.W.V. het toegestem om sy konstitusie so te wysig dat die vasgestelde pryse soos ooreengekom, gevra kon word, en dat die K.W.V. die handelaars ruim sou vergoed vir die gebruik van hulle vate en stoorgeriewe en vir die koste verbonde aan die hanteer en verstoking van die surplus wyne. Die K.W.V. het ook 'n surplus van tweederdes van die 1921 oes verklaar en onderneem om 'n gelykstaande surplus in 1922 te verklaar.

Die K.W.V. moes vir die eerste maal in sy geskiedenis 'n surplus verklaar. Kragtens sy konstitusie wat deur alle lede onderskryf is, moes elke lid, in die geval van 'n surplusverklaring, daardie gedeelte van sy oes wat as surplus verklaar is, vir die K.W.V. hou en dit aan die K.W.V. sonder enige koste lewer. In hierdie geval was die surplus twee uit elke drie lêers geproduseer. Teoreties moes die lid dus twee uit elke drie lêers wyn deur hom geproduseer, aan die K.W.V. of aan sy agente, die handelaars, lewer en die orige lêer kan hy òf as goeiewyn teen £11 per lêer òf as stookwyn teen £9 per lêer verkoop. Om sake te vereenvoudig is dit ooreengekom om die surplus op die basis van die prys van stookwyn nl. £9 per lêer, te bereken. Kragtens die konstitusie van die K.W.V. kan die lid òf sy surplus in wyn lewer òf kontant in plaas daarvan betaal. Dit het die reëlings in verband met inkope vir handelaars vergemaklik, wat dus hulle benodighede kon koop waar en van wie hulle verkies, sonder om hulle te steur aan die surplus-verklaring van die K.W.V., en so het dit dikwels gebeur dat die een lid sy hele oes verkoop het terwyl sy buurman niks verkoop het nie. Maar die hele opbrengs van alle verkopinge tot £9 per lêer is in 'n stookwynpoel gestort en die opbrengs is tussen die lede gedistribueer op die basis van £3 per lêer op alle wyn gelewer, wat die waarde per lêer verteenwoordig het -- gebaseer op £9 per lêer vir die verkoopbare deel -- van elke drie lêers geproduseer nl. die een lêer verkoopbaar en die ander twee, surplus. Dit het beteken dat indien 'n lid 20 lêers wyn aan 'n handelaar verkoop het, hy £180, indien hy dit as stookwyn verkoop het, en £220 indien hy dit as goeiewyn verkoop het, aan die K.W.V. moet inbetaal. In eersgenoende geval is £60 (dws. 20 lêers teen £3)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die lid betaal, en in laasgenoemde geval £100 (dws. 20 lêer teen £3 plus die goeiewyn-premie van £40). In werklikheid is hy ooreenkomstig die konstitusie, vir 6 en twee-derdes lêers verkoopbare gedeelte teen £9, nl. £60 vir stookwyn of £60 plus die goeiewyn-premie van £40 in die geval van goeiewyn, betaal, en het hy geen betaling vir 13 en een-derde lêers ontvang nie aangesien die kontant daarvoor teen £9 per lêer nl. £120 deur die K.W.V. agtergehou is, in plaas van sy surplus.

Nou het die moeilikhede van die K.W.V. begin. Sy lede kon nou nie verstaan hoe dit was dat sommige van hulle wyn teen £9 per lêer kon verkoop nie, en ander glad niks nie, en tog, wanneer hulle by die K.W.V. om betaling aansoek gedoen het, is aan almal gesê -- beide diegene wat verkoop het en diegene wat nie kon verkoop nie -- dat hulle slegs £3 per lêer vir hulle wyn sou kry en dan slegs in paaiemente, soos en wanneer die handelaars in staat was om te betaal. Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die beskikbare kapitaal van die wynhandelaars, wat besigwas om die storm van spekulasie te deurleef, verteer is deur die betaling van ses of sewe maal die normale waarde van wyn tydens die mislukkings in 1920, en, alhoewel baie boere ingestem het om verminderde betalings vir hulle 1920 oeste aan te neem, was die kontantposisie van die handelaars so ooreis dat hulle nie vir die wyne van die 1921 wynoes kon betaal soos hulle dit ontvang het nie.

In die tussentyd is die Cloete saak teen die K.W.V. beslis en dit is deur die hof bevind dat goeiewyn, waarvoor kontrakterende handelaars onderneem het om £11 per lêer te betaal, en waarvan die verkoper verwag is om £6 aan die K.W.V. as surplus te betaal, nie onderhewig aan suplus was nie. Die lot van die industrie het weereens in die weegskaal gehang. Die vasberadenheid van lede om hulle ooreenkoms met die K.W.V. na te kom, het egter die toestand gered en ongeveer 88% het ooreengekom om ten spyte van die uitspraak van die hof, vrywillig tot die surplusfonds by te dra.

Om die moeilikhede van die K.W.V. nog verder te vermeerder, is die Botha-saak in 1922 teen die K.W.V. uitgewys. In hierdie saak het die K.W.V. Skadevergoeding van die lid geëis omdat hy wyn teen minder as die vasgestelde minimumpryse verkoop het en nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy surplus gelewer het nie, maar dit is bevind dat hierdie regulasie ultra vires was, en 'n belemmering van handel veroorsaak het.

Dit was 'n geweldige slag vir die K.W.V. en baie lede, wanhopig in hulle pogings om hulle produkte te verkoop, het van die organisasie weggebreek en begin verkoop teen enige prys. Die kontrakterende handelaars het onmiddelik geprotesteer, maar aangesien een of twee nuwe stokers op die toneel verskyn het, was die lede, wat in gebreke gebly het , in staat om kopers vir hulle wyne te vind. Weereens was die finansiële reëlings in verwarring. Die mededinging van die nuwe stokers, hoewel klein, was genoeg om die markte van die wynhandelaars te ontwrig, en in plaas van een-derde, soos ooreengekom, het hulle slegs een-vyfde van die 1922 wynoes gekoop en die K.W.V. was verplig om hulle met goedkoop spiritus teen "sny"pryse te voorsien om hierdie nuwe bedreiging vir die industrie dood te druk. Die werklike inkomste wat die K.W.V. vir hierdie goedkoop spiritus ontvang het, was omtrent £20,000 maar aangesien dit slegs ongeveer 'n derde van die prys wat vir die spiritus betaal moes word, verteenwoordig het, het die K.W.V. £40,000 op die transaksie verloor en was boonop aan die einde van die jaar verplig om meer as £28,000 van sy reserwes (gedurende 1920 het die lede, wat hoë pryse ontvang het, ingestem om 5% van hulle verkoopprys, maar nie meer as £1 per lêer nie, as 'n spesiale reserwe af te gee) te gebruik om die tekort in die poelrekening aan te suiwer.

Die groot probleem van die K.W.V. was om die surplus te hanteer. Saam met die "Natal Cane and Byproducts Ltd." het die K.W.V. in 1921 die "South African Motor Fuel Supply Do." opgerig om motorbrandstof ("Natalite") te vervaardig. Laasgenoemde het bestaan uit wyn-spiritus deur die K.W.V. verskaf, en eter, 'n newe-produk van die suikerindustrie. Toe petrolpryse weer tot normale hoogte teruggekeer het, het hierdie produk totaal van die mark verdwyn, asook as gevolg van die feit dat motorvergassers verandering moes ondergaan indien hierdie brandstof gebruik wou word. Die maatskappy is dus in 1926 gelikwideer.

In 1920 het die K.W.V. sy eerste wyndeskundige aangestel om boere in verband met die maak van wyn in te lig. In 1922 is 'n begin gemaak met die kook van gekonsentreerde druiwestroop of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moskonfyt. Hierdie moskonfyt is uitgevoer na Groot Brittanje, waar dit aangewend is vir wynmaak. Daar het 'n geroep opgegaan, veral van Australiese wynboere, dat die uitvoer van moskonfyt die uitvoer van Rykswyne belemmer en beperk. Die feit bly egter staan dat moskonfyt in groot hoeveelhede van Griekeland, Siprus en ander Europese lande verkrygbaar is en as Suid-Afrika dit nie verskaf nie, kan die Britse wynmakers hulle benodighede van 'n ander land koop. Ongeveer 4 tot 5 ton vars druiwe is nodig om 'n Engelse ton moskonfyt te maak. Tabel 14 toon die uitvoer aan van moskonfyt.

In 1922 is 'n begin gemaak met die stook van brandewyn vir veroudering en dit is omstreeks hierdie tyd dat die besef deurgedring het dat 'n gedeelte van die surplus voordelig aangewend kon word vir die versterking van wyn wat met veroudering verbetering ondergaan.

In 1923 het die K.W.V. 'n aanvang gemaak met die uitbetaal van bonusse aan boere wat die stookwynpoel verlig deur die druiwe vir rosyne en sultanas te gebruik. Hierdie produksiebonus het in 1923 ½d. per lb. op die gedroogde produk bedra en 'n bedrag van £18,330 verslind terwyl dit ongeveer 17,170 ton vars druiwe buite die wynmark gehou het.

In die tussentyd het die K.W.V. 'n stokery en 'n spiritusstoor in die Paarl gebou en 'n stokery en spiritusstore in Stellenbosch aangeskaf en in sy store werklike besit geneem van die surplus wat nie anders aangewend kon word nie. Nietemin het die K.W.V. tog gevind dat die surplus groter was as wat hy kon hanteer en in die goeie oesjare 1921-23, beide inbegrepe, is meer as 91,000 lêers surplus wyne ens. vernietig.

Die besorgdheid onder die lede het aanleiding tot 'n Kommissie van Ondersoek gegee; maar die Kommissie het slegs ondergeskikte aanbevelings gedoen.

Die Botha-saak het egter aan die K.W.V. 'n les geleer. As 'n openbare maatskappy het sy werksaamhede sonder twyfel gedui op belemmering van handel en dus was die bestaan onwettig. Die Wet op Koöperatiewe Werenigings, No 28 van 1922, het egter in 1922 dwarsdeur die Unie van krag geword en gelyksoortige werksaamhede onder die beskerming van daardie wet was nie slegs wettig nie, maar ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noodsaaklik vir die behoorlike uitvoering van besigheid kragtens die wet.

'n Komitee van lede het die konstitusie van die K.W.V. hersien, tekortkomings in die oorspronklike ontwerp verbeter, voorsiening gemaak vir minimum en maksimum basisse van nege pennies tot een sjieling en ses pennies per gelling vir die jaarlikse vasstelling van die minimumprys vir wyn deur die K.W.V., en die surplusverklaring op alle wyne van toepassing gemaak.

In die tussentyd het die kontrakterende handelaars ooreengekom om die helfte van die 1923 oes teen £6 per lêer te koop mits die K.W.V. die orige helfte van die oes tot surplus sou verklaar en dit voor 'n sekere datum in ontvangs sou neem of vernietig. Dit het die K.W.V. suksesvol teweeg gebring. Kragtens die nuwe konstitusie van die K.W.V., wat op 11 Mei 1923 onder die Koöperatiewe Wet geregistreer is, is voorsiening vir lede gemaak om te bedank. Aangesien 'n groot mate van ontevredenheid nog geheers het, het baie lede hiervan gebruik gemaak en hulle bedankings ingedien. Die meeste hiervan is egter later teruggetrek. Sommige produseerders van goeiewyn het beswaar gemaak daarteen dat wyn nie vir verstoking bedoel was nie, ook aan die surplus onderhewig was.

Die handelaars het volle munt uit die skeuring in die geledere van die produseerders geslaan en vroeg in 1924 met die verstryking van hulle vyfjarige ooreenkoms om hulle benodighede slegs van die K.W.V. te koop, het hulle die K.W.V. in kennis gestel dat hulle nie voornemens was om die ooreenkoms te hernu nie.

Die K.W.V. was nou in besit van die surplus nl. 1,576,000 proefgellings spiritus, teen 'n koste van ongeveer 1/2 per proefgelling en hy het reeds die nodige stookketels en stoorgeriewe aangeskaf vir die hantering van die surplus in die toekoms. Om die bedryf te red, het dit nodig geword om wetlike verpligting toe te pas.

Van 1918 tot 1923 het die K.W.V. probeer om deur vrywillige ondersteuning van die koöperatiewe idee, toestande in die bedryf te stabiliseer. Hierdie pogings het egter misluk. Iets moes gedoen word en dit het gekom in die vorm van Wet No 5 van 1924, die Wet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë, waaronder die K.W.V. wetteregtiglike beheer oor alle stookwyn en spiritus daarvan geproduseer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang het, en dus verander is van 'n vrywillige na 'n verpligte koöperasie, sover dit die stookwynboere betref.

Die K.W.V. as koöperatiewe organisasie spruit dus uit die noodtoestand wat in die bedryf voor 1917 geheers het en fungeer as beherende liggaam, deur die Regering met die nodige mag beklee, vanaf 1924 omdat vrywillige koöperatiewe optrede nie die bedryf kon red nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7.

PRYSBEHEER ONDER DIE KONTROLE WET VAN 1924.

Die aanname van die Kontrole Wet het meegebring dat alle stookwynprodusente verplig geword is om volkome beheer oor die afset van hulle produk aan die K.W.V. af te staan. Dit het die wynhandelaars gedwing om hulle stookwynvoorrade deur die K.W.V. te verkry.

Vir so 'n vorm van verpligte koöperasie is in die Koöperatiewe Wet van 1922 (Wyn Koopwet No 38 van 1925) voorsiening gemaak mits tenminste 75% van die produsente (van 'n bepaalde produk) wat nie minder as 75% van die produk produseer nie, lede is van die koöperasie. Verder is die aanname en toepassing van die wet ook moontlik gemaak deurdat handelaars wat kontrakte met wynboere aangegaan het, op versoek toegestem het om van hulle kontrakte af te sien.

Die werklike magte wat die Wet aan die K.W.V. verleen, word kortliks weergee in die volgende opsomming: "Geen persoon mag wyn in die Kaapprovinsie vir verstoking of omsetting na spiritus verkoop, aanskaf of gebruik nie, behalwe deur of met die toestemming van die K.W.V.; ook mag niemand behalwe vir sy eie gebruik wyn in daardie provinsie verstook tensy dit deur en met die toestemming van die K.W.V. aangeskaf is nie; spiritus van sy wyn gestook, verkoop of verstook of op 'n ander manier van die hand sit nie, behalwe deur of met die toestemming van die K.W.V.

Die K.W.V. moet weier om toe te stem dat enige wynbouer enige stookwyn, brandewyn of spiritus mag verkoop, ingeval die wynbouer indien nie 'n lid van die Vereniging nie, nie toestem om ten opsigte van sodanige verkopings onderhewig te wees aan al sodanige voorwaardes en verpligtings soos waaraan hy onderhewig sou wees indien hy 'n lid van die K.W.V. was nie.

Kragtens sy konstitusie stel die K.W.V. jaarliks 'n minimum prys vir stookwyn vas (wat nou ingevolge Wet 23 van 1940 in die Staatskoerant aangekondig moet word), verklaar die surplus en dui aan watter gedeelte van 'n lid se wynoes deur hom behou moet word en as surplus aan die K.W.V. sonder koste gelewer moet word, of waarvoor in kontant teen die vasgestelde minimum prys van stookwyn betaal moet word. Die K.W.V. is ook verplig om alle onverkoopte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyn van sy lede te ontvang en daarvoor teen die vasgestelde minimum prys, minus heffings vir surplus, ens., te betaal.

Die K.W.V. is verplig om aan stokers, groothandelaars of koöperatiewe wynverenigings, wyn of wyn van 'n besondere tipe of in 'n besondere streek geproduseer, vir verstoking of omsetting na spiritus te verkoop, mits hy sodanige wyn in voorraad of onder beheer het. Die K.W.V. is nie verplig om brandewyn of spiritus te verkoop nie. Hy mag egter nie sy spiritus of wyn bedoel vir verstokingsdoeleindes, vir gebruik in die Unie, of in Afrika suid van die ewenaar, verkoop nie behalwe aan stokers, of groothandelaars wat nie minder as 'n "groothandelshoeweelheid" koop of voornemens is om te koop nie, of aan koöperatiewe wynverenigings."(22)

Onder sulke monopolistiese omstandighede was die K.W.V. by magte om 'n minimumprys vir stookwyn aan bona fide wynhandelaars voor te skryf, 'n reg wat deur die Kontrole Wet aan die K.W.V. toegesê is. Dit verplig egter nie die handelaars of enige iemand anders om 'n enkele gelling van enige wynoes te koop nie. Die onderliggende gedagte van die Wet was om aan die K.W.V. wetlike bevoegdheid te verleen om die prys (aan boere) van alkohol wat plaaslik verbruik word, aan wynkopers voor te skryf (waar geskille ontstaan het, kon die wynkopers hulle beroep op 'n appèlraad waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak is), en die totale bedrag aldus verkry, te verdeel oor die totale hoeveelheid stookwyn geproduseer. M.a.w., die handelaar sou 'n vaste prys betaal en die produsent sou 'n bedrag ontvang wat wissel ooreenkomstig die hoeveelheid van die jaarlikse surplusproduksie; die verskil tussen die vaste minimum prys deur die handelaar betaal, en die prys deur die produsent ontvang, word die surplusbydrae genoem. Hierin is die beginsel geleë nl. dat die gedeelte van die wynoes wat gedurende enige besondere jaar vir binnelandse verbruik verkoop word, (binneland het betrekking op Afrika, suid van die ewenaar) vir die hele stookwynoes van daardie jaar moes betaal. Die prys wat die boer ontvang is afhanklik van die prys wat die handelaar betaal en die surplusverklaring van die K.W.V. Die surplusverklaring hang weer af van die beraamde verbruik in Afrika, suid van die ewenaar.

Die volgende voorbeeld sal aantoon hoe die prysbepaling van stookwyn plaasvind. Onder die opskrif: " 1943 Stookwynoes Surplus-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plusverklaring" het die volgende in die Februarie uitgawe (1943) van "Die Wynboer" verskyn:- "Die direksie van die K.W.V. het die minimum prys vir wyn van die 1943 Wynoes vir distilleringsdoeleindes bestem teen 1/6 per gelling teen 20° standaardsterkte vasgestel, wat gelyk is aan £9 10 6 per lêer van 127 gellings teen 20° standaardsterkte.

Vanaf 1924 tot 1941 is die prys van 1/2 per gelling teen 20° standaardsterkte of £7 18 9 per lêer, albei vir wyne vir distilleringsdoeleindes bestem, gehandhaaf, en in 1942 is 'n toename van 10% bo die 1941 prys deur wynkopers aanvaar as 'n oorlogsmaatreël ten einde boere tegemoet te kom om verhoogde lewens- en produksiekoste te dra. Die 1942 prys van 1/4½ per gelling teen 20° persent standaardsterkte, is nou verhoog met 'n verdere 10% bo die 1941 prys tot 1/6 per gelling teen 20° persent standaard sterkte wat gelyk is aan £9 10 6 per lêer.

Kragtens Artikel 12 van Wet No 5 van 1924, soos gewysig, was kennisgewing van die vasgestelde minumumpprys vir wyn vir distilleringsdoeleindes bestem, in Goewermentskennisgewing No 29 van 1943 in Staatskoerant No. 3140 van 15 Januarie 1943, publiseer.

Die Direkteure van die Vereniging het die beraamde surplus van wyn vir die 1943 oes vir distilleringsdoeleindes bestem, teen 47 en twee-negendes persent verklaar, terwyl geen heffing op die verkoopbare deel van die oes vasgestel is nie, aangesien dit die bedoeling is om administrasiekoste uit verkopings van die surplus te dek.

Dit kom daarop neer dat die boer vir elke lêer wyn teen 20° standaard sterkte, wat hy vir distilleringsdoeleindes lewer, 57 en twee-negendes persent van £9 10 6, dit is £5 0 6½, sal ontvang.

In 1942 was die beraamde surplus 50% en die netto kontantbetaling wat die boer ontvang het £4 2 3¾ per lêer teen 20° standaard sterkte. Verder word uitgewy oor die bonus wat betaal sal word vir wyne, geskik vir brandewyn."

Die stookwyn, wat gedurende 'n bepaalde jaar in S.A. verkoop word, moet die boere vir die hele stookwynoes van daardie jaar vergoed. (Vandaar die beginsel dat elke oes vir homself betaal) Die res van die oes word as surplus ingeneem deur die K.W.V. en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangewend vir brandewyn, vir versterking van wyn, beide wat in oorsese lande verkoop word, of kan ook as spiritus in die buiteland word, Die sogenaamde "surplus" het die K.W.V. dus gratis en as hierdie "surplus" later in die buiteland verkoop word, dan hoef die K.W.V. dit nie in die vorm van 'n bonus aan die boere uit te betaal nie. Dit is aan die verkopings van die "surplus" waaraan die K.W.V. sy voorspoedsjare te danke het. Hierdie surplus-opbrengste is sodanig dat die K.W.V. die heffing van 10/- op die verkoopbare deel van die stookwynoes, in 'n bepaalde jaar, vir 1943 onnodig geag het deurdat administrasie- en uitbreidingskoste uit die surplus aangesuiwer kon word.

Die handelaars het die prys van £7 18 9 per lêer teen 20° proefspiritus, bestry, maar die Appèlraad het die beslissing van die K.W.V. gehandhaaf op grond van die feit dat die kleinhandelsprys dit toelaat. Nieteenstaande die feit dat die prys wat die handelaars vanaf 1924 moes betaal vir stookwyn, verhoog is, is die prys van brandewyn per sopie vandag laer as wat dit was voordat die minimum prys in 1924 vasgestel is.

Die beheer deur die K.W.V. uitgeoefen, het nie van die staanspoor glad gewerk nie. Verskeie handelaars het bv. aansienlike hoeveelhede wyn voor 1924, toe die moontlikheid van 'n Kontrole Wet rugbaar geword het, aangeskaf en in voorraad gehou. Die Kontrole Wet was nie van toepassing op hierdie wyne nie, maar slegs op wyne van die 1924 oes en die daaropvolgende jare. Eers in 1926 kon die Aksyns-departement meedeel dat hierdie wyne verbruik is. Ook op ander slinkse maniere is pogings aangewend om die Wet te ontduik, waarvan sommige suksesvol was en ander weer minder. Hierdie ontduikings is tot 'n groot mate uitgeskakel deur strenger optrede van die Aksynsdepartement.

Volgens die Kontrole Wet van 1924, is tafelwyn spesifiek vrygestel van beheer deur die K.W.V. Dit het geskied onder aandrang van die produsente wat geen moeilikheid met die afset van goeiewyn ondervind het nie. Aanvanklik het die wetsontwerp goeiewyn ook ingesluit maar om die hele wet nie te laat skipbreuk ly nie, is goeiewyn uitgelaat. Die beheer van goeiewyn is ook onnodig geag deurdat die beskouing deur sommige gehuldig is dat die prys van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goeiewyn vanself gereël sou word in terme van die stookwynprys. Daarna het die goeiewynboere genoeg les opgesê deur te aanskou hoe dat hulle goeiewyn sommige jare teen selfs laer pryse as stookwyn moes verkoop. Eers in 1940 het die K.W.V. beheer oor goeiewyn verkry.

Behalwe tafelwyne is ook ander produkte van die wingerdstok soos tafeldruiwe, rosyntjies en sultanas vrygestel van beheer.

'n Ander bepaling van die Wet wat in die eerste jare van besondere waarde vir die K.W.V. geblyk het, is dat 25% van die brandewynmengsels wat na 1 Junie 1928 op die mark geplaas word, minstens drie jaar veroudering in hout moes ondergaan. Hierdie bepaling was daarop gemik om die kwaliteit van ons brandewyn te verbeter maar het as gevolg gehad dat in die volgende drie of vier jaar handelaars verplig was om ten minste 25% tot 30% meer stookwyn as hulle normale benodighede vir verstoking na brandewyn te koop om sodoende die bepalings in verband met die Wet in 1928 na te kom. Om die handelaars tegemoet te kom het die K.W.V. onderneem om handelaars, wat hulle eie brandewyn stook, te finansiëer deur vergoeding uit te stel tot na die verouderingsperiode.

Die na waardeskatting van Wet No. 5 van 1924, is 'n besonder moeilike taak. Daar is reeds op gewys dat prysbeheer sonder produksiebeperking (waarvoor die Wet nie voorsiening gemaak het nie) ondergang kan bewerkstellig deurdat oorproduksie aangemoedig word. In die wynnywerheid blyk dit ook duidelik (uit gegewens wat in die volgende hoofstuk verskaf word) dat produksie na 1924 baie snel vermeerder het. In hoeverre hierdie toename in produksie aan die Wet moet toegeskryf word -- ongetwyfeld het dit produksie stimuleer -- is nie 'n uitgemaakte saak nie. Die volgende oorwegings moet by die beoordeling van die uitwerking van die Wet altyd in gedagte gehou word:-

Waar die prysbeheer, deur die K.W.V., Bespreek word, is dit noodsaaklik om die toestand in die wynbedryf voor die toepassing daarvan (wat dus die aanleidende oorsaak van die prysbeheer is), na te gaan sowel as die toestande daarna. Waar dikwels 'n fout begaan word by beoordeling van 'n skema, is om die toestande wat na die inwerkingtreding van 'n skema heers, alleenlik toe te skryf aan die uitwerking

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die skema. Dit het ook dikwels in die verlede gebeur waar kritiek uitgebring is op die prysbeheer van die K.W.V. en o.a. deur kommissies wat die saak ondersoek het. Die blaam vir die stookwyn-surplusse is op die vasstelling van die stookwynpryse gelê. Hoe sonder genoegsame bewyse so 'n aanvoering is, blyk ten opsigte van die feit dat by feitlik alle produkte daar in die afgelope twee dekades geweldige vermeerdering in produksie plaasgevind het sonder dat pryskontrole toegepas is. In die geval van vrugtebou, wat met wynbou in 'n groot gedeelte van die Westelike Provinsie meeding, is 'n uitstekende voorbeeld te vind. Desnieteenstaande die feit dat die vrugteboere goeie winste gemaak het tot ongeveer 1929, het wynbou nogtans toegeneem. Na alle waarskynlikheid was vrugtepryse gedurende daardie jare meer lonend as wynpryse. Die uitbreiding in wynbou kan dus aan ander faktore ook toegeskryf word. Die goeie natuurlike tuiste wat die wingerdstok hier gevind het, is na alle waarskynlikjeid een van die grootste oorsake. Daarenteen het die vrugteboer nog altyd te kampe gehad met probleme in produksie (soos vertraagde bot) wat die verbouing van vrugte baie bemoeilik het en op sommige plekke bykans onmoontlik gemaak het.

Dit moet onthou word dat toe die prysbeheer deur die K.W.V. 'n aanvang geneem het, die bedryf reeds in 'n wanhoopstoestand verkeer het. Buitendien is met 'n dinamiese proses te doen -- die posisie het ontwikkel tot waar dit in 1924 was en daar het die ontwikkeling nie opgehou nie maar steeds voortgegaan. Prysbeheer kon slegs daardie ontwikkeling in een of ander rigting beïnvloed maar die ontwikkeling kan nie uitsluitlik aan die prysbeheer van die K.W.V. toegeskryf word nie. Waar die invloed van prysbeheer dus na waarde geskat word, moet di huidige posisie nie vergelyk word met wat in 1924 geheers het nie maar met die posisie wat vandag sou geheers het as die K.W.V.-prysbeheer nie daar was nie m.a.w. vergelykings moet op dieselfde tydbasis geskied. Dit word wenslik geag om hierdie vergelyking grafies te doen.

AB toon die gang vanaf 1900 tot 1924 BG toon die tendens in 1924 aanwesig, verleng tot 1940. Die werklike gang vanaf 1924 word deur BC aangedui. D is die posisie wat in 1924 geheers het, oorgeplaas na 1940 en E diè van 1900 oorgeplaas na 1940.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



DENKBEELDIGE VOORSTELLING.

Om die uitwerking van die prysbeheer na te gaan moet C met G vergelyk word en nie, soos dikwels in die praktyk gedoen word C met D of selfs E nie. Hierdie posisie van G sou matematies korrek bepaal kon word as die tendens AB enige reëlmaat getoon het en die verlenging daarvan toelaatbaar was. Beide is nie die geval nie. Weens die feit dat die faktore vraag, aanbod en produksiekoste, wat die ekonomiese posisie van die bedryf beïnvloed van jaar tot jaar mag verskil, is die waarskynlikheid dat AB 'n reëlmatige kurwe of reguitlyn is, gering. In die geval van wynbou was dit dan ook nie so nie. Daarom is dit moeilik om presies te meet hoe om AB te verleng na G sodat G presies die posisie in 1940 sou aandui: maar al het daar ook enige reëlmaat in AB bestaan, is die verlenging nogtans nie toelaatbaar nie want die langgesigspunt verskil van die kortere gesigspunt. Na 'n bepaalde tydsverloop, geld die teenoorgestelde tendens. Dit kom ooreen met die pendulum van 'n horlosie wat op 'n bepaalde tydstip weer terugswaai. Die waarheid hiervan sal later duidelik word.

Om hierdie redes kan G se posisie nie haarfyn aangedui word nie na waardeskatting van die prysbeleid van die K.W.V. kan gevolglik slegs met by benadering gedoen word. Omdat G nie in die praktyk aangedui kan word nie, sal daar ook geen poging in die rigting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangewend word nie, maar dit is noodsaaklik om altyd in gedagte te hou dat daar wel so 'n posisie soos G teoreties bestaan en dat die waarskynlikheid van saamval met C baie gering is.

Wat wel met sekerheid gesê kan word is dat as die prysbeheer nie deur die K.W.V. verkry is nie en 'n beleid van laissez-faire voortgeduur het sou dit die ondergang van baie boere meegebring het. Inderdaad, die toestand in 1924 het die wynboere al tot paniek gedryf. Dat die terugswaai nie in 1924 sou kom nie d.w.s. dat beter dae nie onmiddellik na 1924 sou aanbreek nie spruit uit die feit dat die totale verbruik in 1924 en 1925 min of meer konstant was nl. 1,769,857 en 1, 768,697 proefgellings respektieflik, terwyl die produksie nie skielik kon afneem nie omdat die wynstok 'n permamente kultuur is en die aanbod dus nie aanmerklik van jaar tot jaar volgens prys kan wissel nie. (As die produksie vir die voorafgaande jare min of meer konstant gebly het, kan gesê word dat produksie op die punt was om te verminder, maar dit is nie die geval nie, soos afgelei kan word uit gegewens reeds verstrek). Produksiekoste het ook geen moemenswaardige verandering ondergaan nie. Dus: vraag en produksiekoste het konstant gebly, terwyl aanbod vermeerder het. Die resultaat was dat die ekonomiese posisie van die wynboer versleg het.

Toe die K.W.V. prysbeheer verkry het, is die prys dadelik verhoog van £3 in 1922 en nog laer in 1923, tot £4 4 8, £4 15 3, £5 0 6½, in 1924, 1925 en 1926 respektiewelik. Met sekerheid kan gesê word dat die prysbeheer deur die K.W.V. die redding was vir 'n groot aantal boere in 1924. Aanvanklik was die K.W.V. prysbeheer dus 'n definitiewe sukses. Selfs gedurende een van die swaarste depressies wat die wêreld ooit belewe het, is daarin geslaag om die kop van die wynboer bo water te hou. Wanneer die terugdraai-punt sou gekom het in die dalende prysgety as die K.W.V. nie prysbeheer uitgeoefen het nie, is onbekend. Daar is een faktor ten minste, wat dit sou vertraag het nl. die permanente geaardheid van die wynstok -- die boer voel nie baie geneë om die wynstok, wat hy geplant het en wat aan hom in die eerste 3-4 jaar geen inkomste besorg het nie maar slegs geldbesteding geverg het, uit te kap sodra die eerste paar oeste te voorskyn tree nie, al is die inkomste daarvan maar gering. Die boer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leef altyd op die hoop op beter dae. Maar aan die anderkant word deur sommige geglo dat as aan die ekonomiese gang van sake vrye teuels gegee word, daar nie 'n beter redmiddel teen lae pryse is nie as juis lae pryse.

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid beweer word dat die prysbeleid van die K.W.V., onder die Kontrole Wet van 1924, daarin geslaag het om ten minste een ekonomiese krises vir die wynboere te vermy. Wat die uitwerking van die prysbeheer op die lang duur sou wees, is nie so 'n uitgemaakte saak nie want die Kontrole Wet van 1940 het die gang van sake onderbreek en deels beëindig. In die volgende hoofstuk sal die ontwikkeling van die bedryf na 1924 geskets word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8.

DIE TOESTAND IN DIE WYNBEDRYF TUSSEN 1924 EN 1940.

Die periode 1924-40 kan om twee redes afsonderlik behandel word; eerstens, omdat wetgewing om die Kontrole Wet van 1924 aan te vul t.o.v. beheer oor goeiewyn en produksie eers in 1940 plaasgevind het en tweedens, omdat die Tweede Wêreldoorlog bemarkingstoestande na 1940 in die war begin stuur het. Vir die doel van hierdie verhandeling is hierdie periode van besondere belang omdat geen produksiebeheer toegepas is nie alhoewel prysbeheer tog in swang was.

Die gegewens wat volg is saamgestel om die ontwikkelingsgang van die bedryf gedurende hierdie periode, aan te toon en die noodsaaklikheid van produksiebeheer, wat daaruit duidelik sal blyk, word beklemtoon. 'n Poging is aangewend om die kwantitatiewe, kwalitatiewe en geografiese rigtings, waarin produksie plaasgevind het, op die voorgrond te bring. Die tabelle en grafieke sal saam gegee en bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 2.[23]

GETAL DRAENDE WINGERDSTOKKE IN DIE BELANGRIKSTE WYNBOUDISTRIKTE.

(Uitgedruk in duisendtalle)

1927-1940.

Jaar	Caledon	Paarl	Malmesbury	Kaap	Ceres en Tulbagh.	Stellenbosch	Worcester	Montagu en Robertson	Totaal
1927	1,103	19,163	5,480	2,686	3,010	11,381	15,955	12,394	71,074
1930	941	16,163	5,922	2,538	2,793	11,923	19,265	15,620	75,523
1933	1,135	20,375	5,022	3,383	3,399	14,662	23,616	22,948	95,564
1935	1,191	21,338	6,555	3,801	4,303	16,434	25,813	22,806	102,244
1936	1,375	21,706	6,668	4,180	5,837	16,330	25,715	28,993	110,808
1937	1,460	23,238	7,072	4,214	4,954	18,191	27,012	24,674	110,818
1938	1,625	22,190	6,877	5,006	4,600	20,152	27,773	27,900	116,126
1939	1,658	27,229	6,792	5,141	4,991	20,691	29,176	28,500	124,181
1940	2,010	23,369	6,890	5,552	5,152	22,504	31,190	32,561	129,952
Meer in 1940 as in 1927:									
	907	4,205	1,410	2,866	2,141	11,123	15,954	20,167	58,877
Persentasie meer in 1940 as in 1927									
	82	22	26	107	70	100	100	162	83

(23) Baseer op Tabel 1 van Wynkommissie Verslag, aangevul deur gegewens verstrek deur K.W.V.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongelukkig kan nie te veel waarde geheg word aan tabel 2 nie, want die gegewens is afkomstig van vorms deur boere ingevul. Buitendien sou dit van meer waarde gewees het as gegewens aangaande die oppervlakte met wingerd beplant daarmee saamgegaan het, want daar het definitief in die laaste jare 'n neiging by die boere posgevat om stokke wyer te plant en tog ongeveer dieselfde hoeveelheid per oppervlakte-eenheid, te oes. 'n Meer betroubare opname betreffende aantal en oppervlakte sal eersdaags beskikbaar wees. Tabel 2 kan dus slegs dien om aan te toon dat in al die belangrikste wynboudistrikte daar 'n gestadigde toename in die getal draende stokke was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.[24]

WYNOESTE VAN VERNAAMSTE DISTRIKTE.

(Uitgedruk in lêers van 20° P.S. 1924-40)

	Stellenbosch	Paarl	Worcester	Montagu	Robertson	Totaal vir alle distrikte	Rosyne en gedroogde druiwe	Totaal
1924	17,059	27,507	20,088	7,126	8,533	95,211	20,347	115,558
1925	19,119	27,951	28,969	8,859	12,917	114,203	22,431	136,634
1927	18,209	26,087	30,261	8,275	15,848	116,444	19,427	135,871
1928	25,273	35,458	33,533	8,121	14,487	143,444	16,059	159,503
1929	19,772	28,247	43,978	11,239	24,321	145,348	14,374	159,222
1930	21,338	33,782	45,644	12,506	29,664	162,369	13,218	175,586
1931	22,918	30,761	35,715	12,639	27,250	149,262	16,686	165,948
1932	28,203	35,103	46,377	16,089	35,133	185,930	21,491	207,421
1933	27,844	39,537	42,060	16,727	31,894	182,220	25,221	207.491
1934	27,355	42,388	48,312	19,072	34,806	202,444	24,538	226,982
1935	27,404	38,477	48,940	20,115	36,042	196,025	24,835	220,860
1936	35,400	46,493	59,062	22,838	36,289	229,349	19,156	248,503
1937	31,171	36,766	54,418	23,643	41,735	217,383	27,942	245,345
1938	43,226	47,806	51,813	27,464	38,817	244,406	33,807	278,213
1939	34,906	40,573	73,077	31,411	56,485	269,349	20,959	290,308
1940	46,218	52,572	79,623	35,930	56,786	309,176	16,877	326,053
Vermeerdering 1940 teen 1924	29,159	25,065	59,535	28,804	48,253	313,965	-	110,495
% Vermeerdering 1940/24	170	91	296	404	579	224	-	-

(24) Baseer op Tabel 11 van Wynkommissie Verslag en aangevul deur K.W.V.-kantoor gegewens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



GRAFIEK 1. TOENAME IN PRODUKSIE IN VERNAAMSTE WYNDISTRIKTE (Afgelei van tabel 3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 3 en die grafiek, stel die toename in produksie voor in die verskillende distrikte. Veral opvallend is die produksievermeerdering in die distrikte "agter die Berg", waarvan Robertson die uitstaande is. Produksie in Montagu het ook vinnig gestyg, terwyl Worcester op 'n baie hoë kerf begin het en vandag nog voor loop. Hierdie distrikte is in staat gestel om produksie tot so 'n hoogte te bring deur die daarstelling van beter besproeiingsfasiliteite soos bv. die Brandvleidam, wat in 1925 voltooi is. Die ouer, gevestigde distrikte "duskant die Berg", het produksie ook geleidelik verhoog maar lank nie tot so 'n mate soos die distrikte anderkant die berg nie. Die produksie in hierdie distrikte wissel ook meer van jaar tot jaar as gevolg van die feit dat besproeiing by uitsondering toegepas word en die oes tot 'n groot mate afhanklik is van reënval, veral gedurende die somermaande.

Tabel 4 toon aan dat die grootste aantal wynboere redelike klein produsente is. In 1939 het ongeveer 73% van die wynboere minder as 100 lêers produseer. Verder toon die tabel aan dat daar ongeveer 3,000 plase is, waarop wyn produseer word, waarvan die meeste in die nuwere wynboudistrikte geleë is. Terwyl die Paarl-distrik slegs 7 plase het waarop meer as 350 lêers produseer word, het Robertson 35 en is dan ook die distrik waarin die meeste groot produsente voorkom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 5.[26]

PRODUKSIE VAN DIE VERSKILLENDE WINGERDPRODUKTE UITGEDRUK IN LÊERS WYN VAN 20° P.S. (1924-1940).

Jaar van Wynoes	Totale Wynoes	Rosyntjies en Sultanas	Wyn vir eie gebruik (boere)	Goeiewyn	Stookwyn
1924	115,558	20,347	4,855	39,831	50,525
1925	136,634	22,431	5,026	38,263	70,914
1926	133,976	19,711	4,900	38,920	70,445
1927	135.871	19,427	4,582	38,734	73,128
1928	159,503	16,059	5,032	43,225	95,187
1929	159,722	14,374	3,681	35,689	105,978
1930	175,586	13,218	4,144	44,913	113,311
1931	165,948	16,685	4,147	47,496	97,620
1932	207,421	21,491	4,953	46,420	134,557
1933	207,491	25,221	5,019	56,171	121,080
1934	226,983	24,438	5,261	65,950	131,234
1935	220,860	24,835	5,573	69,835	120,617
1936	248,505	19,156	5,643	59,261	164,445
1937	245,325	27,942	5,746	63,515	148,122
1938	278,213	33,807	6,065	74,850	163,491
1939	290,308	20,959	5,457	76,801	187,091
1940	326,053	16,877	6,175	79,954	223,047
Persentasie verandering 1940 oor 1924	+ 282%	± Dieselfde	+ 127%	+ 208%	+441%

(26) Baseer op TaberV van Wynkommissie Verslag en aangevul deur gegewens verstrek deur K.W.V.-Kantoor. Hierdie tabel is afkomstig van vorms deur boere ingevul en is dus nie absoluut korrek nie. Gegewens oorspronklik deur boere verstrek is nooit betroubaar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



GRAFIEK 2. TOTALE PRODUKSIE VAN WYN 1924-40. (Afgelei van tabel 5).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos reeds vermeld, kan daar nie veel peil getrek word op die gegewens in Tabel 5 verstrek nie. Die syfers wat die totale produksie aantoon en waarvan grafiek 2 afgelei is, kan as juis aanvaar word. Grafiek 2 illustreer die steeds toenemende produksie vanaf 1924 tot 1940. Opvallend veral is die toename wat konsekwent vanaf 1928 waar te neem is, terwyl die produksie in 1925, 1926 en 1927 betreklik konstant gebly het. Hierdie feit word gewoonlik toegeskryf aan die Wet van 1924, wat sy invloed op produksie van ongeveer 1928 laat geld het (daarvoor moes aanplanting reeds vroeër geskied het) maar ongetwyfeld bestaan daar nog ander oorsake ook soos die besproeiïngsmoontlikhede, na die voltooing van die Brandvleidam.

Tabel 6 behandel die vermeerdering in produksie en afset van gedroogde wingerdprodukte. Op hierdie manier is jaarliks ontslae geraak van 'n aansienlike deel van die oes wat andersins 'n direkte bydrae tot die surplus sou gewees het. Gedurende die dae van prohibisie in die V.S.A. was die vraag na rosyne, gemaak van Hermitage-druiwe, aansienlik omdat dit 'n slinkse manier was om 'n potensiële bron van druiwe-alkohol in die hande te kry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 6 (27)

PRODUKSIE, UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN ROSYNE EN SULTANAS. (Uitgedruk in terme van gedroogde vrugte, 1924-40.) (Tonnemaat).

Jaar	Totale Produksie van Rosyne en Sultanas	Rosyntjies en Sultanas uitgevoer	Rosyntjies en Sultanas in die Binneland verbruik.
1924	5,087	3,336	1,751
1925	5,608	2,047	3,561
1926	4,928	2,478	2,450
1927	4,857	1,812	3,045
1928	4,015	2,879	1,136
1929	3,593	1,396	2,197
1930	3,562	1,206	2,356
1931	4,355	3,202	1,153
1932	5,580	3,264	2,316
1933	6,880	5,254	1,626
1934	6,304	3,523	2,781
1935	6,836	4,729	2,107
1936	7,603	4,789	2,814
1937	7,493	6,662	1,709
1938	10,091	8,068	2,699
1939	10,255	6,282	3,973
1940	11,092	5,603	5,489

(27) Baseer op Tabel VI van Wynkommissie Verslag en aangevul deur gegewens verstrek deur Droëvrugteraad. Die Droëvrugteraad bestaan slegs vanaf 1939 en gegewens vanaf daardie jaar is juis. Voorheen is gegewens verkry van die Departement van Sensus en Statistieke, wat weer hul gegewens van Droëvrugte verpakkers gekry het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 7.

SUBSIDIE DEUR DIE K.W.V. OP ROSYNTJIES EN SULTANAS BETAAL.

(1923-1940) (28)

Jaar van Wynoes	Subsidie-bedrag in £
1923	18,330
1924	44,044
1925	24,555
1926	21,471
1927	28.003
1928	23,301
1929	11,580
1930	14,514
1931	22,429
1932	13,278
1933	20,862
1934	14,612
1935	28,921
1936	35,515
1937	56,912
1938	71,566
1939	36,849
1940	956
TOTAAL	487,758

Tabel 7 gee 'n insage in die finansiële bydrae wat die K.W.V. gedoen het om die produksie van gedroogde wingerdprodukte aan te moedig om sodoende die surplus in stookwyn te verlig. Gedurende die periode onder bespreking is byna 'n halfmiljoen pond vir hierdie doel deur die K.W.V. uitbetaal. Die produksie van gedroogde druiwe tot so 'n mate soos uit tabel 6 blyk, moet dus tot 'n groot mate toegeskryf word aan die ondersteuning van die K.W.V. Alhoewel hierdie beleid van die K.W.V. miskien daarin geslaag het om die surplus tydelik te verlig, het dit op die lang duur buitensporige produksie, wat tot 'n las ontwikkel het aangemoedig.

Tabel 8 toon aan dat daar 'n geleidelike toename in die uitvoer van K.W.V.-versterkte wyn plaasgevind het, waarvoor baie van die "surplus"-spiritus voordelig aangewend kon word. Hierdie uitvoer moet tot 'n groot mate toegeskryf word aan die voorkeur wat Rykswyne in Groot Brittanje geniet het. Geleidelik het Suid-Afrikaanse wyne 'n staanplekkie gevind in Groot Brittanje en begin vandag toegang kry tot die hoër kringe, terwyl die kantienhandel feitlik die enigste vorm van afset gebied het voor hierdie ontwikkeling.

(28) Baseer op Tabel 7 van Wynkommissie Verslag en aangevul deur gegewens van die K.W.V.-kantoor verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 9.(32)

PRYSE VIR GOEIEWYN EN STOOKWYN PER LÊER AAN BOERE BETAAL. 1924-1940.

Jaar van Wynoes	Hoof Kwaliteitswyn uitvoertipe	Goeiewyn	Stookwyn	Verskil in prys tussen goeiewyn en stookwyn
	£	£	£	£
1924	12	6 10 -	4 4 88	2 5 4
1925	12	6 10 -	4 15 3	1 9 9
1926	12	6 10 -	5 - 6	19 6
1927	12	6 15 0	5 - 6	1 14 6
1928	12	7 7 -	5 0 6	2 6 6
1929	12	6 9 6	4 15 3	1 14 3
1930	12	5 14 7	3 19 4	1 15 3
1931	12	5 - -	3 11 5	1 8 7
1932	12	4 10 3	3 3 6	1 6 9
1933	12	4 12 -	3 3 6	1 8 6
1934	12	5 - -	3 14 1	1 5 11
1935	12	5 7 -	3 14 1	1 12 11
1936	11-12	5 - -	4 9 11½	1 10 0½
1937	11-12	5 - -	4 4 3½	15 8½
1938	11-12	5 - -	4 4 3½	15 8½
1939	11-12	5 - -	4 4 3½	15 8½
1940	11-12	5 - -	4 4 3½	15 8½

Uit Tabel 9 word afgelei dat sedert 1924 daar geen wesentlike verandering in stookwynpryse plaasgevind het nie. Weliswaar het stookwynpryse gedurende die depressiejare aanmerklik gedaal maar het daarna weer na die 1924 hoogte gestyg. Buitendien beteken lae pryse gedurende die depressiejare nie altyd 'n vermindering in die reële inkomste van die boer nie want produksiekoste en lewenskoste daal ook. Wat wel interessant is, is dat die prys van goeiewyn al nader na diè van stookwyn beweeg het. Hierdie toestand kon alleen veroorsaak word deur 'n oorproduksie van goeiewyn want as die boer sy wyn gemaak het, kom hy voor die keuse te staan om die wyn aan die K.W.V. teen stookwynprys te lewer of om die prys te aanvaar wat die handelaar hom aanbied. As aangeneem word dat die produksiekoste van goeiewyn hoër is as diè van stookwyn, het die posisie van die goeiewynboer ongetwyfeld uiters moeilik geword. Die noodwendige gevolg moes 'n verswakking van die kwaliteit van goeiewyn wees -- 'n feit wat noodwendig besorgdheid meebring.

(30) Baseer op Tabel X van Wynkommissie Verslag en aangevul met gegewens deur K.W.V.-kantoor verstrek. Kwaliteits-en goeiewyn-pryse volgens skattings van die K.W.V.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 10A.(31)

TOTALE HOEVEELHEID GOEIEWYN AANGEKOOP (DEUR K.W.V. EN HANDELAARS), UITGEDRUK IN LÊERS WYN VAN 20°ps,1924 - 1940.

Jaar van Wynoes	Totale Hoeveelheid goeiewyn aangekoop. (Lêers.)
1924	39,831
1925	38,263
1926	38,920
1927	38,734
1928	43,225
1929	35,689
1930	44,913
1931	47,496
1932	46,420
1933	56,171
1934	65,950
1935	69,835
1936	59,261
1937	63,515
1938	74,850
1939	76,801
1940	79,954

TABEL 10B.(32)

STOOKWYNPRODUKSIE, UITGEDRUK IN LÊERS WYN VAN 20° P.S. (1924-40)

Jaar van Wynoes	Hoeveelheid gestook onder toesig van Dept. van Doeana en Aksyns	Hoeveelheid vernietig of voor stook deur K.W.V. in ander produkte omgesit	Totale Stookwynproduksie.
1924	65,920	1,732	67,652
1925	72,644	2,316	74,960
1926	70,050	2,732	72,782
1927	72,152	2,223	74,375
1928	90,643	6,205	96,848
1929	103,706	5,883	109,589
1930	108,100	3,949	112,049
1931	96,350	5,684	102,214
1932	111,636	27,108	138,744
1933	98,507	29,735	128,342
1934	105,737	22,138	127,875
1935	105,432	24,076	129,508
1936	127,807	34,201	162,008
1937	140,131	21,906	162,037
1938	148,613	20,661	169,274
1939	163,300	27,615	190,915
1940	196,001	29,113	225,114

(31) Baseer op Tabel VIII van Wynkommissie Verslag en aangevul met gegewens deur K.W.V.- kantoor verstrek

(32) Baseer op Tabel XI van Wynkommissie Verslag en aangevul met gegewens deur K.W.V.-kantoor verstrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



GRAFIEK 3. GOEIEWYN- EN STOOKWYN-PRODUKSIE 1924-40 (Afgelei van Tabelle 10A en 10B).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grafiek 3 toon aan hoe dat stookwyn-produksie baie vinniger toegeneem het as goeiewynproduksie. Verder toon dit aan dat die bedryf in 1924 op 'n stookwynbasis was en alhoewel die surplus toe alreeds uitgemaak is deur stookwyn, die bedryf nie daarin geslaag het om hierdie euwel uit die weg te ruim nie maar inteendeel dit in krag laat toeneem het. Die toestand is nog veel erger as wat die grafiek aantoon omdat baie van die wyne wat as goeiewyn beskou word niks anders is as wyne wat eintlik in die stookgat tuishoort nie. Slaag 'n boer daarin om sy wyn van die hand te sit aan iemand wat nie die wyn verstook nie maar selfs vir gewone binnelandse kantienhandel gebruik, dan heet sulke wyn: goeiewyn, terwyl sy minder gelukkige medeboer wat dieselfde kwaliteit wyn het maar dit nie as sulks kan verkoop nie, sy wyn as stookwyn moet lewer. Daar is geen streng skeidslyn tussen baie van die sogenoemde goeiewyne en gewone stookwyn nie.

TABEL 11A.

PRODUKSIE, VERBRUIK EN VORRADE OP HANDE VAN SPIRITUS EN BRANDEWYN WERKLIK GESTOOK EN STOOKWYN GEBRUIK VOOR STOOK IN DIE UNIE, UITGEDRUK IN LÊERS.

(Wyn teen 20° P.S., 1924 - 40).

Jaar	Produksie Stookwyn gebruik voor stook en spiritus werklik gebruik.	VERBRUIK EN ANDER GEBRUIKE Spiritus as alkohol in Unie verbruik	Spiritus gebruik vir verstering van wyn	Spiritus uitgevoer	Tekort, slekkasie spiritus en stookwyn vir ander doeleindes gebruik	Totale hoeveelheid spiritus en stookwyn gebruik	Stookwyn en Spiritus vernietig	Voorrade Spiritus en Brandewyn aan end van jaar op hande
1924	67,652	35,883	21,090	2,199	12,128	71,300	112	81,777
1925	74,960	36,574	20,127	1,520	13,729	71,950	-	84,787
1926	72,782	38,135	23,507	1,433	15,293	78,368	-	79,201
1927	74,375	37,490	27,610	1,403	12,411	78,921	-	74,655
1928	96,848	37,622	31,459	1,434	14,287	84,802	17, -	86,701
1929	109,589	35,087	33,451	1,544	14,094	84,176	-	112,114
1930	112,049	33,144	38,080	1,123	13,860	86,207	-	137,956
1931	102,214	30,359	43,758	1,427	16,467	92,011	-	148,159
1932	138,744	27,143	42,382	1,276	19,083	89,884	17,291	179,728
1933	128,242	28,856	46,470	1,718	23,457	100,451	26,509	181,010
1934	127,875	34,001	65,408	2,169	26,778	128,356	12,104	168,424
1935	129,508	37,370	58,132	2,142	33,179	130,823	7,618	159,490
1936	162,008	41,655	60,308	2,934	41,738	146,735	4,912	170,842
1937	162,037	45,426	53,952	3,823	33,209	136,410	379	197,267
1938	169,274	46,942	64,234	4,064	33,051	148,291	2,142	217,674
1939	190,915	48,755	68,543	4,472	38,470	160,240	3,281	245,067
1940	225,114	54,111	77,759	10,371	42,688	184,929	2,121	283,131

(33) Baseer op Tabel XII van Wynkommissie Verslag en aangevul met gegewens deur K.W.V.-kantoor verstrek. (Spiritus sluit brandewyn ook in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 11B.(34)

SPIRITUS GEBRUIK DEUR DIE K.W.V. EN DIE HANDELAARS VIR DIE VERSTERKING VAN WYN.

UITGEDRUK IN LÊERS VAN 20° P.S. (1924 - 40)

Jaar.	Totale hoeveelheid spiritus gebruik vir Versterking van Wyn	Spiritus gebruik deur die K.W.V. vir versterking van Uitvoerwyn	Spiritus gebruik vir versterking van wyn vir Binnelandse Verbruik
1924	21,090	-	21,090
1925	20,127	-	20,127
1926	23,507	-	23,507
1927	27,610	4,235	23,375
1928	31,459	6,347	25,112
1929	33,451	1,076	22,475
1930	38,080	14,376	23,704
1931	43,758	21,048	22,710
1932	42,382	20,182	22,200
1933	46,420	22,901	23,519
1934	65,408	38,368	27,040
1935	58,132	25,134	32,818
1936	60,308	26,841	33,467
1937	53,592	19,536	34,416
1938	64,234	25,471	38,763
1939	68,543	27,724	40,819
1940	77,759	34,811	42,948

TABEL 11C.(35)

HOEVEELHEDE STOOKWYN EN SPIRITUS GEABSORBEER DEUR "TEKORT, LEKKASIE EN ANDER GEBRUIKE"

UITGEDRUK IN LÊERS WYN VAN 20° P.S. (1924-40)

666

Jaar	Stookwyn druiwe in moskonfy omgesit.	Stookwyn en Spiritus gebruik vir maak van asyn.	Stookwyn druiwe in druiwesap omgesit.	Stookwyn en spiritus gebruik vir kuns, verfraaing ens.	Spiritus gebruik deur boere vir eie gebruik	Tekort lekkasie en ander verliese	Totale hoeveelheid spiritus en stookwyn absorbee
1924	492	2,991	-	2,980	1,653	4,556	12,128
1925	1,190	3,041	-	3,593	1,612	4,293	13,729
1926	1,221	3,189	-	4,422	1,408	5,503	15,293
1927	649	2,991	-	3,458	1,289	4,401	12,401
1928	4,137	3,271	-	1,025	1,452	4,402	14,278
1929	4,952	3,075	-	163	791	5,113	14,049
1930	3,514	4,069	-	183	1,289	4,805	13,860
1931	5,414	3,724	-	153	1,466	5,710	16,467
1932	5,855	3,538	1,671	439	1,478	6,102	19,083
1933	6,648	3,460	3,205	928	1,951	7,265	23,457
1934	9,286	4,725	1,915	904	2,095	7,853	26,778
1935	15,716	4,517	2,700	1,226	1,948	7,072	33,179
1936	26,547	2,541	986	1,440	1,926	8,160	41,738
1937	24,809	2,499	585	1,533	1,861	8,036	33,209
1938	21,373	2,096	679	1,972	1,904	8,591	33,051
1939	26,494	2,036	618	1,884	1,726	8,793	38,470
1940	28,301	2,425	403	1,794	1,694	11,391	42,688

(34 en/35) Baseer op tabelle XIII enXIV van die Wynkommissie Verslag en aangevul met gegewens deur K.W.V.-kantoor verstrek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 11D.(36)

AFSET VAN BRANDEWYN, 1924 - 1940.

Jaar	Binnelandse verbruik van brandewyn (Proefgellings)	Brandewyn uitgevoer deur K.W.V. (Proefgeliings)
1924	911,427	-
1925	928,923	-
1926	968,631	-
1927	952,254	-
1928	954,595	-
1929	891,219	-
1930	841,846	639.6
1931	771,122	5,165.6
1932	689,442	5,445.6
1933	732,947	16,228.4
1934	863,634	17,084.2
1935	949,191	28,271.6
1936	1,058,037	46,387,7
1937	1,153,809	60,097.6
1938	1,192,327	64,696.0
1939	1,238,375	73,162.0
1940	1,374,432	211,110.8

Tabelle 11A,B,C, EN D slaag doeltreffend daarin om 'n oorsig te gee oor die stookwynposisie. Spiritus as alkohol in die Unie gebruik, het, b halwe vir 'n tydelike terugslag gedurende 1930-34 geleidelik gestyg -- dit beteken dat die verbruik van brandewyn toegeneem het. Dieselfde geld ook vir die hoeveelheid uitgevoer. Die sprong wat daar tussen die buitelandse afset in 1939 en die van 1940 bestaan moet waarskynlik aan die oorlogsomstandighede toesgeskyf word. Namate die hoeveelheid goeiewyn toegeneem het, het die afset van spiritus vir daardie doel ook gestyg. Ongelukkig kan min afgelei word van die laaste kolom van Tabel 11A, want die voorrade spiritus aan die end van die jaar, op hande, sluit brandewyn ook in wat vir veroudering geberg word en gevolglik is dit nie duidelik hoe groot die werklike surplus spiritus is wat van die een jaar na die ander oorgedra word nie.

(36) Gegewens verkry van die ,K.W.V.-kantoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 12.[37]

STOOKWYN-SURPLUSVERKLARINGS, 1924-1940.

Jaar	%Surplusverklaring.
1924	46.6
1925	40
1926	40
1927	40
1928	40
1929	40
1930	50
1931	55
1932	60
1933	60
1934	56.6
1935	53.3
1936	43.3
1937	43.3
1938	45.3
1939	43.3
1940	43.3

Tabel 12 toon die surplusverklarings aan waarvolgens die prys van die stookwyn dan bepaal word, soos in Hoofstuk 7 bespreek. Van 40% in 1925, het die surplus gestyg tot 60% in 1932 en 1933 en het daarna weer geleidelik gedaal tot 1936, waarna dit ongeveer konstant gebly het.

TABEL 13.[38] WYNOESTE VIR DIE VERTAAMSTE WYNDISTRIKTE, (uitgedruk in lêers, 20 PS, 1924-40)

	1924	1927	1930	1933	1935	1939	Stookwyn produksie 1939	1940	Stookwyn produksie 1940
Paarl	27,507	26,078	33,782	39,537	38,477	40,520	15,663	52,485	21,167
Malmesbury	5,548	6,472	6,458	8,206	7,891	7,426	3,013	8,513	3,122
Worcester	20,088	30,261	45,664	42,060	48,940	72,761	45,187	79,363	54,335
Caledon	1,445	1,864	2,278	2,332	2,490	4,319	3,679	4,512	4,045
Robertson	8,533	15,848	29,664	31,894	36,042	56,257	39,357	56,539	39,745
Montagu	7,126	8,275	12,506	16,727	20,155	27,504	21,031	33,252	26,558
Ceres en Tulbagh	3,853	1,864	5,657	5,991	7,190	10,570	7,621	11,550	8,589
Kaap	3,052	4,836	5,041	7,681	7,476	10,436	1,687	13,340	5,351
Stellenbosch bosch.	17,059	18,209	21,338	27,842	27,404	34,876	11,513	46,031	18,353

(37 en 38) Gegewens verkry van die K.W.V.-kantoor.



DIAGRAM I PRODUKSIE VAN STOOKWYN EN GOEIEWYN IN DIE VERSKILLENDE DISTRIKTE IN 1940 (AFGELEI VAN TABEL 13.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terwyl grafiek 3 die goeiewyn en stookwyn-posisie as 'n geheel weergee, bring diagram 1 op die voorgrond watter distrikte veral daarvoor verantwoordelik is. Weer sal opgelet word dat die distrikte Robertson, Montagu en Worcester uitstaande is in hierdie verband. Soos die gegewens aantoon het hierdie nuwere wynbou-streke tot 'n baie groot mate konsentreer op stookwynproduksie, terwyl die verhouding stookwyn tot totale produksie in die ouer streke baie minder is. Dit skyn dus of die nuwere distrikte stookwynproduksie meer lonend gevind het as goeiewynproduksie asook meer lonend as wat die ouer streke dit gevind het. Gevolglik was laasgenoemde verplig om hulle meer te bepaal by goeiewyn.

Ter opsomming van die ontwikkellingsgang van die bedryf tussen 1924 en 1940 kan gesê word:

1. Wynbou is die belangrikste boerderybedryf in die Westelike Kaapprovinsie. As sodanig vorm dit die basis van die ekonomiese lewe van die landbougemeenskap van hierdie streek.

2. Produksie van stookwyn het met 333% toegeneem en verbruik slegs met 259%, met 1924 as basis geneem.

3. In 1938 en 1939 het die tekort op die wynoes-poelrekening £254,657 bedra (m.a.w. die surplus is onder verklaar) en hierdie bedrag moes uit die surplus-voorraadrekening aangesuiwer word. Hoewel die K.W.V. as gevolg van sy sterk finansiële posisie ongetwyfeld in staat sal wees om die poelrekening op hierdie wyse nog vir 'n tyd te subsideer, is sy fondse beperk en buitendien in vaste bates belê. Indien produksie verbruik bly oortref, sou die K.W.V. nie in staat wees om 'n redelike prys vir die produsent te handhaaf nie.

4. Die pryse van tafelwyn het die produksie daarvan nie lonend gemaak nie. 'n Ander gevaar was die feit dat handelaars self begin tafelwyn maak het deur druiwe te koop, soms teen laer pryse as dié van stookwyn. Die onbillike mededinging kon uiteindelik die maak van tafelwyn deur wynboere heeltemal uitgeskakel het, wat 'n ramp vir die wynboere sou wees, en buitendien die gehalte van die wyn sou verswak. Met die verderflike lisensie-stelsel was die handelaars (of die meerderheid van hulle) nie bekommerd oor die kwaliteit van die wyn nie: hoe goedkoper die wyn, des te groter die winste. Uit-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eindelik sou al die groothandelaars hulle eie wyn maak om met mekaar mee te ding.

Hierdie onrusbarende wending het die bedryf genoodsaak om sy toevlug te neem na verdere beheer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan te moedig.

Die Minister van Landbou mag hierdie pryse goedkeur 14 dae nadat dit in die Staatskoerant publiseer is.

Geen produsent mag sy wyn aan enige wynkoper laer as die minimumprys plus 10/- heffing per lêer, verkoop nie. Die minimum prys geld nie vir wyne wat buite die Unie verkoop word nie. Om die uitvoer van wyn aan te moedig is o.a. die heffing van 10/- per lêer op wyne wat direk deur die produsent uitgevoer word,, opgehef. Die minimum pryse geld ook vir druiwe wat 'n handelaar van 'n produsent aankoop vir die maak van wyn -- slegs parskoste word afgetrek.

Ten opsigte van produksiebeperking het die Wet bepaal dat die K.W.V. die mag daartoe het maar dat so 'n skema die billikste onder omstandighede moet wees en dat dit die Minister se goedkeuring moet wegdra. Kragtens Artikel 9 van die Wet is die volgende skema vir die beperking van die produksie van alkohol opgestel en deur beide die Minister en die produsente goedgekeur:-

1. Dat 'n maksimum kwota vir die produksie van wyn aan elke wynbouer-grondeienaar van 'n bestaande wingerd, of, in die geval van 'n plaas wat geheel of gedeeltelik deur deelwerkers of huurders bewerk word, aan die wynbouers skriftelik deur so 'n grondeienaar benoem, toegeken word.

2. Dat hierdie maksimum kwota wat nie van een plaas na 'n ander plaas oordraagbaar sal wees nie, bereken word op:-

(a) die bestaande wingerde op die plaas in volle drag met die inwerkingtreding van Wet No. 23 van 1940;

(b) die bestaande wingerde op die plaas wat tydens die inwerkingtreding van Wet no. 23 van 1940, nog nie in drag of in volle drag was nie;

(c) die wingerde waarna in (a) en (b) verwys word, hetsy hulle vir die produksie van wyn, tafeldruiwe, rosyntjies, sultanas of korente gebruik word.

3. Dat vir die doeleindes om tot die Wynbouer se maksimum kwota soos reeds gemeld te geraak, die volgende basis aangeneem word:-

(a) met betrekking tot bestaande wingerde in volle drag met die inwerkingtreding van Wet No. 23 van 1940, die wynbouer se vorige hoogste produksievermoë waarvoor bewys gelewer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan word, of by gebreke aan hierdie bewys ten opsigte van sulke wingerde, die gemiddelde opbrengs van daardie druifsoort in sy onmiddelike omgewing en volgens dieselfde plantmetode;

(b) met betrekking tot bestaande wingerde, nog nie in drag of in volle drag nie met die inwerkingtreding van Wet No. 23 van 1940 die wynbouer se hoogste produksievermoë in vorige jare waarvoor bewys gelewer kan word, as die druifsoorte dieselfde is, of as hul nie dieselfde is nie, die gemiddelde van hierdie soorte vir die ommiddellike omgewing of albei sodanige gemiddelde vir die nuwe druifsoorte en die wynbouer se hoogste produksievermoë in die verlede van sy ou druifsoorte waarvoor bewys gelewer kan word.

4. Om in staat te wees om die gegewens te verkry waarop die toekennings in die vorige paragrawe genoem, baseer kan word, sal wynbouers verplig wees om opgawes in besonderhede te maak t.o.v. die volgende:-

(a) die aantal bestaande wingerde in volle drag met die inwerkingtreding van die Wet, die verskillende druifsoorte en die getal stokke van elke soort;

(b) dieselfde gegewens, tesame met die datums van aanplanting en hernuwings t.o.v. soorte nog nie in drag nie, en soorte nog nie in volle drag nie met die inwerkingtreding van die Wet

(c) die hoeveelheid van die verskillende produkte van die wynstok -- d.w.s. wyn (beide goeie- en stookwyn), spiritus, rosyntjies, sultanas, korente, tafeldruiwe, moskonfyt, ens. -- deur hom en/of sy deelwerkers of huurders gedurende die oesjaar van sy hoogste produksievermoë of die oesjaar 1939/40 geproduseer;

(d) volle besonderhede aangaande die afset van die verskillende produkte gedurnde die oesjaar van sy hoogste produksievermoë of die 1939/40 oesjaar geproduseer.

5 (a) (i) Dat 'n Komitee van drie, bestaande uit persone met 'n grondige kennis van die wynbou in al sy vertakkinge, benoem word om die maksimum kwota aan elke indiwiduele wynbouer toe te ken.

(ii) Dat Kommissies bestaande uit drie persone wat 'n grondige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kennis van die wynbou het, deur lede van die K.W.V. in elke kiesafdeling of streek, deur die Vereniging te word bepaal, benoem word, onderworpe aan die goedkeuring van die direkteure van die K.W.V., met die doel om die Komitee in sy werk behulpsaam te wees en by die Komitee aan te beveel die kwota wat aan elke indiwiduele wynbouer-grondeienaar behoort toegeken te word.

(b) Die Komitee sal toekennings maak met mag om indiwiduele plase asook die verskillende distrikte en streke te besoek met die doel om tot die vasstelling van sodanige kwota te geraak.

(c) Die toekennings van die Komitee sal egter aan die goedkeuring van die Raad van Direkteure van die K.W.V. onderhewig wees.

6. Dat, om die wynbouer aan te moedig om sy druiwe sover moontlik in nie-alkoholiese produkte te vervaardig, die K.W.V. sal waarborg dat die wynbouer sal kry vir sy druiwe wat hy in enige bepaalde jaar in nie-alkoholiese produkte vervaardig, minstens 'n prys gelykstaande aan die prys wat 'n boer vir stookwyn van dieselfde wynoes sal ontvang, mits dat sy totale tonnemaat-produksie nie sy maksimum kwota sal oorskry nie.

7. Tot tyd en wyl ekonomiese omstandighede 'n verdere uitbreiding regverdig, sal elke wynbouer wat sy produksie van wyn, in welke vorm ookal, tot bo sy maksimum kwota verhoog, op die volgende basis, behalwe die strawwe deur Wet no. 23 van 1940 neergelê, beboet word, nl.:-

(a) In geval sy produksie van wyn tydens ontdekking van sy oortreding nog nie verkoop of gelewer is nie, sal hy verplig wees om die hoeveelheid wyn, waarmee hy sy maksimum kwota oorskry het, aan die K.W.V. op sy eie koste en sonder enige vergoeding te lewer.

(b) In geval sy produksie van wyn tydens ontdekking van sy oortreding reeds verkoop of gelewer is, selfs al is dit in hande van die koper, sal enige afrekening of vergoeding deur die wynbouer ontvang, van hom geëis word of beslag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelê word op wyn waarmee die maksimum kwota oorskry word en waarvoor geen vergoeding nog ontvang is nie. Waar die koper egter kan bewys dat sy transaksie met die wynbouer te goeder trou en sonder die koper se kennis van enige bekende onreëlmatighede aangegaan was, kan die koopsom of enige vergoeding vir sodanige wyn deur die wynbouer ontvang en waarop beslag gelê is aan die koper terug betaal word.

8. (a) Dat, met die doel om voorsiening te maak vir uitbreiding in die wynbounywerheid in die toekoms, die K.W.V. te eniger tyd bestaande maksimum kwotas kan uitbrei, of kwotas toeken aan nuwe toetreders tot die bedryf, maar hierdie uitbreiding en toekenning van kwotas sal geskied wanneer dit uit die Stook-wyn-poelrekening bewys word dat die boer se prys vir stookwyn vir enige twee van drie agtereenvolgende jare in sodanige jare teen nie minder as £4 per lêer van 20 persent proefsterkte kon gereken word nie en dat daar 'n oorverklaring van die surplus van meer as 10,000 lêers was. Hierdie toekenning sal geskied tot die mate waarin die oorverklaring plaasgevind het;

(b) Dat as verdere uitbreiding toegestaan word, kwotas op die volgende basis toegeken sal word:

(1) 25% van enige uitbreiding wat toegestaan word, sal toegeken word aan nuwe toetreders tot die bedryf -- d.w.s. persone wat nog nie kwotas ontvang het nie, op voorwaarde dat geen nuwe toetreder 'n aanvangskwota van meer as 25 lêers sal ontvang of 'n aanvangskwota wat hoër is as diè in besit van 'n wynbouer alreeds in die bedryf en wat aansoek vir 'n verhoogde kwota gedoen het nie, plus enige nuwe kwota aan so 'n wynbouer uit dieselfde toekenning toegeken te word, waar hy aansoek gedoen het vir 'n verdere kwota en waar dit onmoontlik is om aan hom die totale uitgebreide kwota toe te ken waarvoor hy aansoek gedoen het;

(2) 75% van enige uitbreiding sal toegeken word aan diegene alreeds in die bedryf wat vir 'n vergrote permit aansoek gedoen het, en wel op die volgende skaal:-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan	diegene	in	besit	van	'n	kwota	van	minder	as	50	lêers	...	50%
"	"	"	"	"	"	"	"	51	tot	100	"	...	15%
"	"	"	"	"	"	"	"	101	"	200	"	...	7½%
"	"	"	"	"	"	"	"	201	"	300	"	...	2½%
													75%

8 (c) Dat alle verdere aanplantings van wingerde na die inwerkingtreding van Wet no. 23 van 1940 deur die K.W.V. geregistreer sal word;

(d) Dat hernuwing van bestaande wingerde toegelaat sal word op voorwaarde dat geen toename in produksie voorkom nie.

9, Dat, met die doel om voorsiening te maak vir vermindering in die produksie van wyn in die toekoms, die K.W.V. 'n algemene vermindering van reeds bestaande maksimum kwotas kan toepas sodra uit die Stookwyn-Poelrekening bewys kan word dat die boer se prys vir stookwyn vir enige twee van drie agtereenvolgende jare in sodanige jare teen nie meer as £3 per lêer teen 20° P.S. kon bereken word nie en dat daar 'n onderverklaring van die surplus van nie minder as 10,000 lêers was nie.

'n Belangrike opname is byna deur die K.W.V. voltooi (einde 1943) om die beheer doeltreffender uit te oefen. Daarin word die grootte van die oppervlakte onder wingerd, aantal stokke, soorte ouderdom ens. nagegaan vir elke indiwiduele plaas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 10.

DIE WENSLIKHEID VAN PRODUKSIEBEHEER IN DIE WYNBOU VAN SUID-AFRIKA.

Daar is reeds op die noodsaaklikheid van produksiebeheer gewys en dus sal in hierdie hoofstuk op sommige ander aspekte van die vraagstuk ingegaan word. 'n Bespreking van die metodes wat gevolg kan word, die resultate wat van elk verwag kan word en die faktore wat die toepassing van produksiebeheer in die Wynbou van S.A. beinvloed, is uiters nodig, want as produksiebeheer gevare inhou, dan beteken dit dat prysbeheer dieselfde gevare inhou want eersgenoemde is 'n logiese uitvloeisel van laasgenoemde.

Die volgende is 'n gedeeltelike lys van skemas waarin produksiebeheer in onlangse jare toegepas is: die internasionale beperking van tee, die Chadbourne suikerskema, varke in Nederlande, suiker in Cuba, nitrate in Chili, kamfer in Japan, suiker in Brazilië, katoen in die V.S.A., verskillende produkte onder die N.R.A. en tabak in Suid-Afrika.

Dit is nodig dat met produksiebeheer betyds 'n aanvang gemaak word anders kan dit uiters drasties wees. As surplusproduksie eers sulke afmetings aangeneem het dat produksie ingekort moet word, dan is die probleem soveel gewigtiger as andersins. Die ideale toestand is waar produksiebeheer 'n aanvang neem as die ontstaan van surplusse dreig en dan produksie te reël ooreenkomstig die effektiewe vraag en die produksiekoste --- soos reeds verduidelik. Waar onder produksiebeheer vermindering van die produksievolume bedoel word, ontstaan die probleem, wat dikwels nie genoeg aandag ontvang nie, wat moet met die surplus kapitaal en arbeid gedoen word? Verder, hoe moet die vermindering in produksie versprei word oor die produsente, eweredig of moet voorkeur gegee word aan produsente met lae produksiekoste?

Toe beheer in produksie van alkohol in die lewe geroep is in Kaapland was die surplus produksie ongeveer 50%. As die spesifieke omstandighede wat geld in die geval van wyn en brandewyn (en nie die geval is nie t.o.v. byna alle ander produkte sonder om ernstige teenstand van verbruikers te ondervind) nie meegebring het dat die verkoopbare deel ook vir die surplus kan betaal nie, dan sou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

drastiese vermindering in produksie ook toegepas moes word. Alhoewel op grond van billikheid beswaar gemaak word teen die feit dat die prys aan die verbruiker so hoog is dat die verkoopbare deel die surplus ook moet dra, moet hierdie stelsel op die oomblik aanvaar word sodat die drastiese vorm van produksiebeheer vermy kan word. As omstandighede dit regverdig moet later van hierdie beleid afgesien word.

Produksiebeheer kan op verskillende maniere toegepas word. Gewoonlik word die beheer uitgeoefen deur die totale produksie wat toegelaat sal word, vas te stel en dan aan elke produsent 'n kwota te gee op die basis van sy produksie-volume van die jare onmiddellik voorafgaande. Dit is natuurlik moeilik om produksie van landbouprodukte wat tot 'n baie groot mate afhanklik is van die stemming van die natuur, absoluut te beheer maar binne sekere perke kan dit tog by die meeste produkte gedoen word, veral by die produkte wat in streke met 'n taamlike gestadigde klimaat produseer word en voorkeur gee aan so 'n klimaat. (By produkte wat relatief min bederfbaar is, kan die surplus van die een jaar gebruik word om die tekort van die ander jaar aan te vul.)

In baie gevalle het die produksiebeheer die bedryf benadeel i.p.v. bevoordeel deurdat ander lande produksie uitgebrei het en deurdat die hoër prys die produksie van substitusie produkte bevorder het. Dit is nie die produksie van individuele lande wat die prys op die wêreldmark (as daar van soiets sprake kan wees, waar beskermingsbeleide toegepas word) bepaal nie, maar wêreld-produksie van produkte wat in die internasionale handel kom. Produksiebeheer sal by sulke produkte alleen van waarde wees as dit deur die hele wêreld toegepas word, ook t.o.v. substitute. S.A. hoef nie om hierdie rede vir produksiebeheer in die wynbou terug te deins nie want die Suid-Afrikaanse wynboer produseer goedkoop in vergelyking met die Europese -- dit is die algemene mening wat gehuldig word.

'n Ander aspek van produksiebeheer wat aandag verdien, is die feit dat daarmee feitlik altyd beskerming teen invoer gepaard moet gaan. Dit werk stremmend in op internasionale handel en bring 'n groot vraagstuk op die voorgrond, wat egter nie hier bespreek kan word nie. Net dit: as alle nasionale moondhede planbeheer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toepas dan sal internasionale handel feitlik van die toneel verdwyn. Hierdie feit moet wel deeglik in die oog gehou word want dis miskien die grootste nadeel aan nasionale planbeheer verbonde. Daaruit blyk dat planbeheer waarskynlik alleen 'n sukses kan wees as die hele wêreld as die produksie-eenheid beskou word en nie afsonderlike lande nie, en planbeheer dus uniwersiëel toegepas word.

Daar is 'n ander argument teen produksiebeheer wat miskien meer aandag verdien en waarskynlik in die toekoms geweldige probleme sal oplewer in skemas van prys- en produksiebeheer. Gevolglik kan dit nie oor die hoof gesien word nie en daar moet dus nagegaan word in hoeverre dit in die geval van wynbou geld. Dit kom hierop neer dat die verklaring van 'n geslote reserwe vir produksie ongewens is: "Uit beginsel is die Kommissie gekant teen wetlike beperking van produksie en beskou dit as in stryd met die belange van 'n land. Landbou is 'n dinamiese en nie 'n statiese nywerheid nie. Aanpassing by veranderde ekonomiese toestande is sy allervernaamste bestaansvereiste. Deur aan 'n besondere groep boere 'n monopolistiese kontrole toe te vertrou, waardeur alle mededinging uitgeskakel en 'n betalende opbrings feitlik gewaarborg word, verdwyn die faktore wat doeltreffendheid in landbouproduksie verseker en kom daar stilstand en agteruitgang. Vir 'n jong ontwikklende land soos die Unie sou dit byna op ekonomiese selfmoord neerkom om die produksie van enige lanbouproduk tot 'n spesifieke gebied te beperk. So 'n beleid moet die ontwikkeling van nuwer gebiede onvermydelik terughou party waarvan eers nou stadigaan vir bebouing en produksie in gebruik kom. Terwyl miskien net 'n paar produkte tans getref word, beskou die Kommissie die beginsel van beperking ongesond en indien toegepas, dit in die toekoms ernstige terugslae vir ander takke van die boerderybedryf en vir die vooruitgang van die landbounywerheid oor die algemeen,kan meebring."(39)

Niemand kan die krag van hierdie argument ontken nie. Omdat hierdie nadeel wat in produksiebeheer skuil (soos die meeste ander nadele) nie onmiddellik te voorskyn tree nie, word dit dikwels uit die oog verloor. Dit blyk dus ook hieruit duidelik dat die waarde van 'n ekonomiese skema nie volgens die onmiddellike uitwerking

---

(39) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel i.s. Koöperasie en Landboukrediet. 1934, P 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskat moet word nie maar volgens wat dit tot stand bring op die duur.

Hierdie prysbeskerming bring mee dat die swakkelinge nie uit die produksieproses geweer word nie en vandaar die gesegde dat prys- en produksiebeheer besig is om die landbou op 'n kunsmatige en wankelende voetstuk te plaas.

Van die grootste belang is die vraag: Geld hierdie beswaar ook in die produksiebeheer deur die K.W.V. uitgeoefen? Dit is 'n bekende feit dat die grootste deel van S.A. ongeskik is vir kommersiële wynbou, weens klimatiese toestande. Die hoofvereistes is 'n droë groeiseisoen, afwesigheid van vernietigende ryp en genoegsame watervoorraad. Aan hierdie vereistes voldoen die Westelike Provinsie en nog 'n paar besproeide streke. In feitlik al hierdie moontlike verbouingskolle kom die wingerdstok al voor en daar is weinig of geen distrikte geskik vir wynbou waar aanplanting nog nie tot 'n mindere of meerdere mate plaasgevind het nie. Weliswaar kan in sekere kolle die produksie nog geweldig uitgebrei word, maar daar is nie bewys voor dat hierdie kolle juis so geskik is vir wynbou dat dit die bestaande produserende kolle in die skadu sal stel nie. (Die Kommissie grond sy vrees op die feit dat ander beter streke later ontdek kan word.) Behalwe die beperktheid van die oppervlakte waar verbouing moontlik kan plaasvind, is daar nog twee ander faktore wat hierdie toestand tot stand gebring het. Die eerste is dat wynbou so oud is soos die beskawing self in S.A. "Vir byna drie eeue al was wynbou die belangrikste landbouvertakking in die Westelike Provinsie en, as sodanig vorm dit die basis van die ekonomiese lewe van die bevolking in hierdie streek," so het die Wynkommissie self in Paragraaf 33 van hul verslag aangehaal. Vergelyk nou daarmee vetlamteelt, wat nog in sy jongelingsjare verkeer.

Ten tweede, prysbeheer sonder produksiebeperking, die beleid wat die K.W.V. voor 1940 gevolg het, het aansienlik daartoe bygedra om destydse potensiële wynboustreke om te skep in grootskaalse produseerders. Dink maar aan Robertson, Montagu en Worcester, voorbeelde wat reeds aangehaal is. Veral aangesien hierdie prysbeheer deels saamgeval het met 'n periode van ekonomiese slapte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is dit redelik geregverdig om aan te neem dat die waarskynlikheid dat daar nog uitstaande potensiële wynboustreke in S.A. bestaan, gering is. Dit wil voorkom asof die beleid wat die K.W.V. voor 1940 gevolg het, nieteenstaande die baie nadele wat dit ingehou het, tog deels in die belang van die bedryf was deurdat dit die euwels van produksiebeheer, wat vir suksesvolle prysbeheer noodsaaklik is, tot 'n aansienlike mate verminder het.

(Terloops kan hier net genoem word dat as gevolg van die strewe na nasionale selfversorgendheid, deur die opbou van tariefmure, toekenning van kwotas ens., en die gevolglike afname in internasionale handel, die dinamiese geaardheid van die landbou van die wêreld tot 'n baie groot mate verlore gegaan het. Dit is slegs begryplik dat die bydrae in die rigting wat produksiebeheer in 'n land self lewer, oor die hoof gesien sal word.)

Behalwe die feit dat die verklaring van 'n geslote reserwe nie besondere nadele in die geval van wynbou sal lewer nie, moet daar toegegee word dat strenggesproke, geen geslote reserwe vir die aanplanting van die wingerdstok verklaar is nie. In enige distrik kan wingerdstokke vir die maak van rosyne, korente, sultanas en tafeldruiwe nog aangeplant word -- later hieroor meer. Verder is die moontlikheid van toekomstige uitbreiding nie uitgesluit nie en deur uitbreiding op die regte basis te laat geskied, kan die beheer van ontsaglike waarde wees om die bedryf op 'n meer ekonomiese basis te kry. Die gevaar wat die Kommissie genoem het nl. dat produksiebeheer van die landbou 'n bedryf staties sou maak, is wel geldig maar kan baie teëgewerk word en in die geval van wynbou in S.A. bestaan versagtende omstandighede.

Een van die groot besware wat teen produksiebeheer ingebring word, is dat 'n "geslote beskutting geskep sal word vir die produsente wat alreeds hulle plase heeltemal met wingerdstokke beplant het en hulle posisie sal versterk word ten koste van diè wie se plase nog nie heeltemal beplant is nie, sowel as van persone wat voornemens is om hulle in die toekoms op hierdie soort boerdery toe te lê." Daar word dus teruggedeins omdat die produsente wat in 'n minder voordelige posisie verkeer relatief swaar getref

(40) Verslag van die Wynkommissie P. 64, (1937)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal word. Oppervlakkig beskou skyn dit asof hierdie beswaar opgaan maar daar word uit die oog verloor dat op hierdie wyse ten minste diegene wat reeds in die bedryf is gered sal word, terwyl andersins, ekonomiese ondergang elkeen bedreig wat hom op die bedryf toelê.

Produksiebeheer wat net in een vertakking van die boerderybedryf toegepas word, soos in die Westelike Provinsie die geval is, met wynbou teenoor ander bedrywe, mag vir daardie bepaalde bedryfstak voordelig wees maar vir die boerderybedryf as 'n geheel gesien, nie. Veral is dit die geval as die ander bedryfstakke in die gemengde boerdery, of in 'n streek waar gemengde boerdery toegepas kan word nie besonder lonend is nie. Waar daar nog moontlikheid van uitbreiding is d.w.s. waar produksie nie beheer word nie, kan uitbreiding dus in daardie rigtings gestuur word. Dit kan lei tot die totale ineenstorting van daardie bedryfstak wat verder ontwikkel word. Dit is waarvoor vandag in die W.P. gevrees word. Aangesien die produsent se inkomste saamgestel word uit die opbrengs van sy wynoes sowel as, sê, die van sy vrugte-oes (wat 'n baie algemene toestand van sake is) mag sy totale inkomste miskien op die lang duur nie vermeerder word nie maar miskien selfs verminder -- al wat gebeur is dat die las van die een bedryfstak op die ander bedryfstak, in dieselfde boerderyorganisasie, afgeskuif is. Algebraïs kan dit as volg uitgedruk word: $x + y = z$ en gevolglik is $(x - a) + (y + a) = z$. Hieruit volg duidelik dat produksiebeheer nie net t.o.v. een bedryfstak toegepas moet word nie maar tot almal uitgebrei moet word -- natuurlik kom die takke vir produksiebeheer slegs in aanmerking as daar 'n gevaar van oorproduksie bestaan. Die komplikasies wat in hierdie verband sal ontstaan kan nie hier bespreek word nie -- net dit: die noodsaaklikheid van totale planbeheer word daardeur net baie sterker beklemtoon.

'n Baie belangrike aspek van produksiebeheer is die uitwerking wat dit op produksiekoste, waarvan die belangrikheid reeds aangetoon is, het. Hierdie uitwerking kan tweeledig wees. <u>Ten eerste</u>: onder toestande van vrye mededinging bly die produksievolume van verskillende produsente nie dieselfde nie; vooruitstrewende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boere met lae produksiekoste sal uitbrei terwyl die minder bekwame produsente met hoë produksiekoste geleidelik uit die produksie-proses geweer word. In die stryd van mededinging is daar dus gedurig die prikkel aanwesig om produksiekoste te verlaag terwyl dit onder die beheerde toestand nie in so 'n groot mate die geval is nie. Dit is 'n ernstige aanklag teen produksiebeheer en moet in alle produksie-beperkingskemas volle aandag geniet.

Ten tweede: as gevolg van die feit dat produksie onder beheer is en 'n betalende prys vir die bepaalde produk betaal word, word dikwels ekonomies ongeoorloofde pryse vir plase met 'n redelike kwota betaal. Veral is dit die geval in tye wanneer produkte, wat meeding om die grond in die streek waar die beheerde produk produseer word, nie tè gunstige pryse geniet nie. Dikwels verkry 'n plaas tot 'n aansienlike mate sy waarde van die grootte van die kwota en nie soseer van die werklike produktiwiteit daarvan nie. As gevolg van die feit dat grondpryse in die hoogte styg, styg die grondrente -- wat 'n aansienlike deel van die produksiekoste uitmaak-- relatief in dieselfde mate. In die wynbou van S.A. is dit veral baie mooi waar te neem -- tot 'n baie groot mate is dit die kwota waarop die plaas kan aanspraak maak, wat die prys bepaal. Om die ongesonde differensiasie in grondpryse, bloot afhangende van die grootte van die kwota, te voorkom, is dit nodig dat grondpryse ook beheer word. Hierdie aspek van produksie-beheer verdien alle aandag en totdusver, is nog niks daaraan gegee nie.

'n Belangrike aspek wat in die guns van produksiebeheer val, alhoewel hoofsaaklik van teoretiese belang, is dat die produktiewe krag wat andersins in 'n rigting aangewend sou word wat oorvoorsien is, gebruik word om produkte te produseer waarvan daar 'n tekort is. Daardeur word die produksie-verbruik balans bevorder. Veral is dit die geval waar produksiebeheer t.o.v. alle produkte toegepas word. Daardeur sal die produsente beter voldoen aan die eise wat die samelewing stel; elkeen sal produseer wat sosiaal noodsaaklik is en nogtans 'n billike bestaan kan voer.

Om die onderwerp van produksiebeheer enigsins af te rond sal 'n kort oorsig gegee moet word oor die metodes, behalwe produksie-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kwotas, wat gevolg kan word om die totale aanbod te kontroleer.

In die eerste plek word gedink aan die beperking van aanplanting. Reeds in 1932 het nie alleen die Komitee van die K.W.V. onder voorsitterskap van Mnr. Lamont dit aanbeveel nie, maar was dit ook werklik beliggaam in die Stals-Wetsontwerp wat dieselfde jaar by die Parlement ingedien is en die steun van die meerderheid van die produsente geniet het. Dit is van belang om te weet "dat sommige van die wynboulande, en veral Frankryk, in hul pogings om die produksie vraagstuk wat in die meeste wynboulande 'n probleem geword het, op te los, gedurende die laaste jare, behalwe ander maatreëls, werklik wetgewing ingedien het waardeur verdere aanplantings van wingerde vir sekere doeleindes vir 'n tydperk van jare verbied is." (41) Produksie-kontroleskemas wat hierdie metode aanvaar het, sluit in: koffie in Brazilië, die internasionale rubberskema en wyndruiwe in Argentinië. In laasgenoemde geval is 'n belasting van $134 per akker op nuwe aanplantings gelê. (42)

Die nadeel van hierdie metode van produksiebeheer is dat die produksievolume nie op 'n bepaalde kerf gehou kan word nie want intensifikasie kan die opbrengs aanmerklik verhoog. As die totale aanplanting genoegsaam verminder word, sal daar wel 'n afname wees in die oes maar die werklike vermindering kan wissel tussen wye grense. Beheer oor aanplanting verteenwoordig dus 'n los en onnoukeurige metode om die aanbod van 'n produk te beheer.

Dieselfde geld t.o.v. die beheer oor die oppervlakte onder bewerking. Skemas is betreklik onlangs o.a. met hops in Duitsland en tuinbouprodukte in Nederlande uitgevoer maar die uitstaande gevalle van oppervlaktebeheer het onder die "Agricultural Adjustment Act, (A.A.A.)" in die V.S.A. plaasgevind.

As daar moet gekies word tussen beheer oor aanplanting, beheer oor oppervlakte onder bewerking en produksiekwotas, dan sal laasgenoemde voorkeur geniet. Veral is dit van belang dat by 'n produk waar kwaliteit en kwantiteit nie saamgaan nie, die oppervlakte nie beheer moet word nie -- 'n bepaalde produksiekwota moet toegeken word en dan kan uitgebrei word solank binne die kwota gebly word.

---

(41) Verslag van die Wynkommissie (1937) P. 64
(42) Jules Buckman: "Government Price-Fixing, P 202.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is noodsaaklik as kwaliteit nie benadeel wil word nie.

Behalwe die reeds genoemde Kommissie het beide die Lamont-Komitee en die Breë-Komitee wat die Wynkommissie voorafgegaan het, probeer om 'n formule te vind waarop die prys van stookwyn baseer kon word ten einde boere te ontmoedig om hulle op wingerde toe te lê D.w.s. indirekte vorm van produksiebeheer. Eersgenoemde het aanbeveel dat die prys van stookwyn baseer moes word op die persentasie van die boer se oes in die vorm van stookwyn gelewer en laasgenoemde het weer die werklike omvang van die oes as stookwyn gelewer, as basis aanbeveel.

Die aanbeveling van die Breë-Komitee het daarop neergekom dat 'n heffing op 'n wisselskaal, wat sou verminder met elke eenheid van vermeerdering in produksie, ingevoer word. Hierdie beleid kom neer op 'n beskerming van die klein produsent ten koste van die groot produsent. Dit kom daarop neer dat die bekwame boer in sy produktiewe optrede gestrem word terwyl die swakker boer in sy onekonomiese optrede gesterk word. Verder is dit baie onwaarskynlik dat enige afname in die vermeerdering van produksie sou plaasvind want die oes van 'n groot boer kan bv. baie maklik onder die naam van 'n aantal van sy familielede verkoop word. Hierdie waarskynlikheid is ingesien en die Komitee het aanbeveel dat 'n kwota aan elke plaas toegesê word t.o.v. die hoeveelheid stookwyn wat elke plaas geregtig is om tot die stookwynpoel by te dra. Die Wynkommissie lewer die volgende kommentaar hierop: "Die toekenning van elke plaas van 'n kwota, baseer op die gemiddelde produksie van so 'n plaas oor 'n tydperk van jare kom, wat stookwyn betref, op die skepping van 'n statiese toestand in die bedryf neer deur die beperkings van aanplantings in paragraaf 328 vermeld. Al die besware gemaak teen die beheer van produksie deur hierdie metode is dus net so van toepassing op die toekenning van 'n kwota vir elke plaas -- dit sal alle ontwikkeling stopsit en die posisie van die gevestigde produsent versterk ten koste van die produsent wat pas begin het, of wil begin. Die basis deur die Breë-Kommittee aanbeveel beliggaam dus nie alleen nie al die ongewensde aspekte van produksiebeheer deur die beperkings van aanplantings nie maar, deur die klein produsent ten koste van die vooruitstrewende boer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te beskerm plaas dit feitlik 'n premium op ondoeltreffendheid".[43] Oor die ernstige aard van die nadele wat die kwota-stelsel inhou kan nie saam met die Wynkommissie gestem word nie op grond van die redes reeds aangegee; t.o.v. laasgenoemde beswaar moet wel saamgestem word.

Die skema wat die Lamont-Komitee aanbeveel het, behels dat die boer wat uitsluitlik vir die stookwynpot produseer, penaliseer word deurdat hy 'n laer prys vir stookwyn sal ontvang as die boer wat die grootste gedeelte aan sy oes verkoop in die vorm van goeiewyn, rosyntjies, sultanas en ander nie-alkoholiese produkte, en slegs 'n klein persentasie van sy oes in die vorm van stookwyn lewer. Hierdie skema streef dus daarna om die stookwynsurplus te verlig en die bedryf op 'n kwaliteitsbasis te stabiliseer. Afgesien van die feit dat huidige toestande vereis dat verdere diskriminasie gemaak word tussen die verskillende kwaliteite stookwyn, kan hierdie skema nie aanvaar word nie op grond van die feit dat produksiekoste nie as basis aanvaar word nie -- so 'n skema sal later uiteengesit word. Verder kan volgens hierdie skema van produksiebeheer nie met enige mate van noukeurigheid toegepas word nie.

Op hierdie stadium is dit duidelik dat om prysbeheer toe te pas produksiebeheer noodsaaklik is; dat produksiebeheer wel gevare inhou -- die een vorm meer as die ander -- maar dat versagtende omstandighede bestaan wat die euwels van produksiebeheer aansienlik verminder in die toepassing op die Suid-Afrikaanse wynboubedryf.

---

(43) Verslag van die Wynkommissie (1937) P 68.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11.

KRITIEK OP DIE SKEMA VIR DIE BEPERKING VAN DIE PRODUKSIE VAN ALKOHOL.

D ie toepassing van 'n skema om produksie te beperk, moet beskou word as 'n dapper poging om totale ineenstorting te voorkom. Aangesien produksiebeperking 'n ingrypende maatreël is, is dit die plig van die outoriteite wat met die toepassing daarvan belas is, om toe te sien dat die bedryf die maksimum voordeel daaruit put. Opoffering moet gevolg word deur vergoeding. Ongelukkig skyn dit asof die wynbedryf nie die hoogste voordeel trek uit die huidige stelsel van beperking van produksie nie. In hierdie hoofstuk sal kritiek op die skema uitgebring word en in die volgende hoofstuk die grondbeginsels waaraan die skema behoort te voldoen, neergelê word.

In verband met paragraaf 6:- Dit blyk duidelik dat die produksie van tafeldruiwe, rosyntjies, sultanas, korente, moskonfyt en ander nie-alkoholiese produkte van die wingerdstok nie aan bande gelê word nie maar hoogstens 'n stremmende invloed uitgeoefen word -- geen kwota is t.o.v. hierdie produkte aan die produsent toegeken nie. Wat wel gedoen is, is dat die kwota, vir die produksie van alkohol, wat aan die produsent gegee word, bereken word deur die alkoholiese ekwivalent van die nie-alkoholiese produkte wat die boer produseer het, by sy produksie van alkohol te tel.

Die volgende voorbeeld kan die praktiese gevolge van hierdie vorm van beheer illustreer:- 'n Tafeldruifboer het in 1940 100 lêers wyn gepars en 200 ton tafeldruiwe produseer. Sy kwota sal dan 300 lêers wyn wees (1 ton = 1 lêer). In die skema is daar niks wat hierdie boer verbied om wyndruifsoorte aan te plant wat 200 lêer sal lewer sonder om een van sy tafeldruifstokke of wyndruifstokke uit te kap nie. As dit bv. 'n rosyntjieboer was, sou hy alleen die voordele verbeur wat aan hom toegesê is nl. die waarborg dat die wynbouer vir sy druiwe wat hy in enige bepaalde jaar in nie-alkoholiese produkte vervaardig minstens 'n prys sal behaal gelykstaande aan die prys wat 'n boer vir stookwyn van dieselfde wynoes sou ontvang -- hierdie waarborg verval omdat sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

totale tonnemaat van produksie sy maksimum kwota oorskry. (Dit skyn asof hierdie waarborg nie geld vir die tafeldruif boer nie want daar word gepraat van druiwe in nie-alkoholiese produkte vervaardig en die bemarking van vars druiwe val gevolglik nie daaronder nie). Teoreties is dit moontlik dat boere daardie deel van hulle oes wat gewoonlik as tafeldruiwe bemark is in alkoholiese produkte verwerk en soveel aanplant sodat hulle produksie van tafeldruiwe sy ou kerf handhaaf. As die produsente van tafeldruiwe dus die wet reg verstaan, kan hulle jaarliks 'n bydrae tot die spiritus-stookwynpoel maak wat gelyk staan aan die totale tonnemaat-produksie van die tafeldruiwe wat jaarliks produseer word -- van wyn afkomstig van tafeldruiwe kan slegs 'n neutrale spiritus gestook word. Die feit dat die boere wat hulle druiwe in nie-alkoholiese produkte vervaardig, die waarborg verbeur sal stremmend werk in hulle neiging om dieselfde weg te bewandel as die tafeldruifboere, maar sonder die waarborg sal hulle ongetwyfeld in staat wees om 50% van die hoeveelheid wat hulle andersins in die nie-alkoholiese-produk vorm verkoop het terwyl die waarborg gegeld het, betalend van die hand te sit. M.a.w. hierdie groep boere kan jaarliks 'n bydrae tot die spiritus-stookwynpoel maak wat minstens gelyk staan aan die helfte van hulle gewone tonnemaat-produksie wat jaarliks in nie-alkoholiese produkte bemark word. Dit kan dus teoreties daarop neerkom dat die stookwynpoel met 'n addisionele hoeveelheid wyn slegs bruikbaar vir verstoking na spiritus, belas word. Hierdie hoeveelheid staan minstens gelyk aan die boere se hoogste gesamentlike produksievermoë van nie-alkoholiese produkte, voor die inwerkingtreding van die beheer wet -- mits ekonomiese omstandighede dieselfde bly. Daar kan dus 'n aansienlike direkte bydrae tot die surplus gemaak word want hierdie soorte , wat gebruik word as tafeldruiwe of vir die maak van rosyntjies, sultanas en korente, kan slegs vir die stook van spiritus aangewend word. Volgens gegewens deur die Droëvrugteraad verstrek is in 1942 12,577 ton rosyne en sultanas geproduseer, wat gelyk is aan ongeveer 50,000 lêer wyn; terwyl volgens gegewens van die Sagtevrugteraad in 1943 45,000 ton tafeldruiwe, wat gelyk is aan 45,000 lêer wyn, geproduseer is -- 24,000 ton is plaaslik bemark en 21,000 ton

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is na die Vrugteraad se kelders.) Dit is die teoretiese toestand.

Gelukkig beperk die praktyk hierdie tendens tot 'n sekere mate, want op alle plase kan nie meer baie aangeplant word nie en die grondpryse van tafeldruiwe laat nie maklik die produksie van stookwyn toe nie. Maar as hierdie punt nie vroegtydig hersien word nie, kan die surplus nog verder aansienlik verhoog word in jare wanneer dit miskien 'n oneindige las kan beteken en wel as gevolg van die bydrae van boere wat in werklikheid feitlik nie wynboere was nie.

In verband met paragraaf 8(a):- Daarin word voorsiening gemaak vir die uitbreiding in die wynbounywerheid en die bepaling neergelê dat uitbreiding alleen toegelaat sal word wanneer dit uit die stookwynpoel-rekening bewys word dat die prys wat die boer vir stookwyn ontvang in enige twee van drie agtereenvolgende jare teen nie minder as £4 per lêer teen 20 persent proefsterkte, kan gereken word nie en dat daar 'n oorverklaring van die surplus van meer as 10,000 lêers was. Hieruit is dit duidelik dat uitbreiding, in welke rigting ook al (of dit nou goeiewyn of stookwyn is) afhanklik is van die toestand waarin die stookwynpoel-rekening verkeer. Teoreties kan daar dus 'n tekort in soorte, geskik vir goeiewyn bestaan, maar tog word aanplanting nie in daardie rigting toegelaat nie tensy van die stookwynsoorte uitgekap word. Hierdie bepaling beklemtoon net weer hoe daar in terme van stookwyn gedink word as die wynbounywerheid in die algemeen in oënskou geneem word. Verder word daar geen verskil gemaak tussen stookwyn bedoel vir spiritus en stookwyn bedoel vir brandewyn nie. Dit is to baie duidelik dat dit 'n onmoontlike toestand is as die uitbreiding in een rigting afhanklik is van die toestand in 'n ander figting. Daar behoort in die eerste plek verskil gemaak te word tussen spiritus-stookwyn en brandewyn-stookwyn.

Nou kan geredeneer word dat deur pryse so te feguleer aanmoediging akan plaasvind om die soorte waaraan daar 'n gebrek is te produseer. Dit sal die posisie <u>geleidelik</u> verbeter maar is om prinsipiële rede nie aanvaarbaar nie en wel omdat pryse billikheidshalwe verband moet hou met produksiekoste en pryse dus nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

altyd gebruik kan word om produksie van sekere tipes te stimuleer nie. (Voorbeeld: Die produksiekoste van Groendruif en St. Emillion is waarskynlik min of meer dieselfde terwyl diè prysbeleid sal meebring dat aangesien St. Emillion verlang word, en Groendruif nie, vir eersgenoemde meer betaal sal word.) So 'n diskriminerende beleid is in beginsel dieselfde as diè een wat reeds verwerp is in 'n vorige hoofstuk nl. dat prys bepaal behoort te word deur vraag en aanbod -- 'n derde faktor wat 'n rol behoort te speel, nl. produksiekoste, is billikheidshalwe op die voorgrond gebring.

Verder word die prys wat in enige twee van drie agtereenvolgende jare heers, neergelê as die beslissende faktor of verdere uitbreiding sal plaasvind al dan nie. So 'n beleid verontagsaam die groot beginsel dat produksie nie op huidige pryse moet berus nie maar op toekomstige pryse -- vooruitskatting is dus van belang. As gevolg as van die verkragting van hierdie beginsel het menige boer al sy eie ondergang bewerkstellig. Neem die geval van die volstruisveer-"boom", toe boere uitgebrei en kapitalisasie aangegaan het as gevolg van die aansporing van destyds heersende pryse. Die enigste rasionele metode is om so goed as moontlik 'n insig in die toekoms te probeer kry en produksie dan daarvolgens te reguleer. Dat hierdie prosedure gevolg word is van uiterste belang, want die periode wat verloop vanaf die dag dat aanplanting geskied is ongeveer vier jaar voordat die produk beskikbaar is. Dan is die toestande wat in ons veranderlike wêreld 4, 5 of 6 jaar gelede geheers het, baie waarskynlik nie meer geldig nie. Die noodlottige gevolge wat kan voortspruit deur huidige pryse as basis vir uitbreiding te neem, het die Direksie van die K.W.V. self besef toe besluit is om paragraaf 8 ongeldig te verklaar vir 1943, weens die abnormale hoë pryse wat na alle waarskynlikheid kortstondig sal wees. 'n Tydelike negering van die beleid het dus reeds plaasgevind as gevolg van abnormale omstandighede, maar die kanse is uiters skraal dat toestande ooit sulks sal wees selfs in omstandighede wat as "normaal" beskryf kan word, dat hierdie beleid met sukses toegepas sal kan word.

Paragraaf 8(a) Bevat nog 'n bepaling wat nie sonder meer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvaar kan word nie; in die verband kan paragraaf 9 saam bespreek word. As grense waarbo vermeerdering en waarbenede vermindering van bestaande kwotas toegepas kan word, word £4 en £3 onderskeidelik gestel. Die vraag ontstaan: waarom word hierdie twee grense en nie enige ander twee geneem nie? Die antwoord sal waarskynlik wees dat dit berus op produksiekoste. As dit wel daarop berus, kan daar nie veel beswaar teen ingebring word nie. Sover egter vasgestel kan word is daar nog nooit produksiekoste-studies gedoen in die wynbounywerheid nie en die grense moet dus as arbitrêr beskou word. Sulke ongegronde aannames, waarvan so baie afhang, kan nie regverdig word nie. Produksiekoste-studies is die enigste basis wat aanvaarbaar is alhoewel dit nog baie te wense oorlaat. Om vaste grense neer te lê wat vir jare moet geld is ook verkeerd -- al het £3 en £4 die produksiekoste verteenwoordig toe die skema opgestel is, kan dit mettertyd baie verander en later glad nie meer geld nie. Daar moet dus nie bepaalde grense neergelê word nie, maar produksiekoste moet die basis wees, sodat gedurig op hoogte van produksiekosteveranderings gebly kan word. (In 'n beleid waar uitbreiding afhanklik sal wees van vooruitskatting sal produksiekostestudies nog altyd van belang wees).

Paragraaf 8 (b): Dit is duidelik dat die toekomstige uitbreiding sal afhang van die produksievolume van die produsente, met 'n definitiewe voorkeur aan klein produsente. Menslikheidsoorwegings is die motief vir hierdie bepaling maar dit is teenstrydig met ekonomiese beginsels, wat in die hoogste belang van die bedryf strek, en dus op die lang duur selfs nie deur humaniteitsbegrippe regverdigbaar nie. Die groot beswaar wat teen produksiebeheer ingebring word, is juis die feit dat doeltreffendheid in so 'n voortstuwende bedryf soos die landbou, daardeur ontneem word. Die geldigheid van hierdie beswaar teen produksiebeheer is reeds aangehaal en daarom moet alles gedoen word om hierdie bedreiging wat sy krag op die lang duur laat geld, die hoof te bied. Die toekennings van verhoogde kwotas bied 'n uitstekende geleentheid. Produksiekoste moet as basis vir uitbreiding aanvaar word -- produsente wat kwaliteit teen lae produksiekoste kan lewer behoort

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorrang te geniet. (Hieroor later meer.)

Paragraaf 8(d) lui dat hernuwing van bestaande wingerde toegelaat sal word op voorwaarde dat geen toename in produksie voorkom nie. Gevolglik heers daar verskil van mening oor die kwessie of aanplanting mag geskied al dan nie sonder uitkap van bestaande wingerde solank die produksie nie die kwota oorskry nie. (Die jaarverslag van die Voorsitter van die K.W.V. beweer selfs dat geen nuwe grond, waaronder waarskynlik bedoel word addisionele grond, vir produksie aangewend mag word nie. As die voorsitter die saak reg vertolk dan sal die omslaan na kwaliteit produksie heeltemal buite die kwessie wees want kwaliteit en kwantiteit gaan nie saam nie. Kwaliteitsoorte sal op dieselfde grondoppervlakte baie minder lewer as die kwantiteitsoorte en om dus om te slaan na kwaliteit sal 'n vermindering van produksie beteken, waarvoor geen boer te vind sal wees nie.) As aanplanting nie so toegelaat word nie, sal die dryf in 'n kwaliteitsrigting uiters langsaam plaasvind want dit bring mee dat 'n boer om kwaliteitsoorte aan te plant eers 'n stuk van sy ander wingerd moet uitkap en dus die oes daarvan vir 'n aantal jare moet verloor. Die feit dat daar verskil van mening heers by die hoogste gesag oor wat die regte interpretasie van die Wet is, kan die K.W.V. nog later in n moeilike posisie plaas deur die optrede van ontevrede produsente en beklemtoon net wat reeds gesê is des te meer -- daar word nie genoeg besef dat kwaliteit die einddoel moet wees nie; daar bestaan geen morele of ekonomiese regverdiging om produksie te beperk as gevolg van surplus solank as wat kwaliteit verontagsaam word nie. Om verwarring te voorkom sou dit beter wees as 8 (d) as volg lees: "Aanplanting van wingerde sal toegelaat word op voorwaarde dat geen toename in produksie voorkom nie." Of hierdie bepaling nou al moet geld of na verloop van heelwat jare, sal later bespreek word.

Paragraaf 9 maak voorsiening vir 'n algemene vermindering van reeds bestaande maksimum kwotas, afhangende van die stookwynpoel se toestand. Behalwe die besware wat reeds in Paragraaf 8(a) genoem is in verband met die feit dat die algemene ontwikkeling van die bedryf afhanklik gemaak word van die stookwynpoel-rekening, is daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n alles oorheersende beswaar teen die vermindering van kwotas. Dit is dat boere wat reeds swaar kry (want die vermindering tree in werking as die onderste pryskerf bereik is) nie nog vermindering van produksie kan toepas sonder om ekonomies ten gronde te gaan nie of sonder om 'n sterk ekonomiese knou te kry nie. Deur die kwotas te verminder sal wel verhoging van prys bewerkstellig kan word maar die boer is nie soseer daarin geïnteresseerd as wel in sy totale inkomste nie. Inkomste, en nie prys nie, is van belang. Deur so 'n stap sal die inkomste van die boeregemeenskap verminder word op 'n tydstip wanneer hulle dit die minste kan bekostig. Buitendien is die wingerdstok nie 'n eenjarige gras nie maar 'n gevestigde kultuur waarvan die grootte van die oes nie sommer na willekeur reguleer kan word sonder ernstige verliese nie.

In hierdie hoofstuk is tot dusver die skema vir die produksie van alkohol, wat reeds in werking getree het, besproek en daar is op gewys dat dit in baie opsigte tekort skiet. Die oorsaak hiervan is waarskynlik dat in pogings om die haglike posisie in die reine te probeer bring, die probleem ongelukkig nie in sy geheel gesien is nie -- die klem is nog altyd op surplusbeheer gelê terwyl produksie in die regte rigting nie soveel aandag geniet het as wat dit verdien nie. Ewe seker as wat surplusse in sekere rigtings bestaan, bestaan daar gebrek aan soorte vir kwaliteitsdoeleindes. Daar bestaan slegs 'n surplus in soorte vir kwaliteit spiritus maar soorte vir kwaliteit brandewyn en goeiewyn bestaan in ernstige tekort. Die grootste aantal van ons wynboere is in werklikheid spiritusproduseerders terwyl die surplus juis in dié rigting bemerk word. Die produksie van spiritus bokant die hoeveelheid benodig vir versnit met wyne en brandewyn is 'n ewige las vir die wynbedryf, want spiritus vir kommersiële doeleindes kan baie goedkoper verkry word van ander bronne soos artappels en beet.

Die posisie is des te meer kritiek as Suid-Afrika vergelyk word met die Europese wynboulande waar die soms pynlike klem wat op kwaliteit val die kontras tussen ons land en sulke lande duidelik op die voorgrond bring. Dit is juis met hierdie lande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarmee ons in die buiteland moet meeding. Die Suid-Afrikaanse wynboer het nog nie bewus geword van sy tekortkomings nie -- kwaliteitsproduksie is in hulle bloed vir geslagte en geslagte al terwyl die Suid-Afrikaner wynboerdery bloot uit 'n kommersiële oogpunt sien en nie sentiment daaraan koppel nie. Maar selfs ook van 'n streng besigheidsstandpunt gesien, dwaal ons boere -- die eerste vereiste is tog om 'n produk daar te stel waarvoor daar 'n mark is, nie net op die oomblik nie maar op die duur. Dit is in hierdie opsig dat ons boere verkeerd gaan: blywende voorspoed word opgeoffer vir onmiddelike vooruitgang. Sommige boere is inderdaad besig om die ware koöperatiewe gees te verkrag deur die bedryf op te saal met 'n las wat dit beswaarlik kan dra. Weliswaar het die outoriteite, wat verantwoordelik is vir die beleid van die K.W.V. nie behoorlik perke gestel aan die verkeerde neigings van sommige koöperateurs nie maar dit dien nog nie as genoegsame verskoning nie want van hulle mede-boere het hulle nie daaraan skuldig gemaak nie.

Die vraag na brandewyn oorskadu vandag heeltemal die vraag in ander rigtings. Afgesien van die feit dat dit weens die oorlog 'n tydelike opflikkering kan wees, het die afset van brandewyn baie belangrik geword, soos uit die gegewens in tabel 16 blyk. Wat meer is: daar is waarskynlik geen rede waarom S.A. nie die hoog geroemde Franse brandewyn kan ewenaar nie. Vandag word die vraag voorsien met brandewyn afkomstig van soorte wat feitlik net goed is vir spiritus, terwyl egte brandewynsoorte soos St. Emillion, Folle blanche, Colombaard en Tribiano, weens hulle skaarste baie boere optimisties laat voel oor die afsetkanse as enthout. Daar is op die oomblik 'n afset vir ons brandewyn maar om die mark te behou as die Franse brandewyn weer op dieselfde mark verskyn, sal van ons 'n produk geëis word wat minstens gelyk staan aan die Franse.

Die belangrikheid van die aanplanting van die regte Portsoorte kan nie genoeg beklemtoon word nie. Net soos in die geval van brandewyn, plaas ons wel 'n produk op die mark, maar die kwaliteit laat veel te wense oor as dit met Portugese port vergelyk word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten opsigte van sjerrie vaar ons baie beter. Ons wyne is wel geneig om by veroudering 'n sjerrie-karakter aan te neem, naar na alle waarskynlikheid is een van die hoofredes waarom sjerrie soveel opgang gemaak het in die buitelandse markte, te vind in die feit dat Fransdruif (wat die vernaamste sjerrie-druif in Spanje is) hier betreklik volop is. Daar bestaan alle hoop dat ons sjerrie binne enkele jare onder die beste van die wêreld sal tel -- dit is nog net die veroudering wat kortkom. Die geval van die Suid-Arrikaanse sjerrie bied 'n uitstekende voorbeeld van waartoe ons land in staat is, mits die regte soorte beskikbaar is (en natuurlik die regte prosedure gevolg word by bereiding). Hierdie voorbeeld dui weereens aan dat ons wynboere moet ontwaak.

Met die ander rigtings, waarin kwaliteitsproduksie gestuur kan word, is dit ook nie beter gesteld nie as die geval is met port, brandewyn en sjerrie nie.

Onder die huidige stelsel, waar kwotas aan plase toegeken word, beteken die oorskakeling na kwaliteitproduksie vervanging van bestaande wingerde deur kwaliteitstipes en vir vervanging sal weinig boere te vind wees. Die stookwynprys en gooiewynprys is baie gunstig en vir wyne geskik vir brandewyn word nog 10/- meer (vanaf 1944 waarskynlik 20% meer) as die stookwynprys betaal - die soorte waarvoor die hoë pryse betaal word is soorte wat noodwendig gebruik moet word as gevolg van 'n gebrek aan die kwaliteitsoorte. Dit is dus slegs begryplik dat boere sal voortgaan om bydraes tot die surplus te doen en sal weier om in die ware behoefte van kwaliteit te voldoen.

Die toepassing van produksiebeheer bied eenvoudig 'n skitterende geleentheid om produksie in die regte rigting te stuur. -- kwaliteit binne 'n betreklike kort periode. As produksiebeheer as een van sy prestasies kwaliteitsverbetering kan hê, dan kan die aanwending daarvan feitlik alle besware daarteen neutraliseer, want dan is een van die grootste oorsake, verantwoordelik vir die swak toestand waarin die wynindustrie tans verkeer, uit die weg geruim.

Dit is hoog tyd dat kwaliteit meer beklemtoon word as S.A. enigsins 'n posisie in die wêreldmark wil handhaaf. Ons het geen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tyd om te verkwis nie, die agterstand moet ingehaal word. Dit is 'n geweldige punt teen ons as ons met surplusse wil sukkel terwyl ons kwaliteit soveel te wense oorlaat. 'n Kroniese siekte wat knaag aan die wortel van die bedryf, dreig om dit tot in die grond te verniel en gevolglik is dit noodsaaklik dat die erns van die posisie ten volle besef word, dat onder die indruk verkeer word dat iets sonder versuim gedoen moet word. Ons mag nie terugdeins vir skemas wat miskien die indruk mag skep dat hulle van ingrypende aard is nie. Daar bestaan hoegenaamd geen rede waarom baie van die Europese wyne prioriteit moet geniet nie, mits die Suid-Afrikaanse wynboere deurdring tot die ware sleutel van sukses: KWALITEIT IN PLAAS VAN KWANTITEIT.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 12.

DIE METODE VAN PRODUKSIEBEHEER VAN ALKOHOL WAT GEVOLG BEHOORT TE WORD IN DIE TOEKOMS.

D it is baie duidelik dat daar 'n beleid gevolg behoort te word wat in die dringende behoefte van kwaliteit voldoen. Die voor die hand liggende beleid is dus om produksie tee te gaan t.o.v. die soorte waarvan daar 'n surplus is of dreig om te ontstaan en produksie aan te moedig t.o.v. daardie soorte waarvan daar 'n tekort of 'n moontlike tekort is en nie sonder meer produksie uitbreiding teen te gaan nie. Produksiebeheer moet dus in die eerste plaas produksie in die regte rigting stuur en in die tweede plek, as omstandighede dit verg, produksie in die betrokke rigting beperk. Dit is dus noodsaaklik dat beheerde aanplanting van gewensde soorte toegelaat word op plase wat deskundiges goedkeur volgens die kennis (alhoewel baie skraal) tot hulle beskikking.

In die verlede is daar nie genoegsaam verskil gemaak tussen die geaardheid van die produk van die wynstok en ander landbou produkte nie. Mielies is maar mielies. Dieselfde geld vir koring, lusern, artappels ens., alhoewel daar natuurlik ook verskil in kwaliteit kan voorkom. Maar 'n alkoholiese drank afkomstig van druiwe is nie net maar 'n alkoholiese drank nie; daar is verskillende tipes soos die verskillende wyne, brandewyn en spiritus, elk besit 'n eie aanvraag feitlik totaal onafhanklik van mekaar en elkeen moet aan sy eie hoë kwaliteitstandaarde voldoen. Produksiebeheer moet dus terdeë die verskillende rigtings waarin produksie kan plaasvind in aanmerking neem en nie die toepassing van produksiebeperking deurgaans, beteken nie.

Die idee dat die produksie van bepaalde wyne slegs op goedgekeurde plase mag plaasvind, is hoegenaamd nie 'n nuwe -- nuut in S.A., maar van toepassing van vroeg af reeds in Europa. 'n uitstaande voorbeeld word bv. in Portugal aangetref, waar die gebied waar Port gemaak mag word, vasgelê is slegs tussen sekere grense op die oewers van die Douro en sommige sytakke daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook in S.A. word meer besef dat produksie in die toekoms op 'n meer rasionele basis moet berus, deur produkte waarvoor daar 'n aanvraag is op die grond te produseer waar produksie die voordeligste kan geskied. In die wynbou sal in so 'n poging baie sterk klem gelê moet word op produksiekoste sowel as kwaliteit.

As beheerde aanplanting van gewensde soorte in geskikte lokaliteite toegelaat word, dan is daar een groep boere wat deur hierdie metode relatief swaar getref sal word en dit is die boer wat nie meer grond het vir uitbreiding nie en dus bestaande wingerde moet uitkap as hy wil konsentreer op kwaliteitsoorte. (Dat hulp aan so 'n boer verleen moet word, tensy hy spiritusstookwyn teen 'n baie lae produksiekoste kan produseer en tensy daar toegesien word dat hy ondergaan as gevolg van die feit dat die surplus van spiritus-stookwyn sal toeneem, sal geen ware koöperateur betwis nie.) Vir so 'n boer wat, deur om te slaan na kwaliteitsproduksie, 'n paar jaar se oes moet prysgee, behoort vir, sê, drie jaar die beraamde opbrengs van die vervange wingerd uitbetaal te word. Die betaling kan die K.W.V. maklik doen deur die totale oes, by die surplusvasstelling, te beraam asof die vervangde wingerd bestaan het en opgelewer het d.w.s. in plaas van die surplus te neem en in kelders te stoor, word dit vernietig voor produksie. Die K.W.V. het die surplus reeds een keer vernietig en kan dus dieselfde beleid met gemak volg. Ongeveer 28% van die 1921-22-23 oeste is vernietig na produksie.

Teen die finansiering van die onderneming kan daar dus nie beswaar ingebring word nie en oor die belangrikheid van kwaliteitsbevordering, die doel van die skema, kan daar ook nie verskil van mening bestaan nie.

Die volgende besware kan wel teen hierdie skema ingebring word:-

1. 'n Tydelike tekort (vir 3-4 jaar) kan gevrees word want as sommige boere draende wingerde vervang, sal daar 'n vermindering in produksie plaasvind voordat die nuwe aanplantings in drag kom. Daar mag juis in hierdie tye 'n groot aanvraag wees na brandewyn en daardie soorte wat vervang word, sal nodig word -- alles moet nou gedoen word om wyne wat enigsins gebruik kan word vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huidigetipe brandewyn, in hande te kry. Dit is waar, maar daar is sommige soorte waarvan tog nie vandag brandewyn gestook word nie, soos muskadel en hanepoot. As so 'n skema in beginsel goedgekeur word, kan hierdie boere al begin vervang terwyl ander kan uitbrei. Na 3-4 jaar, wanneer die nuwe aanplantings dus in drag kom, kan die skema verder deurgevoer word. Op hierdie manier kan voorkom word dat 'n tydelike tekort ontstaan. Buitendien sal na alle waarskynlikheid die aanvraag na brandewyn binne enkele jare na die oorlog, afneem, en dan kan op groot skaal vervang word.

2. 'n Surplus in spiritus-stookwyn kan na 'n aantal jare gevrees word want as die nuwe aanplantings in drag kom, sal die ou soorte wat bv. vir brandewyn en goeiewyn gebruik is, vrygestel word en na die spiritus stookketel gaan. Hierdie beswaar is nie so ernstig as die saak reg beskou word nie -- die K.W.V. is nie teen 'n surplus nie maar waak teen 'n onbetalende prys aan die produsent as gevolg van 'n surplus, want hoe groter die surplus is, hoe laer is die prys omdat, volgens die huidige beleid die verkoopvare deel die surplus ook moet betaal. In hierdie geval sal 'n onbetalende prys nie spruit uit 'n groter surplus nie want die prys, waarteen die boer kan produseer is soveel laer as gevolg van die feit dat die grensboere, wat spiritus-stookwyn betref, uitgesny is -- hieroor sal later in die hoofstuk meer duidelikheid kom. Daarby moet onthou word dat die surplus waarskynlik nie so groot is as wat vermoed word nie want daar is net aanplanting nie, maar baie boere moet uitkap ook nl. daardie boere wat nie verder kan aanplant sonder uitkap nie. Verder moet onthou word dat nie onbeperk in die gewensde rigtings uitgebrei kan word nie, maar slegs tot so 'n mate as wat die afset toelaat.

3. Miskien kan produsente wat hulle sonder vergoeding alreeds op kwaliteit toegelê het, dit as onbillik teenoor hulle beskou. As hulle egter die skema sien as in die bedryf se belang, dan kan hulle nie help om te besef dat dit ook uiteindelik in hulle eie belang is nie.

Hierdie skema bied die volgende voordele, wat die toepassing daarvan ernstige oorweging laat afdwing:-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. Die beskikbaarstelling van die gewensde kwaliteitsoorte sal baie snel plaasvind en die aanplanting van ongewensde soorte sal buite die kwessie wees. As 'n prysbeleid toegepas word, sal daar nog altyd ruimte wees vir boere wat hulle nie daaraan steur nie maar deur die eienskap van behoudendheid voortgedryf word op die ou weë -- al is dit dan nie voortdurend nie maar tog vir 'n aansienlike periode. Buitendien sal 'n prysbeleid duurder wees omdat die hoë prys dan as stimulus moet dien om gewensde soorte te plant; in hierdie geval is dit nie nodig nie want beheer verrig op doeltreffende manier wat die prysbeleid op 'n minder geslaagde manier sal verkry en daar kan ook volgens produksiekoste beloon word. 'n Prysbeleid kan tydelik toegepas word deur die boere aan te moedig om die beste te maak van die soorte wat nie juis besonder gewens is nie tot tyd en wyl die kwaliteitsoorte genoegsaam aanwesig is. Dit sal nie die aanplanting van die regte soorte strem nie want die boer weet dat as die dag aanbreek dat daar genoeg van die kwaliteitsoorte is, die prys van die ou soorte aansienlik sal daal.

B. Na 'n betreklike kort periode sal die produksie van bepaalde tipes op die gunstigste plek vir daardie tipe aangetref word; gunstig t.o.v. grond, klimaat, ekonomiese ligging, produksiekoste en kwaliteit. Dit bring die volgende mee:

(a) Die wynboubedryf sal sy dinamiese geaardheid terugwin, wat so noodsaaklik is vir enige landboubedryf. Onthou sal word dat een van die grootste besware wat teen produksiebeperking ingebring is, juis die ontneming hiervan is deur die verklaring van 'n geslote beskutting. Daar sal inderdaad in 'n paar jaar se tyd meer ontwikkeling in die regte rigting plaasvind as wat andersins die geval sou gewees het in 'n paar dekades waarin die bedryf slegs deur die krag van sy eie gewone voortbewegende geaardheid stadig voortgedryf sou geword het. Die belangrikheid hiervan kan nie onderskat word nie want as hierdie eienskap van die landbou ontneem word, dan sal dit geleidelik stagnant en ontbloot raak van alle lewenskragtigheid -- op die oomblik word die nadele dus nie gevoel nie maar wel op die lang duur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Meer eenvormigheid in die produksiekoste van dieselfde kwaliteit produk sal ontstaan en vel deurdat die boere met die hoër produksiekoste hulle in ander meer winsgewende rigtings van die wynbou sal toelê. Daar is gesê dat aanplanting onder absolute beheer geplaas moet word en dat aanplanting van 'n bepaalde soort (of dit nou as gevolg van uitbreiding of vervanging is) slegs toegelaat sal word op plase wat deskundiges goedkeur. Die deskundiges sal natuurlik in hulle beslissings in aanmerking neem die soorte waarvan daar 'n behoefte bestaan, die kwaliteit wat die soorte daar sal lewer en die produksiekoste waar daar tussen plase wat andersins gelyk is, te kies is. Gelukkig is dit in die wynbou die geval dat die hoogste kwaliteit gewoonlik op die skraler gronde produseer word en waar produksiekoste per eenheid die hoogste is. Kwaliteitsoorte kan dus op sulke gronde geplant word omdat die prys wat die produk afdwing, die hoër produksiekoste regverdig. Kwantiteitsoorte wat aangewend kan word vir die stook van spiritus, kan weer op die vrugbaarder gronde geplant word en die lae produksiekoste en die lae prys wat die produk afdwing, sal dan mooi saamgaan. Laasgenoemde feit is van besondere belang soos vroeër in die hoofstuk aangehaal, waar die moontlike nadele wat die groter surplus in spiritus-stookwyn kan meebring, bespreek is.

Die produksiekoste van tafelwyne sal oor die algemeen hoër wees maar terselfdertyd die kwaliteit ook; spiritus-stookwyn se produksiekoste is laer terwyl die kwaliteit maar min of meer dieselfde sal bly. Brandewyn-stookwyn se produksiekoste sal miskien effens verhoog word omdat die opbrings van die egte brandewynsoorte goed vergelyk met die opbrings van die soorte wat nou aangewend word vir brandewyn en omdat waarskynlik meer duskant die berg produseer sal word want dit skyn asof die beste brandewyne daar produseer word en dit 'n bekende feit is dat, oor die algemeen gesproke, die produksiekoste duskant die berg hoër is as agter die berg -- die produksiekoste sal miskien effens verhoog word maar die kwaliteit sal baie verbeter word

Groter eenvormigheid in produksiekoste vir bepaalde tipes van bepaalde kwaliteit is van besondere belang om nog 'n ander rede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en dit is dat dit die taak van die prysvassteller aansienlik verlig en die prys van produsente meer met diesêlfde mate van billikheid tref. Die groot probleem waarmee die prysvassteller vandag te doen het, is dat produksiekoste van streek tot streek verskil en wat dus 'n winsgewende prys is vir die een met die lae produksiekoste, mag miskien 'n baie minder lonende prys wees vir sy medeboer met 'n hoê produksiekoste. Die groot doel van die prysvasstelling is om die prys op so 'n hoogte te hou dat dit feitlik al die boere aan die gang hou afgesien van produksiekoste, natuurlik binne sekere perke. Groter uniformiteit in produksiekoste, is dus van groot waarde in hierdie verband.

3. **Uitbreiding kan plaasvind.** Dit sal duidelik wees dat die toepassing van hierdie skema eerstens 'n groter totale produksie sal bewerkstellig en tweedens, as gevolg van die omslaan na kwaliteit, 'n groter oppervlakte onder wingerd sal meebring. Verder sal kwaliteit beskikbaar wees wat veroudering sal regverdig en dus vir die eerste paar dekades 'n baie groter produksie as wat die afset sal wees gedurende daardie periode, noodsaak. So 'n skema sal dus verwelkom word deur die boeregemeenskap en wat meer is, die potensiële wynbougronde sal tot 'n groter mate vir produksie aangewend kan word -- m.a.w. die grense van die geslote reserwe (waarteen hewig te velde getrek word) sal aansienlik verskuiwe om tot 'n groter mate die potensiële gebied in te sluit.

Dit is dan kortliks die vernaamste voordele wat beheerde aanplanting, waaronder bedoel word aanplanting op die geskikte plek en in die rigtings wat die afset toelaat, meebring en die belangrikheid daarvan duidelik illustreer.

Die optrek van 'n volledige program van optrede, verg intensiewe studie. Dit mag selfs blyk dat aanplanting (nie vervanging nie) onwenslik geag word onder die afsetmoontlikhede. Dan kan meer klem gelê word op die aanmoedinging van vervanging. Tabel 18 en grafiek 4 sal meer lig op die saak werp. Die afset van die wynoeste tussen 1924 en 1940 word in Tabel 18 behandel. Daaruit is grafiek 4 saamgestel. A toon die neiging, plus 'n verlenging

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarvan, aan wat daar in die afset tussen 1934 en 1940 bestaan het. Die gegewens voor 1934 is nie in aanmerking geneem nie weens die depressiejare wat die normale gang van sake verstoor het. Verdere afsetgegewens na 1940, word ook uitgeskakel weens die abnormale oorlogstoestande. A veronderstel dat geen afwykings deur die oorlog teweeg gebring sal word nie, terwyl B veronderstel dat S.A. 'n deel van die uitvoerhandel deur die oorlog veroorsaak, na die oorlog sal behou ('n hoeveelheid van ongeveer 50,000 lêers). Wat die werklike toedrag van sake sal wees is moeilik om vooruit te skat. Miskien sal daar 'n tydelike opflikkering wees, gevolg deur die terugslag. Buitendien het die voorkeur met betrekking tot invoertariewe, wat Rykswyne in Groot Brittanje geniet het, aansienlik gedaal in die laaste paar jaar -- 'n faktor om mee rekening te hou in die toekoms.

Neem argumentshalwe aan dat die afset volgens B plaasvind. Neem verder aan dat die totale produksie onder die beperkingstoestande op 550,000 lêers gestabiliseer raak (die produksie in 1942 was 435,000 lêers, daarby moet nog getel word die oeste van wingerde wat op kolossale skaal in 1939 en 1940, net voordat produksiebeheer in werking getree het, aangeplant is en in 1942 nog nie in drag was nie, getel word asook die vermeerdering in produksie wat die kwotatoekennings sal meebring want die kwotas sal op die hoogste produksie van die afgelope jare geskied.) Volgens B sal die afset eers in 1959 die produksie ewenaar terwyl daar intussen met geweldige surplusse geworstel sal moet word. Al word daar nou nie aanplanting toegelaat nie, kan vervanging tog plaasvind volgens die metode reeds bespreek. Afgesien van die feit dat dit kwaliteitsverbetering sal meebring, verskaf dit aan die industrie 'n artikel wat, as daarvan 'n surplus aanwesig is, vir veroudering aangewend kon word met groot voordeel -- spiritus ondergaan weinig of geen verbetering met veroudering nie terwyl brandewyn en die wyne afkomstig van goeiewynsoort steeds verbeter namate die jare verbygaan. Wat brandewynproduksie betref, verdien die vermeerdering daarin veral besondere aandag met die oog op die feit dat die oorlog afset bewerkstellig het in vestings waar die Franse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL ~~14~~. (44)

AFSET VAN DIE WYNOESTE TUSSEN 1924 EN 1940 GEPRODUSEER.

(uitgedruk in lêers teen 20°P.S.)

Jaar	Rosyne en Sultanas gedroog	Spiritus en Brandewyn as alkohol in Unie verbruik	Alkohol gebruik vir die versterking van wyn	Moskonfyt gekook	Kunsasyneie gebuikens.	Goeiewyn gekoop	Spiritus en Brandewyn uitgevoer	Totale afset
1924	20,348	35,883	21,090	492	6,000	39,831	2,199	125,000
1925	22,432	36,574	20,127	1,190	6,000	38,263	1,520	126,000
1926	19,712	38,135	23,507	1,221	6,000	38,920	1,433	138,000
1927	19,428	37,490	27,610	649	6,000	38,734	1,420	131,000
1928	16,060	37,622	31,459	4,137	6,000	43,225	1,434	140,000
1929	14,372	35,087	33,451	4,952	6,000	35,689	1,544	131,000
1930	14,248	33,144	38,080	3,514	6,000	44,913	1,123	141,000
1931	17,420	30,359	43,758	5,414	6,000	47,496	1,427	152,000
1932	22,320	27,123	42,382	5,855	6,000	46,420	1,276	151,000
1933	27,520	28,856	46,470	6,648	6,000	56,171	1,718	173,000
1934	25,216	34,001	65,408	9,286	6,000	65,950	2,169	211,000
1935	27,344	37,370	58,132	15,716	6,000	69,835	2,142	216,000
1936	30,412	41,655	60,308	26,547	6,000	59,261	3,034	227,000
1937	29,972	45,426	53,952	24,809	6,000	63,515	3,823	227,000
1938	40,364	46,942	64,234	21,373	6,000	74,850	4,064	258,000
1939	41,020	48,755	68,543	26,494	6,000	76,801	4,472	270.000
1940	44,368	54,111	77,759	28,301	6,000	79,954	10,371	281,000

(44) Saamgestel uit tabelle 5,6,7, ~~12~~ en ~~14~~. 11.



GRAFIEK 4. DIE NEIGING IN DIE AFSET VAN DRUIWEPRODUKTE IN 1940 AANWESIG. EN DIE VERLENGING DAARVAN (AFGELEI VAN TABEL 14)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

brandewyn tot-dusver die alleenreg gehad het, en dat in Frankryk brandewynproduksie uitgesluit word in die produksiebeheerskema. Beheerde aanplanting sluit o.a. die moontlikheid van beperking ook in want dit is byna vanselfsprekend dat die dag sal aanbreek dat die produksie van selfs die gewensde soorte sulke afmetings sal aanneem dat verdere uitbreiding tydelik verbied sal moet word. Dan moet daar net soos die geval is onder die bestaande produksiebeheerskema, voorwaardes gestel word waaronder uitbreiding kan plaasvind. Dit is nodig om weer daarop te wys dat uitbreiding behoort af te hang van die toestande wat moontlik in die toekoms kan heers en nie op heersende omstandighede nie. By uitbreiding moet voorkeur gegee word aan plase waar goeie kwaliteit gelewer kan word teen lae produksiekoste -- uitbreiding moet op ekonomiese en nie sentimentele gronde berus nie.

Van vermindering van kwotas mag daar geen sprake wees nie om reeds genoemde redes. Hierdie bepaling is in die tans geldende skema ingevoer om moeilike tye die hoof te bied. Dat daar 'n moontlikheid bestaan dat onvoorsiene periodes van ekonomiese druk kan ontstaan, kan niemand wegredeneer nie en gevolglik moet daarvoor voorsiening gemaak word, nie deur vermindering van kwotas nie maar deur 'n reserwefonds op te bou waarop in swak jare teruggeval kan word -- hieroor in die volgende hoofstuk meer.

In verband met paragraaf 6 van die skema, wat in die vorige hoofstuk bespreek is, word voorgestel dat die K.W.V., die Droëvrugteraad en Sagte-Vrugteraad tot 'n ooreenkoms geraak dat net 'n sekere hoeveelheid van die huidige produksie van die hie-alkoholiese produkte in die stookwynpoel deponeer kan word. Dan sluit dit die moontlikheid uit dat die wynbedryf op die lang duur met 'n minderwaardige produk opgesaal word wat byna ekwiwalent is aan die produksie van die bestaande wingerde in drag sowel as die potensiële produksie van die wingerde nog nie in drag of volle drag in 1940, nie. Boere wat tafeldruiwe, rosyntjies, sultanas en korente produseer, sal dan geregtig wees om slegs daardie deel van hulle oes in stookwyn om te sit as wat die kwota (volgens onderlinge ooreenkoms) toelaat en met die res van die produkte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal die betrokke Rade 'n uitweg moet vind. As die sitrusboere en sagtevrugteboere nie hulle las, wat uitermatig swaar druk weens die aard van die produk, op die skouers van ander boere kan pak nie, dan kan dieselfde geld vir reeds genoemde boere. Die K.W.V. het al genoeg worsteljare agter die rug om nou nog ander se laste ook te help dra. Die K.W.V. behoort die waarborg wat in paragraaf 6 genoem word, terug te trek, want as 'n bepaalde boer se totale tonnemaatproduksie nie sy maksimum kwota oorskry nie, terwyl baie ander s'n dit doen, dat beteken dit dat die prys miskien uiters laag is vir daardie produk en dan moet die K.W.V. sy waarborg gestand doen. Op die oomblik, terwyl hierdie produkte uitgesluit is van die buitelandse mark, is die gevaar nie baie dreigend nie maar as toestande weer normaal word, sal daarmee rekening gehou moet word. Daarom is dit wenslik dat vroegtydig verandering aangebring word -- al is die gevaar op die oomblik nie so groot nie, kan dit groot word en wat meer is, die beginsel in so 'n waarborg, is verkeerd.

In sy artikel getiteld:"Quo Vadis?", wat onlangs in die kolomme van die Suid-Afrikaanse Wynboer verskyn het, behandel die Assistent-Bestuurder van die K.W.V. ook hierdie onderwerp. Sy aanbeveling kom daarop neer dat die kwota wat die K.W.V. aan tafeldruif-, rosyntjie- en sultanaboere toeken, hulle hele oes moet insluit en dat die K.W.V. in die vorm van stookwyn slegs daardie deel van die oes moet inneem wat nie in die vorm van tafeldruiwe, rosyne en sultanas teen 'n redelike prys bemark kan word nie. Hierdie skema bied die voordeel dat namate die afset van die betrokke produkte toeneem, die stookwynbydrae ook sal verminder. Maar daar is ook 'n alles oorheersende nadeel aan hierdie skema verbonde. Dit plaas die verantwoordelikheid vir die tafeldruif-, die rosyntjie- en die sultanaboer op die skouers van die K.W.V. In moeilike tye kan die Sagtevrugteraad en die Droëvrugteraad eenvoudig hulle moeilikhede op die K.W.V. afskuif. Om hierdie rede kan hierdie skema nie aanvaar word nie.

In hierdie hoofstuk is dan in breë trekke 'n paar algemene beginsels waaraan produksiebeheer behoort te voldoen, uiteengesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 13.

PRODUKSIEBEHEER ONDER DIE FRANSE WET VAN JULIE 1931.(45)

Dit is nie bekend of die Franse Wet van 4 Julie 1931 in verband met die Wynbou en die Wynhandel, vandag nog in die onveranderde vorm van toepassing is nie. Dit is ook nie eintlik ter sake nie want wat van belang is, is die onderliggende beginsels van die Wet.

Vanaf 1 Augustus 1931, is 'n progressiewe belasting gehef op alle plase ("exploitations") wat meer as 'n gemiddelde wynoes van een honderd hektoliters per hektaar (14.49 lêers per morg) produseer. Die belasting begin met 4/7½ per lêer vir 'n produksie tussen 14.5 en 18 lêers per morg en styg geleidelik tot £4 13 0 per lêer vir 'n produksie van oor die 36 lêers per morg. Behalwe hierdie belasting moet 4/7½ belasting per lêer betaal word op oeste wat 346.5 lêers oorskry en 'n gemiddelde produksie van tussen 11.75 - 14.5 lêers per morg het, terwyl dieselfde belasting betaalbaar is op oeste van oor die 8,665 lêers teen 'n gemiddelde produksie van 7.2 - 11.5 lêers per morg. Plase waarvan die oes nie 69 lêers en die gemiddelde produksie nie 21.7 lêers per morg oorskry nie, sal vrygestel wees van die belasting.

Wyne wat deur die "blokkade" maatreël -- sien verdere verduideliking -- getref word en wyn bedoel vir die vervaardiging van brandewyn, is uitgesluit van bogenoemde belasting. Die belasting wat betaal is op daardie deel van die oes wat die produsent self uitgevoer het, sal vergoed word mits bewys aan die Administrasie gelewer kan word.

Besproeiïng van wingerde word vanaf 15 Julie van elke jaar tot na die pars, verbied. Die Minister van Landbou kan egter, nadat hy die mening van die Inter-Ministriële Kommissie van Wynbou ingewin het, en nadat hy die plaaslike en gereëlde praktyke in aanmerking geneem het, by wyse van uitsondering 'n spesiale regulasie maak waarin bepaal word wat die laaste datum is waarop besproeiïng in 'n bepaalde distrik toegepas kan word. Wyn afkomstig van sulke wingerde moet in die handel beskrywe word as "wyn afkomstig van besproeide wingerde".

(45) Die Suid-Afrikaanse Wynboer, Februarie, 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir 'n termyn van 'n dekade, vanaf die dag dat hierdie Wet promulgeer is, word elke persoon of maatskappy wat boer vir eie rekening of om 'n deel, op een of meer plase waarop 12 morge wingerd is of 86.6 lêers of meer produseer word, verbied om verdere addisionele oppervlakte onder bewerking te bring, behalwe vir wingerd waarvan die opbrengs bedoel is vir eie gebruik.

Nieteenstaande dit, kan deelbewerkers ook grond, op hulle eie rekening gekoop, beplant met wingerd tot 12 morge behalwe nog die wingerde wat om 'n deel bewerk word en onder die toekenning aan die eienaar val. Alle persone en maatskappye wat nie die grense van 12 morge per persoon oorskry het nie en van wie die oes vir eie rekening tot 86.6 lêers te bowe gaan, sal vir hierdie addisionele hoeveelheid belas word met £2 6 6 per lêer. Hierdie belasting sal by die ander belastings reeds bespreek, getel word en betaalbaar wees onder dieselfde voorwaardes.

Van alle nuwe aanplantings moet kennis gegee word gedurende die maand wat volg op diè waarin die aanplanting voltooi is. Die volgende sal nie beskou word as nuwe aanplantings nie:

1. (a) Die vervanging van 'n bestaande wingerd op dieselfde eiendom, deur een van dieselfde grootte.

(b) Aanplantings wat dieselfde oppervlakte sal dek as die wingerde wat in die afgelope tien jaar uitgehaal is.

(c) Vervanging van 'n gelyke oppervlakte wingerd as wat gedurende die volgende drie jaar uitgehaal sal word.

2. Aanplantings waarvan die eienaar, as die stokke in drag kom, sal neerlê as bedoel vir vervaardiging van brandewyn of tafeldruiwe.

3. Herplantings, gedurende 'n periode van 10 jaar na die inwerkingtreding van die Wet, van wingerde wat verniel of beskadig is deur oorlogsdade of natuurgrille. Gedurende dieselfde periode sal nie toegelaat word dat wingerde aangeplant word deur, of besittersreg oorgeplaas word aan, maatskappye nie.

Eienaars van moederplantasies sal vergoed word vir die verliese wat hulle ly as gevolg van die beperking op aanplanting. 'n Deel van die belasting sal hiervoor aangewend word.

As die oesskattings aandui dat, relatief tot die verbruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedurende die drie voorafgaande jare, 'n gevaarlike oorproduksie vir die binnelandse mark gevrees kan word, mag die Regering, op aanbeveling van die Ministers van Landbou en Finansies en nadat die mening van die Inter-Ministriële Kommissie ingewin is, alle nodige regulasies neerlê betreffende die persentasie van die oes wat van die plaas verwyder mag word indien die oes 96.6 lêers oorskry.

Die hoeveelheid mos wat op hierdie manier uitgesluit word ("bloquee") kan slegs vir die vervaardiging van druiwesap, distillasie, asyn of vir uitvoer buite Frankryk en Algiers, aangewend word. Van die "blocage" sal uitgesluit word:

1. Kwekers van wie die oes minder as 40% as die gemiddelde van die drie voorafgaande jare is, mits die opbrengs nie meer is as 14.5 lêers per morg nie.

2. Kwekers wie se wyn die voorregte van 'n "appellation d' origine" (toekenning van oorsprong) geniet.

3. Kwekers van wie, gedurende die voorafgaande jaar, tenminste die helfte van die oes vernietig is deur hael, ryp of 'n sikloon.

'n Ordonansie wat 'n gedeeltelike of totale "deblocage" (vrystelling van die uitgesluite wyn) beveel, sal uitgevaardig word as 'n gemiddelde prys behaal word wat hoër is as die van die vyf voorafgaande seisoene.

In geval die oesverklarings in Frankryk self en in Algiers 'n nasionale oes van meer as 11,265,165 lêers toon, sal elke wynprodusent wat meer as gemiddeld 86.6 lêers wyn produseer en teen 'n opbrengs van meer as 11.6 lêers per morg verplig word om 'n distilleringsbewys te toon wat ooreenstem met die bepaalde persentasie van sy oes.

Uitgesluit van die verpligting om te verstook, is die wynbousteke wat die reg het van 'n "appellation d' origine". Die alkohol wat op hierdie manier vervaardig word, sal deur die Alkoholadministrasie aangekoop word teen 'n prys wat ooreenkom met die prys waarteen alkohol aangekoop word as brandstof.

Verder maak die Wet voorsiening vir strafbepalings om die nakoming van die Wet te waarborg. Hierdie Wet is van toepassing op die hele Frankryk asook Algiers.

Die opvallende verskil tussen produksiebeheer soos in Frankryk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegepas en diè in Suid-Afrika in swang, noodsaak nadere ontleding. Alhoewel dit onprakties sou wees om die Franse Wet na S.A. oor te dra, kan baie van die grondliggende beginsels tog aanvaar word. Die uitstaande punte in hierdie beheerwet is die volgende:

1. Kwaliteit word aangemoedig deur 'n belasting wat styg namate die opbrengs per oppervlakte-eenheid toeneem, deur onoordeelkundige besproeiing te verbied en streeksverskille t.o.v. kwaliteit, te maak.
2. Buitensporige groot ondernemings word belas terwyl die wet voorkeur gee aan klein produsente.
3. Uitvoer word aangemoedig.
4. Die produksie van brandewyn word nie gestrem nie deurdat belasting volgens opbrengs per oppervlakte-eenheid nie daarop betaalbaar is nie en aanplanting van brandewynsoorte nie verbied is nie.
5. Die produksie van tafeldruiwe word nie teëgewerk nie.
6. Produksiebeheer geskied deur aanplanting te beperk.
7. Vervanging van wingerde kan plaasvind solank as wat net nie meer grond onder bewerking gebring word nie.
8. Die Franse is nie spiritusproduseerders nie want slegs in moeilike tye word van die surplus spiritus gestook.

In S.A. kan ons die volgende van die Franse Wet leer:

(a) Produksiebeheer moet kwaliteitsverbetering inhou. In S.A. is dit nog van groter belang omdat kwaliteit totdusver skreiend oor die hoof gesien is.

(b) Dat meer aandag aan brandewynproduksie gegee moet word omdat die Franse nog nie die mark ten volle ontgin het nie.

(c) Spiritusproduksie moet aan bande gelê word en meer op goeiewyn en brandewynproduksie toegelê word. Daar moet slegs soveel spiritus produseer word as wat vir laasgenoemde twee doeleindes benodig word.

Aan die ander kant kan die Franse weer van S.A. leer dat die beste manier om produksie te beperk deur middel van 'n produksiekwota is. Oppervlaktebeheer strem kwaliteitsbevordering omdat daar die neiging sal bestaan om die produksie per oppervlakte-eenheid te vermeerder, waardeur die kwaliteit weer skade ly. Hierdie neiging word gelukkig tot 'n mate deur die Franse Wet teëgewerk as gevolg van die progressiewe belasting op produksie per oppervlakte-eenheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die grootste les wat ons deur die beheerwet van die Franse kan leer is ongetwyfeld om meer aandag aan kwaliteit te gee en produksiebeheer toe te pas slegs op die soorte waarvan daar 'n surplus is. Dit is uiters belangrik dat hierdie beginsels ook beliggaam word in produksiebeheer in die wynbou van Suid-Afrika en gevolglik word 'n hersiening van die bestaande produksiebeheerskema vereis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 14.

BEGINSELS WAARAAN DIE PRYSBELEID VAN DIE K.W.V. HOORT TE VOLDOEN.

Onder die prysbeleid van die K.W.V. word bedoel die beheer oor stookwyn, soos uitgeoefen onder die Beheerwet van 1924 (bespreek in hoofstuk 7) sowel as die bykomstige beheer oor goeiewyn deur die Beheerwet van 1940 aan die bedryf verleen.

Hierdie beleid van die K.W.V. mag gangbaar gewees het in 1924 maar vandag is 'n beleid nodig wat beter aanpas by die veranderde omstandighede. In 1924 was die "surplus" dooie verlies (vgl. die vernietiging van die surplus in 1921, 1922 en 1923) maar sederdien het die K.W.V. se uitvoer toegeneem en 'n groot deel van die "surplus" word jaarliks verkoop. 'n Beter beleid sou wees om die surplus te beskou as daardie deel van die stookwynoes wat in 'n bepaalde jaar in S.A. of buite S.A. nie verkoop kan word nie. Dit is beter om konserwatiewe skattings te maak en dan as die surplus oorskat was, die boere te vergoed deur middel van 'n bonus. Administrasie- en uitbreidingsfondse behoort uit 'n heffing verkry te word. Dit blyk uit die redes vir die verhoging van die prys wat handelaars vir stookwyn moet betaal in die afgelope paar seisoene, dat die K.W.V. poog om die prys wat die produsent ontvang tenminste produksiekoste te laat dek. In hierdie verband kan net maar weer herhaal word dat produksiekoste-studies nog nie aangeraak is nie. Verder word daar ook nie gesorg dat produksiekoste net mooi deur die prys gedek word nie want 'n prys heelwat bokant produksiekoste word aangewend vir nog 'n ander doel ook nl. om produksie in bepaalde rigtings te stuur -- dit is dus onmoontlik dat die prys en produksie kan ooreenkom. Om produksie in bepaalde rigtings te stimuleer deur die toepassing van 'n prysbeleid beteken 'n prys wat heelwat hoër is as produksiekoste. Wat kwaliteitsbevordering betref, was die K.W.V. se beleid totdusver 'n mislukking -- produksie is in werklikheid in die teenoorgestelde rigting as kwaliteit bewerkstellig. Maar teoreties, en ook prakties. is dit moontlik om die gewensde kwaliteitsoorte aangeplant te kry, deur 'n gunstige prys. Nietemin is so 'n prosedure of te keur. In die bespreking van prysbeheer is daarop gewys dat produksiekoste die enigste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

basis is waarop prysvasstelling regverdigbaar is en dat die aanbod so gereël moet word dat die prys waarteen die oes van die hand gesit kan word, ooreenstem met produksiekoste. Gevolglik strook die toepassing van 'n prys hoër as produksiekoste om produksie in die gewensde rigtings te stuur, nie met die beginsels van billikheid nie (hier word veral billikheid teenoor die verbruiker bedoel), verontagsaam die ekonomiese gronde waarop prysbeheer behoort te berus en is gevolglik af te keur.

Prysdiskriminasie vir die bevordering van kwaliteit is versoenbaar met ekonomiese beginsels as 'n laer prys as produksiekoste as strafmaatreël dien vir swak kwaliteit. Slegs tov. die produkte wat sosiaal noodsaaklik is behoort die produsent 'n billike prys te kry en gevolglik verdien swak kwaliteit, waar reeds te doen is met 'n surplus (wat beteken dat meer produkte produseer word as wat die samelewing noodsaaklik beskou) nie 'n billike prys nie d.w.s. 'n prys wat produksiekoste dek nie.

Hoe produksie van gewensde produkte tot stand gebring kan word, is reeds in die vorige hoofstuk bespreek. Daar is gesien dat die spiritus stookwynboer wat vrees dat weens die toename in produksie van spiritusstookwyn, die prys daarvan sal daal tot onderkant sy produksiekoste, die kans gegee word om hom toe te lê op 'n produk waarvan die prys sodanig sal wees dat dit produksiekoste dek. Produksiekoste en prys moet dus saamval en produksie in gewensde rigtings op ander maniere bewerkstellig word.

Al het die produsent nou 'n prys ontvang wat sy produksiekoste dek, dan is die huidige stelsel nog onbillik want die prys wat die handelaar vir stookwyn betaal is baie meer as die produksiekoste want as die surplus bereken word op 40%, dan betaal die handelaar vir 60 lêer die prys wat die boer vir 100 ontvang. Dat dit onbillik is, kan niemand betwyfel nie. In die vyf-entwintigste jaarverslag van die Voorsitter van die K.W.V. word o.a. die volgende aangetref: "Nieteenstaande dit het ons sedert 1924 tot op datum, al ons verpligtings nagekom. Ons het dadelik die prys vir stookwyn vir wynkopers teen £7 18 9 per lêer teen 20 persent standaardsterkte vasgestel. Wynkopers het beswaar gemaak en die saak na die Raad van Appèl, wat kragtens hierdie Wet daargestel is, verwys. Die Raad se uitspraak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was dat as die prys wat die verbruiker vir wyne, brandewyne, ens moet betaal, in aanmerking geneem word, dan is die prys nl. £7 18 9 'n redelike en billike prys wat die produsent vir sy produk kan vra. Vanaf daardie datum het ons elke jaar dieselfde prys vasgestel. Dit het die wynmark tot 'n groot mate gestabiliseer, en wynkopers het ook nie sleg gevaar nie. Vir die oomblik, as 'n gevolg van die oorlog, en die verhoogde pryse vir alles, het ons die stookwynprys verhoog ten einde die omstandighede aldus geskep, die hoof te bied".

Dit is natuurlik 'n gerieflike beleid vir die K.W.V. om te volg en gevolglik sal daar beswaarlik van afgesien word maar as van die wanpraktyk nl. die hoë prys wat die verbruiker moet betaal en in 1924 as regverdiging vir hierdie beleid gedien het, afstand gedoen word, dan sal die gronde waarom hierdie beleid as billik beskou is, verval. Dat die buitensporige pryse wat in die kleinhandel bestaan, hersien moet word, is 'n onbetwisbare feit. Die beheer van pryse moet dus verder strek as net tussen die boer en die handelaar; die volgende skakels, totdat die produk die verbruiker bereik, moet ook aandag geniet. 'n Billike verskil moet bestaan tussen die prys wat die handelaars aan die produsent betaal en die kleinhandelsprys, want die tussenpersone verrig die noodsaaklike funksie van distribusie m.a.w. tree produktief op deur aan die produk pleknut en dikwels ook tydnut te verskaf. Die onmoontlike toestande wat vandag bestaan kan nie voortduur nie -- maksimumpryse vir bepaalde kwaliteite moet in die kleinhandel bestaan. Dit sal die buitensporige pryse wat verbruikers betaal uitsny en verbruik bevorder. Voorbeelde van pryse aan produsente sowel as pryse wat verbruikers betaal, te beheer, is 'n bekende verskynsel in S.A. In hierdie verband kan koring genoem word terwyl dit Sitrusraad ook in die laaste tyd 'n poging in hierdie rigting aanwend (alhoewel sitrusvrugte 'n uiters moeilike produk is om dit mee te doen).

Die surplusstookwyne wat die K.W.V. gratis verkry, stel die Vereniging in staat om spiritus vir fortifikasie baie goedkoop te kry en kan dus gefortifiseerde wyne goedkoop op die mark in die oorsese lande plaas. Gevolglik kan wynhandelaars, wat gefortifiseerde wyne betref, nie meeding met die K.W.V. op die buitelandse mark nie. Dieselfde sou gegeld het t.o.v. binnelandse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

markte as die K.W.V. nie 'n ooreenkoms met die handelaars aangegaan het nie waarin die K.W.V. onderneem om nie met hulle in mededinging suid van die Ewenaar, te tree nie. Dikwels word gesê dat die K.W.V.se bestaan afhanklik is van die surplus wat op hierdie manier aangewend word. Hierdie bewering kan nie sonder verdere ontleding aangeneem word nie. As die K.W.V. produksiebeheer, soos in die vorige hoofstuk bespreek is, aanneem, sal die spiritusstookwyn aansienlik daal. Neem nou aan dat een lêer wyn van 23° proefsterkte na 35° proefsterkte fortifiseer moet word, dan is 23.5 proefgelling spiritus nodig. As stookwyn nou teen £3 per lêer gereken word, dan kos 150 gelling gefortifiseerde wyn ongeveer £2 15 0 meer as wanneer die stookwyn gratis verkry sou gewees het d.w.s. ongeveer ¾d per bottel meer -- so 'n geringe prys dat dit feitlik verontagsaam kan word. Wat meer is, dit sou die K.W.V. in 'n posisie plaas dat ook op die binnelandse markte meegeding kan word met die wynhandelaars want die gronde van die ooreenkoms het dan verval. Die voordele verbonde aan die toetreding van die K.W.V. tot die binnelandse mark, kan nie maklik oorskat word nie omdat die gesonde mededinging wat die K.W.V. sal meebring, baie daartoe kan bydra om die kwaliteit van die wyne wat in ons land verkoop word, te verbeter.

Die K.W.V. se bestaan hoef ook nie afhanklik te wees van die fondse wat die surplus oplewer nie omdat die nodige fondse uit genoegsame heffings verkry kan word.

Dit moet aan die aard van die produk toegeskryf word dat die K.W.V. so 'n beleid destyds kon aanvaar het (die aard van die produk het dit meegebring dat die kleinhandelsprys buite alle verhouding met produksiekoste kon wees) en was dit nie dat verpligte koöperasie gekom het nie, sou dit die ondergang van die bedryf bewerkstellig het as gevolg van die optrede van non-koöperateurs. Die K.W.V. kon ook nie destyds anders nie omdat toe die K.W.V. aan bewind gekom het, het die bedryf al met 'n aansienlike surplus gesukkel-- die moeilikheid was om die boere te vergoed en hierdie prosedure is as uitweg gevind. In plaas van dit as noodhulpmaatreël te aanvaar, is dit waarskynlik ingeroep as vir blywend.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is duidelik dat die voorgestelde beleid van produksiekoste en prys aan handelaars saam te laat val op die oomblik teen dieselfde probleem stuit as toe die K.W.V. met die heersende beleid begin het. Derhalwe word dit in belang van die bedryf geag dat die skema eers as toestande gunstig is, ingevoer word. Intussen moet toestande gunstig gemaak word. Die vraag ontstaan: hoe? In die eerste plaas is dit nodig dat die skema wat voorgestel is om produksie in die regte rigting te stuur, toegepas word. Produksie van gewensde soorte kan sover gedrywe word dat die prys waarteen die oes van diè soorte afgesit kan word, produksiekoste kan dek. Dit sal geld vir tafelwyne en brandewynstookwyn maar nie vir spiritusstookwyn nie. In verband met laasgenoemde sal die stelsel wat in swang is maar moet toegepas word maar as die surplus na verloop van jare geringer word, dan moet die prys aan die handelaar geringer gemaak word sodat die prys wat die boer ontvang en die handelaar betaal uiteindelik net produksiekoste dek. Intussen mag geen vermeerdering in die produksie van spiritusstookwyn plaasvind nie totdat die uiteindelike doel verwesenlik is nl. die prys wat die handelaar betaal en die prys wat die produsent ontvang, dieselfde is (m.a.w. totdat die surplus verdwyn het) en daardie prys gelyk sal wees aan produksiekoste.

Daar word dus voorgestel dat hierdie billikheidsbeleid geleidelik van toepassing moet kom sodat ontwrigting nie meegebring word nie. Selfs die huidige prysvasstellers kan nie teen hierdie skema beswaar maak nie mits hulle aan die wenslikheid van konsekwensie glo -- as 'n optrede in een geval regverdigbaar is, dan is dit in alle soortgelyke gevalle regverdig. In die geval van goeiewyn werk die K.W.V. nie op 'n surplusbeleid nie en probeer volgens produksiekoste beloon. As die dag dus aanbreek dat die surplus in spiritusstookwyn ook van die toneel verdwyn (en dit kan gebeur deur doeltreffende beheer) dan kan dieselfde beleid toegepas word as vandag in die goeiewyn die geval is.

Die huidige beleid het 'n byna verspotte toestand geskep -- die handelaar betaal tans vir sy stookwyn meer as vir sy goeiewyn. Die 1943 pryse is bv. as volg:- Minimum Goeiewynprys £7 2 0 + 5/- vir elke graad proefspiritus bokant 20°P.S. Goeiewyn teen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24° P.S. se prys is dus £8 2 0. Die minimum stookwynprys is £9 10 6 + 9/6 vir elke graad proefspiritus bokant 20° P.S. Stookwyn teen 24° P.S. se prys is dus £11 8 6. Hierdie ongerymdheid sal dan ook in die reine gebring word.

DAar moet erken word dat die stelsel in swang in die geval van stookwyn waar die surplus ook gedek word uit die verkoopbare deel in S.A., 'n baie veilige beleid is vir die K.W.V. Die noodsaaklikheid van 'n veilige beleid waar die belange van ongeveer 3,000 boere met hulle gesinne op die spel is, kan nie oorskat word nie. Derhalwe moet enige nuwe beleid wat die oue vervang nie alleen die beginsel van billikheid bevat nie maar moet billikheid saamvoeg met veiligheid. Gevolglik word voorgestel dat die heersende beleid vaarwel toegeroep word en fondse verkry word uit 'n heffing en 'n reserwefonds opgebou word. 'n Reserwefonds kan in die voorspoedsjare versamel word en in die depressiejare aangewend word.

Dit blyk duidelik uit die stelsel wat bepleit is dat produksie op so 'n peil gehandhaaf sal word dat die prys wat op die mark heers ooreen sal stem met produksiekoste. As daar 'n depressie intree, word aangeneem dat die verbruik sal daal mits die prys van die produk dieselfde bly want die aanbod kan nie verminder word nie -- die redes hiervoor is reeds bespreek. Om te voorkom dat die verbruik verminder moet die prys gesnoei word. Gedurende 'n depressie daal die produksiekoste van die produkte wat die boer produseer ook maar gewoonlik nie in so 'n mate as die prys van sy produkte nie. Dit bring mee dat die heersende prys vir die boer se produk gewoonlik nie produksiekoste kan dek nie. Oor die algemeen beskou, tref 'n algemene prysdaling die landbou relatief swaar. Die groot vraag wat opduik is: Waarom is 'n algemene prysdaling dan so fataal vir die boerderybedryf? By die beantwoording van hierdie vraag is dit noodsaaklik om te onthou dat ongeveer 80% van die boerdery-inkomste (in die geval van wyn miskien 99 - 100%) afkomstig is van daardie deel van die oes wat verkoop word. Die grondoorsaak is egter dat as die pryse van produkte daal, produksiekoste langsamer daal (terwyl as pryse styg,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produksiekoste stadiger styg as pryse). Produksiekoste sloer dus agter pryse aan. Produksiekoste word uitgemaak deur verskillende poste: belastings, verbandsrente, grondpryse en lone verg bv. meer landbouprodukte as pryse daal. Verder daal pryse vir nie-landbouprodukte gewoonlik relatief minder gedurende 'n depressie as landbouprodukte. Weens hierdie ongunstige prysverhouding vereis plaasbenodighede dus meer landbouprodukte in ruil; die boer verkoop sy produk dus in 'n relatiewe goddkoop mark, terwyl sy aankopings in 'n relatief duur mark geskied. (Waarom laasgenoemde die geval is kan nie hier op ingegaan word nie). Verder, omdat lone sloer, sloer kleinhandelspryse ook aangesien by distribusie van produkte loontrekkers nodig is. Die landbou moet gedurende 'n depressie dus gebuk gaan onder die sware laste van:

(a) belastingsdruk
(b) hoë vervoerkoste
(c) hoë grondpryse en verbandslasdruk
(d) hoë arbeidskoste
(e) die groot verskil tussen kleinhandelspryse en die pryse wat die boer ontvang
(f) hoë koste verbonde aan plaasbenodighede en algemene aankopings

Gevolglik moet gedurende jare van voorspoed 'n reserwefonds opgebou word om 'n prys aan die boer gedurende depressiejare te waarborg wat ooreenstem met produksiekoste. Dat dit maklik kan plaasvind behoort duidelik te wees uit die feit dat die teenoorgestelde in voorspoedsjare geld as wat die geval is in depressiejare. (Dan sloer produksiekoste nog agter pryse aan maar in hierdie geval hoë produksiekoste agter pryse wat steeds hoër word). Die rente op die reserwefonds sal na verloop van 'n aantal jare, die jaarlikse bydrae aansienlik verlig. Onthou moet word dat die groot doel van die reserwefonds is om aan die produsent altyd -- gedurende swaar jare sowel as goeie jare -- 'n bestaanbare prys te waarborg en van die verbruiker word in goeie jare geneem en in moeilike tye gegee. Dit behoort nie moeilik te wees nie, afgesien van die gronde reeds bespreek, om 'n reserwefonds op te bou want die verbruikers was vir die afgelope aantal jare bereid om 100% plus nog die buitensporige winste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die tussenhandelaars, meer te betaal as wat die boere 'n bestaanbare prys geag het. Gevolglik sal hulle nie beswaar maak daarteen as, sê, 10% meer as produksiekoste vir 'n aantal jare, die prys is waarteen hulle dieselfde produk vroeër gekoop het nie.

Uit hierdie hoofstuk sal die noodsaaklikheid van betroubare produksiekoste gegewens, weer duidelik blyk. Produksiekostestudies word dus van besondere belang geag. Totdusver is die moeilike vraag nl. watter produsent se produksiekoste as die gangbare prys aanvaar moet word (want verskillende boere se produksiekoste verskil natuurlik), sorgvuldig vermy. Dit is 'n probleem wat nie sommer maklik oor die hoof gesien kan word nie. Op hierdie staduim het die bespreking ver genoeg gevorder om 'n antwoord op hierdie vraag te gee. Onder die produksiebeheerskema wat bespreek is, is daarop gewys dat groter uniformiteit in produksiekoste van dieselfde kwaliteit produk bewerkstellig sal word en waar besluit word oor uitbreiding sal lae produksiekoste definitief voorkeur geniet mits ander faktore dieselfde is. Die prys sal dus in die geval van beheerde aanplanting sodanig moet wees dat dit net die produksiekoste insluit van die laaste of gransboer, wie se oes nog nodig is om in die vraag te voldoen. Die ander boere met nog laer produksiekoste sal dan effens begunstig word maar die praktyk noodsaak dit -- dit is nie moontlik om elke boer volgens sy eie spesifieke produksiekoste, wat van jaar tot jaar kan verskil nie, te beloon nie. Al is dit dan onmoontlik om absoluut volgens produksiekoste te beloon, dan moet daar nog gestreef word om so na as moontlik aan die ideaal te kom maar die ideaal mag nie prys gegee word nie. Dit geld in alle gevalle waar die praktyk die verwesentliking van die ideaal belemmer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 15.

SLOTBESKOUINGS.

Die K.W.V. het die wynbedryf in 'n betreklik haglike posisie aangetref en het hom ten doel gestel om 'n voortdurende lonende prys vir die produk van die wynstok daar te stel. Aanvanklik is gepoog om die bedryf te stabiliseer deur die vrywillige samewerking van die koöperateurs maar hierdie poging het 'n mislukking geblyk. In 1924 is die K.W.V. in beheer van stookwyn geplaas en het dadelik begin met kragdadige optrede om vir die surplus, wat gedurende die voorafgaande jare vernietig moes word, meer voordelige kanale te vind waarlangs die afset daarvan kon plaasvind. Twee van die rigtings waaraan aandag bestee is, is brandewyn en wyn vir veroudering terwyl die kook van moskonfyt en aanmoediging om 'n deel van die surplus in die vorm van gedroogde produkte op die mark te plaas, nie agterweë gebly het nie. Die mate van sukses waarmee die direkte en indirekte pogings van die K.W.V. bekroon is, blyk uit Tabel 18. Dit sou onbillik wees om die geweldigheid van die taak alreeds verrig, nie te roem nie. Die wynboeregemeenskap kan tereg trots wees op hulle eie organisasie wat ongunstige tye trotseer het en daarin geslaag het om sonder staatshulp, soos in feitlik alle landboubedrywe noodsaaklik geag is, ekonomies aan die gang te bly.

Hierdie prestasie van die K.W.V. moet in die eerste plek nie aan die beleid wat gevolg is, toegeskryf word nie, maar aan die produk wat dit hanteer het. Wyn en brandewyn onderskei hul van stapelvoedselsoorte soos vleis, koring ens., daarin dat die prys meer ruimte vir speling toelaat sonder dat die verbruiker in opstand kom. Daarom word aksynsbelasting bv. op die verbruik van alkoholiese dranke gelê terwyl die belastingleer belasting op verbruik, in die algemeen, as ongesond beskou. Weens die aard van die produk was die K.W.V. in staat om 'n baie voordelige prysbeleid te volg deur die verkoopbare deel van die oes vir die hele oes te laat betaal.

In werklikheid het die beleid van die K.W.V. veel te wense oorgelaat. Hierdie gerieflike uitweg het daarop neergekom dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

K.W.V. se taak aansienlik verlig is: die groot probleem was nou nie meer hoe om die hele oes teen 'n voordelige prys te bemark nie maar om die surplusverklaring so laag as moontlik te hou. Tabel 15 toon die surplusverklarings aan en daaruit blyk dit dat sedert 1924 die K.W.V. aan die gang kon bly sonder dat ooit meer as 60% van die oes bemark is.

Hierdie gemaklike weg het die nood van die bedryf nooit so hoog laat styg dat tot die ware oorsaak van die kwaad deurgedring is nie. Daar is nooit besef dat die basis van welvaart -- kwaliteit -- verwerp is nie. Net soos in 1924 toe bepaalde wyntipes en brandewyn van druiwe hoofsaaklik bedoel vir spiritusstookwyn, gemaak moes word, so is die geval vandag nog tot 'n groot mate. In sy rede het die Voorsitter van die K.W.V. op die vyf-en-twintigste jaarvergadering self erken dat "gedurende die tydperk 1918 tot 1943 het ons daarin geslaag om wat eers 'n waardelose surplus van stookwyn was, bestemd vir vernietiging, om te sit in waardevolle bates. Ons het groot uitvoermarkte vir ons Suid-Afrikaanse wyne en brandewyne ontgin". (46) In 1924 was 58% van die oes stookwyn terwyl 1940 se persentasie 67 was; hiervan was baie van die sogenaamde goeiewyn niks anders as verheerlikte stookwyn nie.

Alhoewel die K.W.V. dus daarin geslaag het om die wynboere 'n betalende prys vir hulle produk te besorg, is die oorsaak van die kwaad nie uit die weg geruim nie maar het inteendeel steeds toegeneem totdat in 1940 die toestand gedreig het om hand uit te ruk. Iets moes weer gedoen word. Beheer oor produksie en goeiewyn is aanvaar. Ongetwyfeld het dit 'n opknapping van die beleid beteken maar weer is kwaliteit, miskien die allerbelangrikste redmiddel oor die hoof gesien. Die omvang van die probleem word nog nie besef nie en daar is nog nie deurgedring tot die werklike kern daarvan nie. Voordat 'n kwaliteitsbewustheid nie posgevat het nie, kan die wynboere nie anders as met vrees en bewing die toekoms tegemoet gaan nie.

(

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die moeilikhede waarin die bedryf gewikkel was, te bekamp, is beheer al hoe meer uitgebrei maar is nog maar onvoldoende. Dit is noodsaaklik dat 'n baie meer omvankryke beheerskema in die lewe geroep word want gedeeltelike beheer verstoor die ewewig en noodsaak totale beheer. Dikwels sal gestuit word teen gebrekkige kennis en gevolglik moet pogings aangewend word om dit aan te vul.

Dit is belangrik dat die K.W.V. nie alleen 'n beleid wat gerieflik en ekonomies veilig is, volg nie, maar ook aan billikheidsbeginsels moet strenge toepassing gegee word.

Hierdie slotbeskouing sal onvolledig wees as die aandag nie nogeens gevestig word op die moontlikhede wat effektiewe beheer inhou nie. As die entoesiasme van die outoriteite net gewek kan word en hulle 'n insig kan kry in gie grootsheid van die taak wat op hul wag! Die wynboeregemeenskap doen baanbrekerswerk in Suid-Afrika -- hulle kan aan hul medeboere leer dat hul heil te vind is in doeltreffende beheer. Laat die toekoms in hierdie lig benader word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE.

Böhm-Bawerk: The Ultimate Standard of Value.

Bouche O. F.: Laissez-Faire and After.

Boyle J. E. : Marketing of Agricultural Products.

Buckman J.: Government Price-Fixing.

Converse P.D.: The Elements of Marketing.

Gide and Rist: A History of Economic Doctrines.

Hamilton W. and Associates: Price and Price Policies.

Kaulla R.: Theory of the Just Price.

Marshall: Economic Principles.

Smart W.: The Theory of Value.

Thomson F.L.: Agricultural Prices.

Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet (1934)

Verslag van die Wynkommissie (1937)

Jaarverslae van die Voorsitter van die K.W.V.

Verslag van die Breëkomitee (gekies deur lede van die K.W.V. om die surplus vraagstuk te ondersoek)

K.W.V. and its Critics, (Pamflet)

Uitgawes van "Wine and Spirit" of "Die Suid-Afrikaanse Wynboer".

Gegewens verkry van die kantoor van die K.W.V.

--oooOooo--